

Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika



Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlostes mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

Fil. 2:12b-13

Hersien deur die sinode in die jaar 2007

Soos geredigeer deur die lede van die sinodale regskommissie

Ds Johan Botes (voorsitter)

Ds Hannes Theron (aktuaris)

Ds Smuts Janse van Rensburg (skriba)

Prof Pieter Coertzen

Dr Quintus Heine

Ds Charl Stander

Mev Rita Theron

Ds Tallie van den Heever

Ds Gert van Jaarsveld

Opmerkings:

1. Die bepalinge, reglemente en besluite moet saam met en in die lig van Die Kerkorde en reglemente van die Algemene Sinode 2007 gelees word wat deur Bybel-Media uitgegee word en beskikbaar is op die web by (<http://www.ngkerk.org.za/documents/Kerkorde2007.pdf>).
2. Die sinodale regs kommissie het besluit om bepalinge, reglemente en besluite op die webblad van die sinode (www.ngkerk.org.za/wesensuidkaap) te publiseer. Dit maak die inligting meer toeganklik vir almal en inligting kan ook makliker met die soek-funksie van die sagteware gevind word.
3. Kerkrade, gemeentes en lidmate is welkom om die dokument of gedeeltes van die dokument uit te druk of op hul rekenaar vir verdere gebruik te stoor. Die dokument op die web bly die amptelike gepubliseerde dokument.
4. Geslag en meervoud: Tensy uit die samehang anders blyk, sluit woorde en uitdrukkings wat die manlike geslag aandui ook die vroulike geslag in en het die enkelvoud ook op die meervoud betrekking.
5. Wanneer die numerering van artikels van Die Kerkorde, reglemente en bepalinge verander, word enige verwysing in hierdie bundel na die vorige numerering daarvan, uitgelê as 'n verwysing na die jongste numerering.

6. Die volgende afkortings word gebruik:

ABID – Argief en Bestuursinligtingdienste van die NG Kerk

art. – artikel

bep. – bepaling

besl. – besluit

GKS – Raad vir Gemeente-ontwikkeing

KGA – kommissie vir getuienisaksie

PSD – predikant in sinodale diens

regl. - reglement

SAL – sinodale appèlliggaam

SGK – sinodale getuieniskommissie

SJK - sinodale jeugkommissie

SKA – sinodale kommissie vir die argief

SKABIB – sinodale kommissie vir argief en bestuursinligtingdienste

SKDB – sinodale kommissie vir diens van barmhartigheid

SKD – sinodale kommissie vir diensverhoudinge

SFK – sinodale fondsekommissie

SFK-D – dagbestuur van die sinodale fondsekommissie

SKG – sinodale kommissie vir gemeentebediening

SKGB - sinodale kommissie vir gerigte bediening

SKP – sinodale kommissie vir predikantsbegeleiding

SKS – sinodale kommissie vir sending

SKV – sinodale kommissie vir vrouelidmate

SKK - sinodale kommissie vir kommunikasie

SRK – sinodale regs kommissie

Verbintenis 2007

God Drie-Enig is aan die werk.
Niemand kan dit keer nie.

Selfs deur óns werk God.
Ons verwonder ons hieroor,
want ons is kleipotte wat maklik breek.
Ons weet nie alles nie.
Ons maak foute.
Ons is dikwels selfgerig en verdeeld.

Maar God lós ons nooit, en stuur ons
Om kerk-sáám-met-ander te wees
- Ons sien die eenheid tussen gelowiges groei;
Om kerk-vir-ander te wees
- ons is nie daar vir onself nie;
Om kerk-in-Afrika te wees
- ons is geseënd om hier te leef; en
Om kerk-vir-die-skepping te wees
- ons is verantwoordelik vir die omgewing.

Kom ons doen dit!

INHOUDSOPGAWE

Aanvullende Bepalinge (bl. 3-52)

Reglemente (bl. 53-107)

1. Nuwe Gemeente Ontwikkeling (NGO)
2. Aktuaris van die sinode
3. Argief- en museumreglement van die NG Kerk
4. Straatwerk
5. Diensverhoudinge (SKD)
6. Vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes
7. Goeie Hoop-behuisingsmaatskappy
8. Kerklike fondse en die praktiese hantering daarvan
9. Die beheer van kerklike goedere en regsverteenvoordinging
10. Sinodale kommissie vir Christelike Jeugbediening
11. Ontbinding van 'n gemeente sonder inlywing
12. Kombinasie van werksaamhede van gemeentes, ringe en sinodes/kommissies van sinodes uit verskillende kerkverbande (verwys Bep 31.3)
13. Getuienisaksie (KGA)
14. Sinodale Kommissie vir Kommunikasie
15. Kuratoria skakelkommissie
16. Teologiese studente, opleiding en legitimasie
17. Orde
18. Pensioenfonds – amptenare
19. Pensioenfonds - predikante en -weduwees
20. Skriba van die ring en van die ringskommissie
21. Skriba van die sinode en van die moderamen
22. Sinodale Fondsekommissie/SFK-D
23. Verlof van predikante en sinodale amptenare
24. Vrouelidmate van die NG Kerk in SA
25. Die reëling van bevoegdheid van predikante en proponente
26. Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening (SKG)

Vorms is op die webwerf (bl. 108-129)

1. Doopseël
2. Verkorte Doopseël
3. Attestaat
4. Reisattestaat/Transit Attestation
5. Bewys van Lidmaatskap
6. Verklaring vir ondertekening deur lidmate van ander kerkgenootskappe
7. Verklaring insake lidmaatskap
8. Geloofsbrief
9. Legitimasie-eed
10. Akte van Legitimasie
11. Beroepsbrief vir predikante
12. Akte van Bevestiging
13. Beroepsbrief vir dosente aan die Teologiese Kweekskool
14. Akte van Demissie
15. Akte van Demissie by Emeritaat
16. Afstigtingsvorm

Besluite en Aanbevelings (bl. 130-156)

1. Die AEB
2. Aflegging van Geloofsbelydenis deur verstandelik-gestremde kinders
3. Afrikaanse Protestantse Kerk
4. Aftree-ouderdom van predikante
5. Attestate
6. Bediening van dooplidmate in skoolkoshuise
7. Bepalings en reglemente - inwerkingtreding
8. Beroepbaarheid en die Belhar-belydenis
9. Beroep tydens dieselfde vakature
10. Beroepstelsel – Misbruik (Misbruik rondom die beroepstelsel)
11. Besluit oor sake nie in agenda
12. Besluiteregister – opneem van besluite
13. Besluit – Revisie en uitvoering
14. Brits-Israelse beweging
15. Christelike godsdiens – hier gevestig
16. Doop – Bystaan by doopbediening
17. Doop – en kinders van ouers van wie die huwelik nie kerklik ingeseën is nie
18. Doop – erkenning van die doop van Apostelgroepe
19. Doop – Herdoop
20. Doop van kinders in pleegsorg
21. Doop – weiering deur predikant
22. Egskeiding en hertrou
23. Egskeiding – Hertoelating van geskeide predikant tot die bediening
24. Ekumene
25. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en ander Christelike kerke en groepe
26. Geloftedagviering van 16 Desember
27. Huweliksbevestigings
28. Kerknaam van kerke
29. Kerklike lidmaatskap
30. Konsulent-en Beroep
31. Nagmaalbediening sonder onderskeid
32. Nagmaal, bediening van
33. Nagmaalwyn
34. Omruiling van standplase
35. Outeursreg en sangbundels
36. "Outonomie" van kerkrade en kerkverband
37. Preekbeurt Teologiese dosente
38. Riglyne vir die beslegting van kerklike geskille
39. Rassisme
40. Regspersoonlikheid van die kerk
41. Sakramente aan gevangenes
42. Salarisskaal van predikante
43. Simboliese gebare deur proponente
44. Tentmakerbediening
45. Voortgesette toerusting vir predikante
46. Vrymesselary

Woordverklarings (bl. 157-158)

**Aanvullende bepalinge, reglemente en besluite van die
Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
(Wes-en-Suid-Kaapland) (2007) by
Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (2007)**

Aanvullende bepalinge

Bepalinge by Kerkorde Artikel 1

Bepaling 1

- 1.1 Die kerkverband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaapland) word saamgestel uit al die gemeentes binne die grense van die sinodale gebied soos goedgekeur deur die sinode van 1979, asook gemeentes wat sedertdien binne hierdie grense gestig is of sal word. Hulle vorm die NG Kerkverband op grondslag van die aanvaarde belydenis, Die Kerkorde van die NG Kerk en die aanvullende bepalinge en reglemente van die NG Kerk in SA.
- 1.2 Elke gemeente bestaan uit:
- 1.2.1 die belydende lidmate wat binne die bepaalde grense, vir die gemeente deur die ring vasgestel, woonagtig is asook belydende lidmate van buite die grense van die gemeente wat volgens die kerklike prosedure deur die kerkraad as lidmate aanvaar is en wie se lidmaatskap deur die kerkraad in ooreenstemming met die kerklike bepalinge daaromtrent erken en aangeteken is (vgl. Kerkorde 2007 besluit 16);
- 1.2.2 die dooplidmate, d.w.s. die gedoopte kinders van belydende lidmate wat tot die gemeente behoort en ander dooplidmate wie se domisilie in die gemeente is; en
- 1.2.3 die nog ongedoopte kindertjies van belydende lidmate wat kragtens die verbond van God in betrekking tot die gemeente staan.
- 1.3 Al hierdie persone bly lidmate van die gemeente waar hulle tuis hoort totdat hulle:
- 1.3.1 vrywillig van die gemeente afskei deur skriftelik hulle verband met die gemeente verbreek of die verbreking voor 'n kommissie van die kerkraad bevestig. Die kerkraad verklaar vervolgens hulle lidmaatskap as verval, teken dit in die registers aan en maak dit aan die gemeente bekend (vgl. bep. 26.5.3);
- 1.3.2 van die gemeente afgesny is (vgl. art. 64.3.3).
- 1.3.3 Indien iemand nie formeel van die gemeente afskei nie, maar tog skuldig is aan godsdienstige bedrywighede wat volgens die oordeel van die kerkraad 'n verbreking van die lidmaatsbelofte is, word volgens die voorskrifte van die kerklike tug gehandel.
- 1.3.4 volgens die kerklike reëlings lidmaatskap van 'n ander gemeente aanvaar (vgl. Kerkorde 2007, besluit 16 en bep. 26.3.6).
- 1.3.5 Sodra persone vertrek uit die gemeente waarvan hulle lidmate is, verval hulle lidmaatskap in daardie gemeente en word hulle lidmate van die gemeente waar hulle woon, tensy anders gereël (vgl. ook bep. 26.4.2, 26.4.7 en Kerkorde 2007, besluit 16).
- 1.4 Lidmate wat skoolgaan, studeer, of die een of ander vorm van opleiding ondergaan, behoort tot die plaaslike gemeente waar hulle woon of loseer terwyl hulle opleiding

ondergaan, skoolgaan of studeer (vgl. bep. 26.3.6. Vir die reëling wat betref dooplidmate in skoolkoshuise, vgl. besluit 6.)

- 1.4.1.1 In buitengewone omstandighede kan die sinode of moderamen goedkeur dat sekere gemeentes sonder geografiese grense bestaan.

Bepalings by Kerkorde Artikel 2 - Geen

Bepalings by Kerkorde Artikel 3 - Geen

Bepalings by Kerkorde Artikel 4 - Geen

Bepaling 4 (vgl. Kerkorde 2007 art. 27 en bep. 27)

- 4.1 Bedienaars van die Woord word beroep as predikante na gemeentes, óf beroep óf benoem in spesiale ampsdiens, óf in diens van die kerkverband óf as teologiese dosente met predikantsbevoegdheid.
- 4.2 Die wyse van beroeping van **predikante** word in die Kerkorde 2007 (artikels en bepalinge 7 en 8) en die reglement van orde (regl 17:7) bepaal. Die verkiesing van alle ouderlinge en diakens word in die Kerkorde (art 26) en die reglement van orde (regl 17:7.3) bepaal.
- 4.3 Tot ouderlinge en diakens word gekies die godsdienstigste en kundigste lede van die gemeente, wat geen teëstrewers van die kerklike leer en verordeninge is nie (vgl. besluit 46, Vrymesselary).
- 4.4 Belydende lidmate kan nie as ouderlinge of diakens bevestig word voordat hulle bewys van lidmaatskap ingelewer en op die register ingeskrywe is nie.
- 4.5 By die kiesing van ouderlinge en diakens word lidmate wat nog nie as sodanig gedien het nie, in oorweging geneem.
- 4.6 Ouderlinge en diakens word gekies op 'n kerkraadsvergadering deur die kerkraad belê.
- 4.7 Dienende en nuutverkose ouderlinge en diakens behoort alleen te bedank weens grondige redes wat deur die kerkraad beoordeel word.
- 4.8 Aan die verkosenes word sonder tydsversuim van hulle verkiesing kennis gegee.
- 4.9 Verkosenes se name word op die twee agtereenvolgende Sondae na die verkiesing aan die gemeente vir approbasie bekend gemaak.
- 4.10 Indien 'n beswaar teen enige verkosenes ontvang word, belê die voorsitter sonder versuim 'n kerkraadsvergadering om die besware te oorweeg.
- 4.10.1 Tydens die oorweging kan die beswaarmaker en die persoon oor wie die beswaar gaan, aangehoor word.
- 4.10.2 Indien nodig, word 'n ondersoek in terme van die tugartikels gedoen.
- 4.10.3 Die verkiesing van ouderlinge en diakens word nietig indien 'n beswaar grondig bevind word en 'n ander word in daardie persoon se plek gekies.
- 4.11 Alle vakatures moet so spoedig moontlik aangevul word.

- 4.12 Diegene wat verkies is, word so spoedig moontlik, nadat approbasie van die gemeente verkry is, in hulle amp bevestig deur die predikant of konsulent of 'n predikant deur die kerkraad daartoe versoek.
- 4.13 Wanneer die verkiesing of bevestiging van die opvolgers van die uittredende ouderlinge en diakens as gevolg van onoorkomelike moeilikhede verhinder word, moet die ring optree.
- 4.14 Pre-advies
- 4.14.1 'n Kerkvergadering het, desverkiekend, die reg om by die verkiesing, beroeping of benoeming van ampsdraers 'n kommissie van pre-advies te benoem (vgl. regl. 17:7.3.3).

Bepalinge by Kerkorde Artikel 5

Bepaling 5

- 5.1 Vir die vorming en toelating van evangeliedienaars geld reglemente 15 en 16 wat saam gelees moet word met die reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars van die Algemene Sinode.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 6 – Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 7

Bepaling 7

- 7.1 Vakature in die gemeente
- 7.1.1 'n Vakature in die gemeente ontstaan deur die dood, demissie, emeritaat, vrywillige afstand doen van die amp, ontslag of afsetting van 'n predikant, by die stigting van 'n nuwe gemeente en waar die kerkraad bykomende predikantsposte skep (vgl. bep. 14 en besluit. 4, aftree-ouderdom van predikante).
- 7.1.2 Bykomende predikantsposte kan slegs geskep word en bestaande vakatures slegs gevul word indien daar, behalwe 'n studie oor die bedieningsbehoefte van die gemeente, óók 'n bekostigbaarheidsstudie deur die kerkraad gedoen is, waarby ten minste 'n lid van die RFK, die konsulent en 'n lid van die ringskommissie betrek is.
- 7.2 Kennisgewing van vakature
- 7.2.1 Die kerkraad gee deur die voorsitter of konsulent dadelik aan die skriba van die ringskommissie en die saakgelastigde van die sinode kennis van die ontstaan van die vakature met vermelding van die besonderhede.
- 7.2.2 Die saakgelastigde van die sinode stel vas of die gemeente se kontribusieverpligtinge (waaronder mediese- en pensioenfondsbydraes) in orde is. Indien nie, word die besonderhede aan die skriba van die ringskommissie verstrek. Die skriba van die ringskommissie stel die kerkraad in kennis dat 'n beroep nie uitgebring moet word voordat die kontribusieverpligting in orde is nie, aangesien dit moontlik regsimplikasies vir mediese- en pensioenaangeleenthede kan hê.
- 7.3 Aanvulling van vakature

- 7.3.1 By die ontstaan van 'n vakature moet die kerkraad so spoedig moontlik, in elk geval binne drie maande, 'n beroep uitbring.
- 7.3.2 Ingeval bepaling 7.3.1 nie uitgevoer word nie, moet die ringskommissie intree. Die ringskommissie kan toestemming verleen om langer as drie maande te wag voordat 'n beroep uitgebring word.
- 7.3.3 Die vergadering vir die beroeping van 'n bedienaar van die Woord geskied na 'n skriftelike kennisgewing aan die kerkraadslede en bekendmaking by die erediens (vgl. Bep 28.1).
- 7.4 Langdurige vakature
- 7.4.1 Tydens 'n langdurige vakature moet die konsulent, in oorleg met die kerkraad, bepaal hoe dikwels dienste gehou en herderlike werk in die vakante gemeente verrig moet word.
- 7.5 Kennisgee van beroep
- 7.5.1 Die voorsitter van die vergadering gee dadelik aan die beroepene van die beroeping kennis. Kennis word ook dadelik aan die amptelike blad van die kerk gegee van die beroeping, aanname of bedanking.
- 7.6 Goedkeuring en afstuur van beroepsbrief (plaaslike gemeente)
- 7.6.1 Waar 'n bedienaar van die Woord vir 'n plaaslike gemeente beroep word, moet:
- 7.6.1.1 die naam van die beroepene vir approbasie deur die gemeente op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente voorgedra word;
- 7.6.1.2 onmiddellik na die laaste bekendmaking van die beroep en die tyd vir besware verby is, lê die voorsitter van die beroepende vergadering die volgende stukke voor aan die voorsitter/skriba van die ringskommissie van die ring waarin die beroepende kerkraad ressorteer, vir kontrolering en skriftelike goedkeuring namens die ring dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is:
- (1) die beroepsbrief as diensaanbod
- (2) die verklaring dat alles ivm die beroep volgens Die Kerkorde geskied het
- (3) die verklaring dat approbasie verkry is.
- 7.6.2 Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die ring of die ringskommissie ongeldig verklaar.
- 7.6.3 Indien aan die vereistes voldoen is, word die beroepsbrief aan die beroepene gestuur en moet binne een week na ontvangs van die beroepsbrief daarop geantwoord word (vgl. art. 7.4 tot 7.8).
- 7.7 Goedkeuring en afstuur van beroepsbrief (kerkverband)
- 7.7.1 Waar bedienaars van die Woord in diens van die kerkverband beroep word, moet voordat die beroepsbrief afgestuur word:
- 7.7.1.1 die goedkeuring van die kerkverband verkry word deur bekendmaking van die beroep in die Kerkbode; en
- 7.7.1.2 die sinodale regs-kommissie of hul gevolmagtigde skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is.

- 7.7.2 Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die sinodale regs kommissie óf hul gevolmagtigde na die kerkvergadering terugverwys vir regstelling óf, indien nodig, die beroep ongeldig verklaar.
- 7.8 Besware
- 7.8.1 Besware teen die beroepene of die prosedure by die verkiesing, word skriftelik by die ringskommissie van die ring waarin die beroepende kerkraad ressorteer ingedien, nie later nie as twee dae na die tweede bekendmaking. Besware teen die prosedure word as 'n appèl deur dié ring van die beroepende kerkraad hanteer. Besware teen die beroepene word deur die ring wat opsig oor hom/haar uitoefen, ondersoek. Die betrokke ring/appèlriggaam ondersoek die besware grondig en maak hul beslissings so spoedig moontlik bekend. Waar nodig handel die ring volgens die tugartikels of die riglyne vir die beslegting van kerklike geskille (vgl. Kerkorde 2007 artikels 59-66, en besluit 2, Kerkorde 2007).
- 7.8.2 Indien die beroep ongeldig verklaar word, gee die kerkraad so gou moontlik aan die beroepene daarvan kennis en word die kerkraad opgeroep om 'n ander beroep uit te bring.
- 7.9 Onderhandeling
- 7.9.1 Binne die raamwerk van die Kerkorde en die sinodale besluite van toepassing, is die bepalinge in die beroepsbrief onderhandelbaar by oorweging van die beroep.
- 7.9.2 Enige vorm van onderhandeling met iemand wie se naam op die groslys verskyn, kan slegs plaasvind nadat 'n beroep op hom/haar uitgebring is. Kerkrade word daarop gewys dat hulle in hierdie verband nie verder kan gaan as dit waarvoor die besluite van die algemene sinode ruimte laat nie.
- 7.10 Aanvaarding van 'n beroep
- 7.10.1 Na oorweging van die bepalinge van die beroepsbrief en enige onderhandelinge daaromtrent, word die diensooreenkoms waarvolgens die bedienaar van die Woord in diens van die gemeente of die kerkverband gaan tree, finaal opgestel.
- 7.10.2 Die finale diensooreenkoms met 'n gemeentepredikant word deur die ring/ringskommissie en in geval van 'n bedienaar van die Woord in diens van die kerkverband deur die sinodale regs kommissie of hul gevolmagtigde goedgekeur. Hierna word die finale ooreenkoms deur beide partye onderteken.
- 7.10.3 Die beroepene moet 'n skriftelike verklaring van die saakgelastigde van die sinode dat sy/haar pensioen in orde is, indien. Ingeval 'n predikant op mediese gronde nie lid van die pensioenfonds kan word nie, moet die saakgelastigde 'n verklaring aan die beroepende gemeente uitreik waarin die betrokke predikant t.o.v. pensioenverpligtinge vrygestel word.
- 7.10.4 Hierdie diensooreenkoms kan van tyd tot tyd gewysig word met instemming van beide partye en skriftelike goedkeuring van die ring/ringskommissie in die geval van 'n gemeentepredikant, en die sinodale regs kommissie of hul gevolmagtigde in die geval van 'n predikant in diens van die kerkverband.
- 7.10.5 Predikante in diens van die kerkverband moet hulle na aanvaarding van hulle diens ook skriftelik aanmeld by die betrokke gemeente en ring waar hulle lidmate is aangesien hulle onder die opsig van dié ring val.

- 7.11 Bedanking van 'n beroep
- 7.11.1 Binne ses weke nadat die beroepe predikant bedank het, bring die kerkraad 'n nuwe beroep uit. 'n Vergadering vir 'n moontlike volgende beroeping kan voorwaardelik belê en gelyktydig afgekondig word met die voordra van die naam van die pas beroepene.
- 7.12 Vakature by emeritaat
- 7.12.1 Wanneer 'n predikant (of predikant in diens van die kerkverband) emeritaat aanvaar, en daar redes bestaan waarom die vakature gevul moet word voordat al die verlof van die uittredende persoon geneem is, en demissie ontvang word, kan die vakature intussen gevul word, op voorwaarde dat daar vooraf vir die oorvleuelende tydperk tydelike pensioendeckking gereël word. Hierdie reëling is slegs by die aanvaarding van die emeritaat geldig en nie by die gewone wisseling van predikante en predikante in sinodale diens nie.
- 7.13 Omruiling van standplaas
- 7.13.1 Vir die reëlins i.v.m. die omruiling van standplase sien besluit 34.

Bepalings by Kerkorde Artikel 8

Bepaling 8

- 8.1 Demissie
- 8.1.1 'n Predikant wat 'n beroep na 'n ander werkkring aangeneem het, verkieslik na oorlegpleging met die kerkraad, word van die betrekking tot die gemeente losgemaak deur die kerkraad in teenwoordigheid van die konsulent of 'n ander predikant van die ring deur die konsulent daartoe versoek.
- 8.1.2 Die kerkraad verleen demissie nadat:
 - 8.1.2.1 die beroepene die beroepsbrief, soos goedgekeur deur die ring/ringskommissie, en 'n afskrif van die antwoord daarop voorgelê het; en
 - 8.1.2.2 alle uitstaande verpligtinge teenoor die predikant m.b.t. traktement, verlof, langverlof en ander toelaes nagekom of bevredigend gereël is (vgl. regl. 23).
- 8.1.3 Die akte van demissie (vorm 14) wat ook dien as attestaat, onderteken deur die voorsitter en skriba namens die kerkraad, word verkieslik by geleentheid van 'n erediens aan die vertrekkende predikant oorhandig.
- 8.1.4 'n Predikant in sinodale diens se demissie word namens die betrokke sinodale kommissie deur die voorsitter en skriba hanteer met inagneming van bogemelde vereistes in 8.1.2 en 8.1.3 soos van toepassing en met die nodige aanpassing van die akte van demissie.
- 8.2 Kontrolering vir die bevestiging
- 8.2.1 Waar die beroep aanvaar word, en alvorens die bevestiging plaasvind, moet aan die voorsitter/skriba van die ringskommissie waaronder die beroepende gemeente ressorteer, as verteenwoordigers van die kerkverband, voor die bevestiging, die volgende stukke voorgelê word vir kontrolering en 'n skriftelike verklaring dat aan al die kerklike vereistes voldoen is:

- 8.2.1.1 die beroepsbrief as onderhandelde diensooreenkoms deur beide partye onderteken (vgl. art. 7.7);
- 8.2.1.2 die akte van demissie (of, indien toepaslik, 'n getuigskrif en atestaat vgl. art 8.1.2 en 8.2.2);
- 8.2.1.3 in die geval van proponente, die akte van legitimاسie en 'n atestaat;
- 8.2.1.4 'n skriftelike bewys uitgereik deur die saakgelastigde dat die pensioen in orde is.
- 8.2.2 In geval van 'n predikant wat in diens van die kerverband bevestig word, word bogenoemde stukke voorgelê aan die sinodale regs-kommissie of hul gevolmagtigde vir skriftelike bevestiging dat aan al die kerklike vereistes voldoen is.
- 8.2.3 Ingeval die voorsitter of skriba van die ringskommissie 'n onreëlmatigheid in die proses opmerk, word so gou moontlik 'n beslissing van die ring/ringskommissie daaromtrent verkry (vgl. bep. 7.10).
- 8.2.4 Hierna kan die bevestiging plaasvind en die diensooreenkoms in werking tree onderhewig aan bep. 8.6.1.
- 8.3 Bevestiging
 - 8.3.1 Die bevestiging van die beroepene vind so spoedig moontlik plaas na berig ontvang is dat die beroep aangeneem en die nodige approbasie verkry is.
 - 8.3.2 Die voorsitter van die beroepende kerkraad gee sonder versuim skriftelik kennis van die bevestiging aan die skriba van die ringskommissie.
 - 8.3.3 Die skriba of voorsitter van die ringskommissie nooi die predikante van die ringsgemeentes na dié geleentheid.
 - 8.3.4 Die bevestiging geskied deur 'n medepredikant of die konsulent of deur 'n ander predikant van die ring deur die kerkraad daartoe versoek.
 - 8.3.5 Die bevestiging van proponente geskied met oplegging van hande, dié van predikante nie.
- 8.4 Kennisgewing na bevestiging
 - 8.4.1 Die kerkraad gee na die bevestiging aan die skriba van die ringskommissie sowel as aan die skriba van die ATR kennis van die bevestigingsdatum, die bevestiger en diegene deur wie die handoplegging gedoen is. Indien die bevestigde 'n proponent is, stuur die voorsitter van die kerkraad dié berig ook aan die aktuaris.
 - 8.4.2 Die kerkraad gee sonder versuim aan die amptelike blad van die kerk kennis van die bevestiging met vermelding van die naam van die bedienaar van die Woord, die gemeente en die datum. Dit geskied ook indien die verandering van standplaas binne die ringsressort is.
 - 8.4.3 Die kerkraad stuur die kennisgewing, asook die bevestigde se vorige en huidige adres, aan die saakgelastigde van die sinode vir kennisgewing aan die registrateur van huwelike en om in die geval van proponente, aansoek om hulle aanstelling as huweliksbevestigers deur die staat te doen.
- 8.5 Akte van bevestiging
 - 8.5.1 Die aktuaris verleen in naam van die sinode aan die bevestigde proponent 'n akte van bevestiging soos in vorm 12 vervat.
- 8.6 Verantwoordelikheid van beroepende kerkraad

- 8.6.1 Die verantwoordelikheid van 'n beroepende liggaam teenoor 'n dienende predikant wat 'n beroep aanvaar het, begin vanaf die datum van demissie, ook ingeval die predikant voor bevestiging moet aftree of te sterwe kom. In alle ander gevalle waar 'n beroep aanvaar is, begin die verantwoordelikheid vanaf die datum van ordening of bevestiging.
- 8.6.2 Die kerkraad wat beroep, sorg vir vervoer van die beroepene, die huisgesin en die goedere binne redelike perke.

Bepalings by Kerkorde Artikel 9

Bepaling 9

- 9.1 Predikante bevestig huwelike.
- 9.2 In die geval van buitengewone afwesigheid van die predikant uit die gemeente, tref die predikant in samewerking met die kerkraad die nodige reëlins ten einde toe te sien dat die werk, soos ooreengekom, tot bevrediging van die kerkraad waargeneem word. Indien die afwesigheid weens siekte is, sorg die kerkraad vir die behoorlike vervulling van die dienswerk. Ingeval die ring dit nodig ag, word aan die predikant of die kerkraad die nodige bystand verleen.
- 9.3 Pastorale hulp
- 9.3.1 Die pastorale hulp, wat 'n proponent of 'n predikant kan wees, word met goedkeuring van die ring tydelik aangestel om 'n predikant van die gemeente van hulp te wees of ten tye van 'n vakature die gemeente behulpsaam te wees.
- 9.3.2 'n Predikant wat vir die pos in aanmerking kom, is óf 'n emeritus, óf 'n predikant wie se diens met behoud van bevoegdheid (KO art 12) beëindig is, óf 'n predikant wat in 'n termynbepaalde pos was (KO art 11b4).
- 9.3.3 Die persoon dien slegs in die kerkraad indien hy/sy as ouderling of diaken tot die kerkraad verkies word.
- 9.3.4 Wanneer daar slegs 'n pastorale hulp as predikant in die gemeente diens verrig, tree die konsulent op om die noodsaaklike ampspligte in oorleg met die kerkraad waar te neem.
- 9.4 Konsulent
- 9.4.1 Vir elke gemeente benoem die ring 'n konsulent om by vakatures of langdurige afwesigheid van die predikant(e) die noodsaaklikste ampspligte in oorleg met die kerkraad waar te neem. Kerkrade kry skriftelike kennis van hierdie benoeming asook van bep. 9.4.2 (vgl. bep. 31.9.1)
- 9.4.2 Die reis- en verblyfkostes van die konsulent word deur die vakante gemeente gedra. Die kerkraad gee aan die konsulent 'n behoorlike honorarium vir dienste gelewer.
- 9.4.3 Die konsulent doen aan die ring verslag van optrede in 'n gemeente.

Bepalings by Kerkorde Artikel 10 - Geen

Bepalings by Kerkorde Artikel 11 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 12

Bepaling 12

- 12.1 In geval van 'n gemeente met finansiële probleme kan die kerkraad in oorleg met die ring besluit om byvoorbeeld een van die volgende oplossings te implementeer: voortgesette diens teen verminderde diensvoordele en –verpligtinge, tentmakerbediening, aanstelling in 'n ander pos, standplaasruiling en kombinasie met 'n ander gemeente, met dien verstande:
- 12.2 dat, waar afgewyk word van die voordele in die geldende diensooreenkoms, dit in die nuwe diensooreenkoms vervat moet word;
- 12.3 dat sodanige wysiging van die diensooreenkoms in oorleg met die ring/ringskommissie sal geskied, hierdie wysiging (vermindering) jaarliks heroorweeg sal word en ook nog jaarliks deur die ring/ringskommissie gekontroleer sal word;
- 12.4 dat die ring eerder moet probeer om gemeentes wat swaar kry te help om by die riglyne van die algemene sinode te bly;
- 12.5 dat die pensioenbydraes bepaal moet word volgens die salarisriglyne van die algemene sinode en tydens die vermindering van salaris moet die kerkraad instaan vir die tekort in die lid se bydrae; en
- 12.6 dat die mediesefonds-bydraes betaal moet word volgens die skaal van die mediesefonds en tydens die vermindering in salaris moet die kerkraad instaan vir moontlike tekorte in die lid se bydrae.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 13

Bepaling 13

- 13.1 Elke predikant is geregtig op o.a. die volgende voordele:
 - 13.1.1 'n Salaris volgens die riglyne van die algemene sinode
 - 13.1.2 'n Reistoelaag in ooreenstemming met die aanbeveling van die algemene sinode
 - 13.1.3 'n Gratis woning waarby water en ligte ingesluit is of 'n huistoelaag
 - 13.1.4 'n Telefoon vir amptelike gebruik
 - 13.1.5 Die helfte van die premie van die goedgekeurde mediese fonds;
 - 13.1.6 Vakansieverlof, siekteverlof, kraamverlof, langverlof en studieverlof ooreenkomstig die reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare (regl. 23).
- 13.2 Indien 'n beroepsbrief/diensooreenkoms (vir 'n voltydse predikant of tentmaker) afwyk van die gestelde diensvoordele in bepaling 13.1, word die beoogde afwykings met die ring/ringskommissie uitgeklaar vóór oorhandiging van die beroepsbrief aan die beroepene en die ondertekening van die diensooreenkoms, met dien verstande:
- 13.3 dat sodanige wysiging van die diensooreenkoms in oorleg met die ring/ringskommissie sal geskied, hierdie wysiging (vermindering) jaarliks heroorweeg sal word en ook nog jaarliks deur die ring/ringskommissie gekontroleer sal word.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 14

Bepaling 14

- 14.1 Uitdienstreding van predikante
- 14.1.1 Die betrokke ring moet toesien dat predikante binne ses maande na bereiking van die ouderdom van 65 aftree (vgl. besluit 4).
- 14.1.2 Die uitdienstreding van 'n predikant word aan die gemeente op twee agtereenvolgende Sondae bekendgemaak .
- 14.1.3 Die kerkraad verleen, met kennisgewing aan die ring en die Kerkbode, in sodanige gevalle demissie by 'n behoorlike gekonstitueerde kerkraadsvergadering, waar 'n lid van die rings-kommissie of 'n verteenwoordiger deur hulle aangewys, teenwoordig is (vorm 14 of 15, vgl. ook bep 8.1.1).
- 14.1.4 Predikante in diens van 'n meerdere kerkvergadering ontvang demissie van die kerklike kommissie onder wie hulle werk, in samewerking met die kerkraad onder wie se opsig hulle val, nadat die voorneme tot uitdienstreding in die Kerkbode bekendgestel is.
- 14.1.5 In geval van beswaar teen die verlening van emeritaat moet die beswaar spoedig deur die kerkraad ondersoek word.
- 14.2 Mediese ongeskiktheid van predikante
- 14.2.1 Indien 'n predikant voor ouderdom 65 jaar weens mediese ongeskiktheid kwalifiseer om te emeriteer, ontvang hy/sy voordele ooreenkomstig die predikante pensioenfonds.
- 14.2.2 'n Predikant wat weens mediese ongeskiktheid emeriteer, is nie beroepbaar nie tensy hy/sy, op aanbeveling van die liggaam wat aan hom/haar demissie verleen het, deur die aktuaris beroepbaar verklaar word.
- 14.2.3 'n Predikant wat weens mediese ongeskiktheid emeriteer, is nie beskikbaar as pastorale hulp in 'n gemeente nie alvorens die ring nie eers skriftelike goedkeuring van die SFK-D ontvang het nie.
- 14.3 By die afsterwe van 'n predikant
- 14.3.1 Wanneer 'n bedienaar van die Woord te sterwe kom, en 'n weduwee of afhanklike kinders nalaat, het die naasbestaandes vir 'n tydperk van drie maande aanspraak op die gehele onbeswaarde inkomste van die vakante predikantspos met insluiting van die bewoning van die pastorie of van die huishuur wat by onderlinge reëling daarvoor ontvang mag word. Die reistoelae word nie in die geval by die onbeswaarde inkomste gereken nie (vgl. woordverklaring: onbeswaarde inkomste).
- 14.3.2 Wanneer 'n bedienaar van die Woord te sterwe kom en geen huweliksmaat of minderjarige kinders nalaat nie, is bloedverwante en meerderjarige kinders wat van die predikant afhanklik was, geregtig op die bewoning van die pastorie en die onbeswaarde inkomste vir twee maande (vgl. woordverklaring: onbeswaarde inkomste).
- 14.3.3 Bepaling 14.3.1 en 14.3.2 is ook van toepassing in geval van die afsterwe van predikante in diens van die kerkverband.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 15

Bepaling 15

- 15.1 Die dienstermyn van 'n ouderling en diaken is bepaal op twee of drie agtereenvolgende jare welke termyn die kerkraad ook al mag bepaal na gelang van plaaslike omstandighede. Hierna tree die persoon uit tensy hy/sy herkies word. Nadat 'n ouderling en diaken drie termyne na mekaar gedien het, word die persoon as dit moontlik is, nie herkies vir 'n vierde termyn nie. Die ring of ringskommissie kan vrystelling van hierdie bepaling gee.
- 15.2 Indien 'n tweejaartermyn verkies word, verstryk helfte van die ouderlinge en diakens se dienstyd aan die einde van die diensjaar. Indien 'n driejaartermyn verkies word, verstryk een derde van die ouderlinge en diakens se dienstyd aan die einde van die diensjaar en word nuwe lede gekies.
- 15.3 Wanneer 'n vakature vir die amp van ouderling of diaken ontstaan, word iemand so spoedig moontlik verkies. Vir 'n vakature wat op dié wyse aangevul moet word, geld 'n gedeelte van 'n diensjaar as 'n volle jaar vir die berekening van die dienstermyn van twee of drie jaar. Dienende ouderlinge en diakens wat gedurende die jaar bedank, bly waar moontlik in diens tot by die jaarlikse bevestiging van ouderlinge en diakens.
- 15.4 Ouderlinge en diakens wat herkies word vir 'n verdere termyn, word nie weer bevestig tydens die jaarlikse bevestiging van ouderlinge en diakens nie, tensy die verkiesing tot 'n ander amp is.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 16 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 17 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 18 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 19 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 20 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 21 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 22

Bepaling 22

- 22.1 'n Meerdere vergadering het die bevoegdheid om 'n saak, wat 'n mindere vergadering moes hanteer, onder dié omstandighede ter hand te neem, nl. in gevalle waar die mindere vergadering (kerkraad) nie bestaan nie; in gevalle van onvermoë en wanbestuur by die mindere vergadering; en in gevalle van appèl na 'n meerdere vergadering.
- 22.2 Indien die onvermoë van 'n kerkraad verband hou met die onmag om 'n bestaande en wettige kerkraad byeengeroep te kry vir 'n buitengewone vergadering, moet die voorsitter van die kerkraad 'n tweede buitengewone vergadering belê, met kennisgewing aan die ringskom-

missie. Die kerkraadslede wat dan opdaag sal 'n kworum vorm vir die hantering van die saak waarvoor die vergadering in die eerste plek belê is. Indien niemand 30 minute na die aanvangstyd opdaag nie, neem die ringskommissie die plek van die kerkraad in en handel na goeë dunde.

Bepalings by Kerkorde Artikel 23

Bepaling 23

Opmerking: *Vgl. ook regl van orde*

23.1 Die Sinodale Appèlriggaam

23.1.1 Die sinodale appèlriggaam hanteer elke appèl teen 'n besluit van 'n ring, ringsappèlriggaam of enige ander gevolmagtigte ringsliggaam. Die sinodale appèlriggaam word saamgestel uit:

- * Die sinodale regs-kommissie en
- * 5 lede met sekundi wat deur die sinode aangewys is en
- * hoogstens twee deskundige lede wat telkens na behoefte as volwaardige lede gekoöpteer kan word. Die koöpsie word deur die sinodale appèlriggaam gedoen.

23.1.2 Die voorsitter en die skriba van die SRK tree in die hoedanigheid op by die sinodale appèlriggaam

23.1.3 Die dagbestuur van die SRK tree as dagbestuur van die appèlriggaam op. Wanneer 'n appèl ontvang word oordeel hulle of die appèl op formele grond ontvanklik is. Indien ontvanklik, besluit die dagbestuur of deskundige lede gekoöpteer moet word, wys die deskundige lid (lede) aan, indien nodig, en roep die appèlriggaam saam. Indien die dagbestuur oordeel dat die appèl nie ontvanklik is nie, staan die appèl oor tot die eersvolgende geleentheid waar die appèlriggaam bymekaar is en finaal oor die ontvanklikheid daarvan besluit.

23.2 Die Ringsappèlriggaam

23.2.1 'n Ring stel verkieslik 'n gevolmagtigde rings-appèlriggaam saam. Die ringsappèlriggaam word saamgestel uit die ringsregs-kommissie, die twee sekundi-lede van die ringsregs-kommissie en hoogstens twee deskundige lede wat telkens na behoefte as volwaardige lede gekoöpteer kan word. Die koöpsie word deur die ringsappèlriggaam gedoen.

23.2.2 Die ringsappèlriggaam hanteer elke appèl teen die kerkraad of sy gevolmagtigde kommissies.

Bepalings by Kerkorde Artikel 24

Bepaling 24

24.1 In alle handelinge soek elke vergadering na die wil van God en streef daarna om dit te volbring in die besef dat ons voor die aangesig van God leef en werk en dat God sy Kerk deur Woord en Gees lei.

Bepalings by Kerkorde Artikel 25

Bepaling 25

- 25.1 Elke kerkvergadering kan permanente, tydelike of ad hoc-kommissies (sien woordverklaring) vir die uitvoering van besluite en take benoem.
- 25.1.1 Lidmate wat nie lede van die kerkvergadering is nie, kan ook op kommissies dien.
- 25.1.2 Alle kommissies is gebonde aan hulle opdrag en mag nie hulle opdrag oorskry nie. Volmag tot afhandeling van opdragte kan gegee word.
- 25.1.3 Van alle opdragte moet aan die betrokke kerkvergadering verslag gedoen word.
- 25.1.4 Ten minste een lid van 'n permanente kommissie wat aanbevelings aan die kerkraad moet maak, moet lid van die kerkraad wees – waar moontlik, die voorsitter van die kommissie.
- 25.2 Elke kerkraadvergadering het 'n skriba, deur die vergadering aangewys.
- 25.2.1 Skriba van die kerkraad: Indien die skriba nie lid van die kerkraad is nie, moet die kerkraad toestemming gee dat die vergaderings bygewoon kan word. Sodanige goedkeuring kan eenmalig geskied (vgl. regl. 17:1.1) en vir die pligte (vgl. regl 17:12.1)
- 25.2.2 Skriba van die ring en ringskommissie: Vir pligte vgl. Regl. 20
- 25.2.3 Skriba van die moderamen: Vir pligte vgl. regl 21
- 25.3 Die notules van 'n kerkvergadering word deur die voorsitter en skriba onderteken nadat die vergadering dit goedgekeur het (regl. 17:12.2).
- 25.4 Elke kerkraad stel 'n finansiële beampte aan (regl. 8:2.6).

Kerkorde Artikel 26

Bepaling 26

- 26.1 **Algemeen**
- 26.1.1 Die kerkraad se primêre taak is om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Ef. 4:12).
- 26.2 **Die kerkraad se taak word uitgevoer deur:**
- 26.2.1 die reël van openbare godsdiensoefeninge, waaronder die doop en nagmaal (vgl. art. en bep. 48 en 49)
- 26.2.2 die opsig oor die belydenis en wandel van die lidmate en die besondere ampte van die gemeente en die handhawing van die kerklike orde en tug (vgl. art. 59-66)
- 26.2.3 die opsig en bevordering van die kerklike dienswerk van gelowiges; vergelyk

art. en bep. 50	–	jeugbediening
art. 51	–	herderlike sorg
art. en bep. 52	–	gemeentebediening
art. 53	–	sending en evangelisasie
art. en bep. 54	–	diens van barmhartigheid
art. 55	–	dienswerk van die gelowiges
art. 56	-	leer en aktuele sake
art. en bep. 57	–	rentmeesterskap
art. 69	–	kerk en onderwys
regl. 24	–	kommissie vir vrouelidmate

- 26.2.4 die bestudering van die kerk se leer en ander aktuele sake vir voorligting aan die gemeente;
- 26.2.5 die behartiging van skakeling met gemeentes van die familie van Ned Geref Kerke en ander christelike kerke om uitdrukking te gee aan die soeke tot groter eenheid (vgl. art. 70, besluit besluite by art. 70);
- 26.2.6 die reëling en bevordering van die kerklike bevestiging van huwelike en die bepaling van huweliksgeld.
- 26.2.7 Die opsig oor die gemeentelike administrasie en personeel deur:
- 26.2.7.1 Die hou van behoorlike registers van dopelinge en belydende lidmate. (Diensdoende predikante word telkens in die lidmateregister van die gemeente geregistreer op grond van hul akte van demissie. Die datum van die demissie word in die lidmateregister aangeteken as die datum van vertrek). Aansoek om rektifikasie van onnoukeurighede in kerklike registers word skriftelik by die kerkraad ingedien (vgl. regl. 3).
- 26.2.7.2 Die voorsiening van 'n salaris en ander voordele (vgl. bep. 13.1), asook pensioenvoordele aan die predikant(e) en toereikende besoldiging en ander voordele aan die ander amptenare en werknemers in sy diens
- 26.2.7.3 Die samestelling van 'n diensverhoudingskommissie wat na die belange van alle werkers in diens van die kerkvergadering omsien (vgl. art. 12b 1, bep. 13.1 en ook Bestuursgids vir diensverhoudinge in die NG Kerk);
- 26.2.7.4 Die beheer oor die eiendomme en fondse van die gemeente, soos omskryf in reglemente 8 en 9;
- 26.2.7.5 Die insameling van kollekte en verantwoording aan die saakgelastigde van die sinode wat geskied volgens regl. 8:2.4 en die vorm vir finansies;
- 26.2.7.6 Die bewaring van die gemeentelike argief (vgl. regl. 3);
- 26.3 **Die taak van die kerkraad tov belydenis van geloof en lidmaatskap** (vgl. ook bep. 50:2.1.2 en bep. 1)
- 26.3.1 Die ondersoek met die oog op die belydenis van geloof geskied namens die kerkraad deur die predikant, die konsulent of 'n ander predikant deur die kerkraad gevra, saam met een of meer ouderlinge, en handel oor die geloofslewe en lewenswandel.
- 26.3.2 Persone onder sestien jaar word nie tot hierdie ondersoek toegelaat nie. Vir elke afwyking sal kondonاسie by die ring aangevra word.
- 26.3.3 Bewys van doop moet voor die ondersoek in die register van die gemeente aangeteken word.
- 26.3.4 Persone wat belydenis van geloof wil doen, moet normaalweg die volle kategetiese leerplan deurloop. In uitsonderlike gevalle mag die kerkraad hiervan vrystelling verleen. Katkisante wat uit die gemeente vertrek, verkry op hul versoek 'n getuigskrif van hulle vordering.
- 26.3.5 Die belydenisaflegging volgens die voorgeskrewe formulier geskied by die openbare erediens. Diegene wat hulle aanmeld vir belydenisaflegging kry, verkieslik voor elke nagmaal, 'n geleentheid om deur die kerkraad daartoe toegelaat te word.
- 26.3.6 Dooplidmate wat in 'n ander gemeente as dié waartoe hulle behoort, gekatkiseer wil word en/of belydenis van geloof wil doen, moet daartoe skriftelike verlof verkry van beide kerkrade (vgl. ook bep. 1.4 en besluit 6, bediening van dooplidmate in skoolkoshuise).

- 26.3.6.1 Indien die openbare belydenis van geloof nie in die daarvoor bestemde openbare erediens plaasvind nie, geskied dit, by hoë uitsondering, in die teenwoordigheid van 'n kommissie uit die kerkraad, met aankondiging aan die gemeente.
- 26.3.6.2 Geskied die ondersoek in een en die openbare belydenis in 'n ander gemeente, behoort die lidmaat tot die gemeente waar hy woon.
- 26.4 **Die taak van die kerkraad tov lidmate wat wissel van gemeente**
- 26.4.1 Lidmate kan vergunning kry om die bondseëls in 'n ander gemeente te geniet terwyl hulle as lidmate in die gemeente aanbly.
- 26.4.2 Sodra persone vertrek uit die gemeente waarvan hulle lidmaat is, verval hulle lidmaatskap in daardie gemeente en word hulle lidmaat van die gemeente waar hulle woon, tensy anders gereël met die betrokke kerkrade – vgl. 26.4.7 en die Kerkorde 2007 besluit 16.
- 26.4.3 Lidmate is verantwoordelik om self te reël vir die oordrag van hulle attestate. Hierin kan hulle die hulp van die kerkraad van die nuwe gemeente vra.
- 26.4.4 In gevalle waar 'n lidmaat langer as ses maande nie meer inskakel by 'n gemeente nie, word net 'n bewys van lidmaatskap en nie 'n attestaat uitgereik nie.
- 26.4.5 By die uitreiking van bewys van lidmaatskap in tuggevalle moet 'n begeleidende brief direk aan die betrokke kerkraad gestuur word.
- 26.4.6 Alvorens 'n persoon se attestaat of bewys van lidmaatskap by 'n gemeente ingelewer is, kan lidmaatsregte nie aldaar geniet word nie.
- 26.4.7 Riglyne vir die Praktiese hantering van lidmaatskap (Kerkorde 2007, besluit 17)
- 26.4.7.1 Persone kan binne die geografiese grense van 'n gemeente intrek en lidmaatskap van 'n ander gemeente verlang.
- (i) Gemeentes behoort nie sonder meer sulke lidmate te verwelkom, as die motivering vir hulle keuse om in te skakel, verband hou met slegte verhoudings tussen die persoon/ persone en iemand anders in die gemeente vanwaar hulle kom nie. In so 'n geval moet die kerkraad deur pastorale begeleiding die saak hanteer en in die reïne bring.
 - (ii) Gemeentes behoort net lidmate van buite hulle geografiese grense te aanvaar, indien dit prakties moontlik is om sulke lidmate te bedien waar hulle woon en dit vir sulke lidmate prakties moontlik is om aktiewe lidmate te wees van die geloofsgemeenskap.
 - (iii) Lidmate versoek skriftelik die gemeente waar hulle wil inskakel om as lidmate aanvaar te word en verskaf die nodige dokumentasie soos attestate en doopbewyse waar nodig. Die gemeente wat so 'n aansoek ontvang, kan lidmate help met die verkryging van hierdie dokumente.
 - (iv) Kerkrade wat 'n lidmaat van buite die gemeentegrense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon.
- 26.4.7.2 Persone kan binne die geografiese grense van 'n bepaalde gemeente intrek en verlang om lidmate te bly van die gemeente waar hulle lidmate was.
- (i) Die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat lidmaatskap uitoefen, gee telkens wanneer die lidmaat verhuis daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon.

- 26.4.7.3 Persone kan vir 'n tydperk lidmate van 'n bepaalde gemeente wees (hetsy omdat hulle binne die grense woon of oor grense lidmaatskap bekom het) en besluit om lidmate van 'n ander gemeente te word.
- (i) Lidmate moet die kerkraad waar hulle lidmate is daarvan in kennis stel met opgaaf van redes. Indien die kerkraad bevind dat die redes vir verandering van lidmaatskap nie kwaadwillig is nie, kan die attestaat na die nuwe gemeente oorgeplaas word.
- 26.4.8 Lidmate wat binne die grense van 'n nuutgestigte gemeente woon, behoort tot hierdie gemeente tensy hulle reeds by 'n ander gemeente ingeskakel is.
- 26.4.9 Waar lidmate of 'n hele gemeente aan 'n grens van 'n sinodale gebied wens om tot 'n ander sinodale gebied te behoort, moet hulle aansoek deur hulle kerkraad, ring en sinode goedgekeur word en verwys word na die aangrensende sinode. Daarna kan die aansoek aan die algemene sinode voorgelê word vir finale afhandeling (vgl. art. 32).
- 26.4.10 Gemeentes en kerkrade weerhou hulle daarvan om lidmate binne ander gemeentes te werf.
- 26.5 Die taak van die kerkraad t.o.v. lidmaatskap en ander kerke
- 26.5.1 Persone wat van ander kerke wil oorkom na die Ned Geref Kerk word slegs as lidmate aanvaar nadat die prosedure soos deur die algemene sinode neergelê, en waar van toepassing, gevolg is (vgl. besluit 25 en vorm 6).
- 26.5.2 Elke aansoek om oordrag van lidmaatskap vanaf ander kerke word deur die kerkraad in behandeling geneem. Die volgende punte dien o.a. as leidraad wat vir die oorweging geld: die beweegrede vir die oorkoms as lidmaat, die getrouheid aan die leer en die belydenis, die lewe en kerklike meelewing van die lidmaat, die bedieningsbehoefte en die gemeentegrense (vgl. besluit 25).
- 26.5.3 Indien lidmate hulle van die gemeente afskei, word dit deur die kerkraad genotuleer, in die register aangeteken en aan die gemeente bekend gemaak (vgl. bep. 1.3.1).
- 26.5.4 Persone wat hul van die gemeente afgeskei het en hulle by sektes of nie-erkende kerkgenootskappe aangesluit het, mag weer as lidmate van die gemeente opgeneem word, mits hulle bewys van berou oor hulle afdwaling lewer. Hulle moet weer bevestigend antwoord op die vrae in die formulier vir die openbare belydenis van geloof óf voor die kerkraad óf voor 'n kommissie van die kerkraad.
- 26.6 **Die taak van die kerkraad t.o.v. die ringsvergadering**
- 26.6.1 Die kerkraad voorsien die ring by elke gewone vergadering van die volgende:
- 26.6.1.1 die geloofsbrief van die afgevaardigde predikant(e) en ouderling(e)/diaken(s) met hulle sekundi;
- 26.6.1.2 twee eksemplare van die vorm vir finansies moet jaarliks betyds aan die voorsitter van die fondsekommissie van die ring gestuur word. Een hiervan moet deur hom voor 31 Mei aan die saakgelastigde van die sinode besorg word. Die ander vorm word vir verslag aan die ring gebruik, maar in die sinodejaar word dit direk aan die argivaris gestuur;
- 26.6.1.3 al die inligting en vorms wat deur die ring aangevra word met die oog op kerkvisitasie op 'n datum wat deur die ring bepaal word.

- 26.6.2 Die gemeenteskriba voorsien elke jaar, op 'n datum wat deur die ring bepaal word, 'n ingevulde statistiekvorm aan die ringskriba, wat dit op sy/haar beurt tot beskikking van die visitatore stel en daarna aan die saakgelastigde van die sinode stuur.
- 26.7 **Wyse van uitvoering van take**
- 26.7.1 Om take uit te voer kan 'n kerkraad permanente, tydelike (d.w.s tydens die vergadering) of ad hoc-kommissies benoem (vgl. bep. 25.1 en woordverklaring).
- 26.7.2 Elke kerkraad het die reg om huishoudelike reglemente op te stel mits dit nie in stryd is met die Kerkorde van die Ned Geref Kerk en die Bepalings, Reglemente en ander besluite van die Ned Geref Kerk in SA nie.
- 26.8 **Wyksgemeentes**
- 26.8.1 'n Kerkraad mag besluit om die gemeente te organiseer in twee of meer wyksgemeentes. 'n Wyksgemeente bestaan uit die lidmate wat deur een of meer predikante bearbei word, en het 'n eie wykskerkraad.
- 26.8.2 Dit is wenslik dat 'n besluit om oor te gaan tot 'n wyksgemeentelike bediening voorafgegaan sal word deur 'n deeglike ondersoek na die spesifieke behoeftes van die gemeente en 'n studie van verskillende moontlike bedieningspatrone.
- 26.8.3 Elke kerkraad moet besluit presies watter sake na die wykskerkrade gedelegeer word en presies watter status en magte aan hulle toegeken word. Hierdie reëlings moet in die huishoudelike reglement bepaal word (vgl. bep. 26.7.2).
- 26.8.4 Sekere sake, waaronder die finale tugondersoek en die beroeping van predikante, kan nie gedelegeer word nie.
- 26.8.5 Wykskerkrade kan kerkraadslede vir die betrokke wyksgemeente kies. Vir die verkiesing fungeer wykskerkrade soos 'n kerkraad en geld die gewone bepalinge.
- 26.8.6 Die kerkraad bly verantwoordelik vir die regering, opsig en tug in die gemeente en vergader minstens vier keer per jaar.
- 26.9 **Bedanking van 'n kerkraad**
- 26.9.1 Waar 'n hele kerkraad bedank of die kerkraad nie langer kan funksioneer nie, moet die voorsitter van die kerkraad onmiddellik die skriba van die ringskommissie daarvan skriftelik, met opgaaf van redes, kennis gee.
- 26.9.2 Die ringskommissie moet dan sonder versuim optree om 'n vergadering van die kerkraad te belê waarop gepoog moet word om die redes vir die toedrag van sake uit die weg te ruim.
- 26.9.3 Slaag die ringskommissie nie daarin om die kerkraad te oorreed om hul bedanking terug te trek nie, word aan die voorsitter van die kerkraad opdrag gegee om so spoedig moontlik 'n vergadering van die gemeente te belê om in ooreenstemming met reglement 6 (afstigting van 'n gemeente) 'n ander kerkraad te verkies.
- 26.9.4 Intussen tree die ringskommissie, indien nodig, in die plek van die kerkraad op (vgl. bep. 22.1).
- 26.9.5 Die koste van die ringskommissie i.v.m. die aangeleentheid word deur die betrokke gemeente gedra.
- 26.10 **Gesprek met gemeente**
- 26.10.1 Kerkrade mag, indien hulle dit nodig ag, op eie inisiatief of op versoek van lidmate, 'n byeenkoms reël om die gemeente in te lig en met hulle in gesprek oor sake te tree.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 27

Bepaling 27

- 27.1 Die minimum aantal lede vir 'n kerkraad is twee ouderlinge en twee diakens.
- 27.2 Vir elke predikantspos moet daar ten minste een ouderlingspos en een diakenspos wees.
- 27.3 Elke kerkraad het die reg om na die eis van omstandighede uit te brei en die aantal lede vas te stel met inagneming van 27.1 en 27.2.
- 27.4 Vergelyk ook die bepalinge by artikels 3 en 4.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 28

Bepaling 28

- 28.1 Gewone vergaderings van die kerkraad en wykskerkraad geskied na bekendmaking by die erediens en 'n skriftelike kennisgewing aan die lede.
- 28.2 Christus regeer die kerk deur sy Woord en Gees, daarom moet 'n predikant kragtens sy/haar diens in die gemeente as bedienaar van die Woord altyd saam met die kerkraad vergader. Buitengewone vergaderinge van die kerkraad word deur die voorsitter belê met opgaaf van redes en met kennisgewing aan kerkraadslede. Die voorsitter is verplig om 'n buitengewone vergadering te belê sodra drie of meer lede van die kerkraad, met opgaaf van redes, daartoe versoek. 'n Buitengewone vergadering mag slegs dié sake bespreek waarvoor dit belê is.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 29

Bepaling 29

29.1 Ampsdraers van die ring

- 29.1.1 Die ring kies 'n skriba vir sy vergaderings en besluit self oor die termyn – verkieslik van sinode tot sinode. Die persoon is skriba van die ringskommissie en tree gedurende dié tydperk ook op as skriba van ringsvergaderinge (vgl. regl. 20). 'n Jaarlikse honorarium soos deur die sinode vasgestel word gegee (vgl. regl. 8:4.6.4.2).
- 29.1.2 In geval van oorlye van die skriba, vertrek uit die ringsverband of die ontstaan van hindernisse om sy diens behoorlik waar te neem, eis die ringskommissie die boeke, stukke, ens. wat op die ringspligte betrekking het, op en dra dit op aan 'n diensdoende predikant, lid van die ringskommissie, wat in sy plek fungeer totdat die ring 'n opvolger gekies het. In geval van langdurige afwesigheid van die skriba benoem die ringskommissie 'n tydelike plaasvervanger.

29.2 Vergaderinge van die ring

- 29.2.1 Die jaarlikse ringsvergaderinge vir gewone werksaamhede (vgl. art. 31) word sover moontlik om die beurt in die verskillende gemeentes gehou op 'n tyd soos deur elke ring bepaal en word saamgeroep deur 'n kennisgewing van die skriba van die ringskommissie minstens vier weke voor die tyd.
- 29.2.2 Die voorsitter van die ringskommissie het die reg om met skriftelike toestemming van die ringskommissie hierdie bepaling van tyd en plek van die vergadering te wysig.

- 29.2.3 Ringsvergaderinge bo en behalwe die jaarlikse ringsvergadering, kan deur die ringskommissie óf op versoek van 'n kerkraad belê word.
- 29.2.3.1 Die ringskriba gee kerkrade kennis.
- 29.2.3.2 Kerkrade moet dan hulle afgevaardigdes kies en van geloofsbriewe voorsien.
- 29.2.4 Opening en konstituering van ringsvergaderinge
- 29.2.4.1 By die opening van die vergadering en die kiesing van 'n voorsitter word gehandel ooreenkomstig reglement 17:2. Die vereistes vir behoorlike konstituering en 'n kworum van 'n ringsvergadering is uiteengesit in reglement 17:4.2.1.
- 29.2.4.2 'n Nuutsaamgestelde ring word deur die afgevaardigdes na die sinode gevorm en tydens die sinode gekonstitueer.
- 29.2.4.3 Afgevaardigdes na die sinode dien ook as personeel van buitengewone ringsvergaderinge wat tydens die sinode konstitueer om sake wat aandag verg, af te handel.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 30

Bepaling 30

- 30.1 Gemeentes vaardig hulle predikant(e) en een ouderling/diaken vir elke predikantspos af na die ringsvergadering. (Sien riglyne by art 26.2 C) Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. Die primarius en die sekundus ouderling/diaken kan mekaar afwisselend tydens die ringsitting vervang, behalwe wanneer 'n amptelike ondersoek aan die gang is. Waar vervanging plaasvind moet die afvaardigende kerkraad self vir die ekstra koste instaan.
- 30.2 Afgevaardigdes na ringsvergaderinge moet *telkens* van geloofsbriewe voorsien word.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 31

Bepaling 31

- 31.1 Kerkvisitasie
- 31.1.1 Die ring sien toe dat hul pastorale-, toerustings- en toesigfunksies ten opsigte van elke ringsgemeente die nodige aandag ontvang. Die ring hou rekening daarmee dat die prosesse, styl, atmosfeer en vaardighede van die visitatore vir die onderskeie funksies van mekaar verskil. Die ring kan verskillende groepe aanwys en bemagtig om vir die onderskeie funksies te sorg.
- 31.1.2 Die pastorale funksie van die ring sluit die geestelike, emosionele en materiële ondersteuning van die predikantsgesinne in.
- 31.1.3 Die toerustingsfunksie van die ring behels die begeleiding van en hulp aan ringsgemeentes ten opsigte van spiritualiteitsvorming, visionering en die toerusting van ampte en lidmate vir hulle dienswerk. Die ring kan jaarliks beurtelings aan die verskillende diensterreine van die kerk aandag gee.
- 31.1.4 Die toesigfunksie van die ring is om toe te sien dat alles in die ringsgemeentes ordelik en welvoeglik geskied.
- 31.1.4.1 Die ring doen op 'n gereelde grondslag persoonlike kerkvisitasie by al die ringsgemeentes. Die ring bepaal jaarliks die aantal ringsgemeentes waar daar

kerkvisitasie gedoen moet word asook die aard van die besoek by elke gemeente en wys die personeel aan vir elke besoek.

- 31.1.4.2 In die formulering van die aard van die besoek in elke gemeente neem die ring die algemene omstandighede in die ring, sake van aktuele belang, die behoeftes van die betrokke gemeente en aandag aan die diensterreine in ag.
- 31.1.4.3 Die ring kan enige ringsvorm wat hulle nodig ag, gebruik om die betrokke gemeente en die betrokke visitatore te help in hulle voorbereiding vir die kerkvisitasie.
- 31.2 Algemeen
 - 31.2.1 By elke jaarlikse vergadering word die stukke in bepaling 26.6 genoem, aan die ringsvergadering voorgelê. Alle stukke word behoorlik nagesien deur die ring en, indien nodig, aan die kerkrade teruggestuur vir opheldering en verbetering (vgl. bep. 31.5 en 6).
 - 31.2.2 Die ring sien toe dat elke gemeente hulle geldelike verpligtinge teenoor die ring en sinode nakom.
- 31.3 Stigting, kombinasie, ontbinding, grensreëlings en naamsverandering van gemeentes (vgl. bep. 1, regl 6).
 - 31.3.1 Dit is in belang van die koninkryk van God en die kerk dat die gemeentes deur 'n natuurlike uitbreiding sal vermeerder en so georganiseer word dat die bearbeiding van die lidmate met die meeste vrug kan geskied.
 - 31.3.2 Die sinode beskou dit wenslik dat geen gemeente uit meer as 700 doop- en belydende lidmate per predikant moet bestaan nie en waar 'n gemeente meer as 1000 doop- en belydende lidmate tel met slegs een predikant, moet die ring met die betrokke kerkrade in onderhandeling tree ten einde meerdere bediening van die gemeente te bewerkstellig.
 - 31.3.3 Die skriba van die ringskommissie gee verslag van die stigting van nuwe gemeentes en die vasstelling of verandering van grenslyne aan die skriba van die moderamen wat in die amptelike kerkblad daarvan kennis gee.
 - 31.3.4 Die verandering van grenslyne van bestaande gemeentes is die verantwoordelikheid van die ring. Die ring besluit daarvoor nadat die ringskommissie die betrokke kerkrade in die sake geken het.
 - 31.3.5 Indien gemeentes nie meer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, mag daar oorgegaan word tot 'n kombinasie met 'n ander gemeente of die eenwording van gemeentes. Die prosedure moet geskied volgens die bepalinge van die reglement vir die vermeerdering, kombinerings, eenwording en samesmelting van gemeentes (vgl. regl. 6).
 - 31.3.6 Alle koste van ringsweë aangegaan i.v.m. die stigting van gemeentes en die vasstelling of verandering van grense van nuwe gemeentes word deur die ring gedra. Die koste van kommissies by die verandering van grenslyne van reeds bestaande gemeentes, word egter deur die belanghebbende partye en soos deur die ring bepaal, gedra (vgl. bep. 31.10; regl 8).
 - 31.3.7 By die stigting van nuwe gemeentes word daar gehandel ooreenkomstig reglement 6.
 - 31.3.8 Aansoeke om naamsveranderinge van 'n bestaande gemeente moet met die nodige motivering by die ring ingedien word. Na goedkeuring deur die ring word dit deur die moderamen bekragtig. Hierna word dit in die Kerkbode bekend gemaak. Alle koste in die verband word deur die betrokke gemeente gedra.
- 31.4 Die ringskommissie

- 31.4.1 By elke jaarlikse vergadering word 'n ringskommissie gekies (regl. 17.7.3) wat fungeer tot die volgende jaarlikse vergadering.
- 31.4.2 Die ringskommissie bestaan uit 'n voorsitter en onder-voorsitter (gekies deur die ringsvergadering) asook die skriba van die ringsvergadering (vgl. bep. 29.1.1) met drie sekundi wat, indien nodig, na volgorde deur die skriba opgeroep kan word. (Die ringskommissie kan na behoefte ander lidmate adviserend betrek.)
- 31.4.3 Die ringskommissie van die ring se pligte behels:
 - 31.4.3.1 die behandeling van spoedeisende sake;
 - 31.4.3.2 die uitvoering van alle opdragte, take en funksies soos deur die bepalinge en reglemente voorgeskryf;
 - 31.4.3.3 die hantering van kerklike geskille ooreenkomstig kerkordelike riglyne (Die Kerkorde 2007, besluit 2);
 - 31.4.3.4 lewer verslag van hul werksaamhede aan die volgende jaarlikse vergadering.
- 31.5 Ringsfondse-kommissie
 - 31.5.1 Daar word by elke jaarlikse vergadering 'n fondsekommissie benoem met die opdrag om:
 - 31.5.1.1 opsig te hou oor die salaris, reiskoste en ander toelaes van predikante;
 - 31.5.1.2 die vorm vir finansies noukeurig na te gaan, ondersoek in te stel na die bewaring en verantwoording van gemeentefondse wat vir spesiale doeleindes ontvang en afgesonder is, en 'n behoorlike verslag oor die finansies van die afsonderlike gemeentes aan die vergadering voor te lê.
- 31.6 Ringsargiefkommissie
 - 31.6.1 Daar word by elke jaarlikse vergadering van die ring 'n argiefkommissie benoem. Hierdie kommissie
 - 31.6.1.1 ontvang nie meer die jaarlikse registeraskrite van gemeentes met verslag aan die ring nie, maar verleen, waar nodig, hulp aan gemeentes (ten opsigte van registerhouding) en aan ABID (om verbeterings aan of uitstaande registeraskrite vanaf gemeentes te verkry, waar samewerking nie verkry word nie);
 - 31.6.1.2 vra ABID om hulp met opleiding waar dit blyk dat ringsgemeentes probleme met hul registerhouding ervaar;
 - 31.6.1.3 gaan wel die registerhouding van die gemeentes waar die ring vergader tydens die jaarlikse ringsitting na en vergewis hom ook dat die notuleboeke en registers van hierdie gemeente, behoorlik gehou en saam met ander stukke van geskiedkundige waarde behoorlik bewaar en versorg word (Sien regl 3 vir volledige riglyne), met verslag aan die ring (waar 'n ring meer as een vergadering per jaar hou, in verskillende gemeentes, of nie 'n normale wisseling van vergaderplek het nie, wys die ringskommissie jaarliks 'n gemeente aan wat besoek sal word.);
 - 31.6.1.4 versorg die ringsargief volgens die voorskrifte in die argief en museum-reglement (sien regl 3)
- 31.7 Ringsregskommissie
 - 31.7.1 Die ring benoem 'n permanente regskommissie wat bestaan uit 3 lede met 2 sekundi, en besluit self oor die termyn van die kommissie – verkieslik van sinode tot sinode.

- 31.7.2 Aan die ringsregskommissie word opgedra:
- 31.7.2.1 om die ring, kerkrade en/of hul kommissies met voorligting en advies in sake van kerkregtelike aard te bedien;
- 31.7.2.2 om sake van kerkregtelike aard, wat deur die ring verwys is of deur gemeentes versoek is, te ondersoek.
- 31.7.2.3 Om as taakspan vir konflikhantering, versoening en fasilitering in kerkregtelike sake (wat diensverhoudinge insluit) te funksioneer. Indien hierdie kommissie vanweë prejudisering nie self binne ringsverband betrokke kan of wil wees nie, kan 'n ander ring se regskommissie versoek word om Art 63.3.1.3 uit te voer.
- 31.7.3 In geval van 'n ondersoek (art 63): Indien die ring besluit om van 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam gebruik te maak, tree die ringsregskommissie saam met die sekundi-lede van die ringsregskommissie as gevolmagtigde ondersoekliggaam op vir die ring in tugsake rakende ouderlinge, diakens, predikante, emeriti en proponente. Hoogstens twee deskundige lede kan na behoefte en met volle stemreg deur die ondersoekliggaam gekoöpteer word.
- 31.7.4 In geval van 'n appèl (art 23): Indien die ring besluit om van 'n gevolmagtigde appèlliggaam gebruik te maak, tree die ringsregskommissie saam met die sekundi-lede van die ringsregskommissie op as gevolmagtigde appèlliggaam. Hoogstens twee deskundige lede kan telkens na behoefte met volle stemreg deur die ringsappèlliggaam gekoöpteer word.
- 31.7.5 Toestemming van die ring/ringskommissie is nodig, indien die ringsregskommissie regsadvies met koste implikasies wil inwin.
- 31.8 Ander kommissies
- 31.8.1 Met die oog op die behartiging van die werksaamhede van die kerk in ringsverband, benoem die ring na gelang van behoeftes permanente kommissies wat aan die volgende sake aandag gee: diens van barmhartigheid, getuienis, gemeentebediening, jeugwerk, leer en aktuele sake en vrouelidmate.
- 31.8.2 Hierdie kommissies bevorder in die nouste samewerking met die ooreenkomstige kommissies van die kerkrade in ringsverband en die kommissies van die sinode, die belange van die onderskeie werksaamhede waarvoor hulle benoem word en doen verslag daaroor, sowel as oor die stand van hierdie werksaamhede in die onderskeie gemeentes, aan die volgende gewone vergadering van die ring.
- 31.8.3 In die reël word lede van die ring wat in die ooreenstemmende kommissies van hulle kerkraad en/of sinode dien, benoem in die betrokke kommissies van die ring.
- 31.8.4 Elke ring bepaal self die grootte en sameroeper van die onderskeie kommissies.
- 31.8.4.1 Lede van die kommissies hoef nie noodwendig lede van die vergadering te wees nie.
- 31.8.4.2 Die voorsitter van die kommissie moes lid van die jongste gewone ringsvergadering gewees het.
- 31.9 Konsulent
- 31.9.1 Die ringsvergadering benoem 'n konsulent vir elke gemeente binne hul ressort. Medepredikante mag nie oor en weer konsulent wees nie (vgl. bep. 9.4).

- 31.10 Koste van kommissies van die ring
- 31.10.1 Die koste van kommissies deur die ring gekies, word eers vir goedkeuring aan die ringskommissie voorgelê vir betaling uit die ringsfonds of kan na vooraf goedkeuring van die SFK-D aan die saakgelastigde van die sinode vir uitbetaling voorgelê word.
- 31.11 As daar geen jaarlikse vergadering plaasvind nie, bly die kommissies en die ampsdraers in funksie tot die volgende jaarlikse vergadering.

Bepalings by Kerkorde Artikel 32 - Geen

Bepalings by Kerkorde Artikel 33

Bepaling 33

- 33.1 Die samestelling van die sinode
- 33.1.1 Die kerkraad van elke gemeente vaardig die predikant(e) af saam met 'n gelyke aantal ouderlinge/diakens. (Sien riglyne by art 26.2 C)
- 33.1.1.1 Indien geen kerkraadslid, ouderling of diaken as afgevaardigde beskikbaar is nie, kan 'n kerkraad een amptelike waarnemer van die gemeente op koste van die sinode stuur. So 'n amptelike waarnemer het wel spreekreg, maar nie stemreg nie.
- 33.1.2 Die sinode dra die koste van die afgevaardigdes.
- 33.1.3 Vir elke afgevaardigde word 'n sekondus aangewys. Die primarius- en sekondus-ouderling/diakens mag mekaar tydens die sinode afwisselend vervang, behalwe waar 'n tugsak aan die orde is. Waar vervanging plaasvind moet die afvaardigende kerkraad self vir die ekstra koste instaan.
- 33.1.4 Indien die voorsitters en skribas van sinodale kommissies nie deur gemeentes afgevaardig word nie, het hulle adviserend sitting op koste van die sinode.
- 33.1.5 Predikante in sinodale diens (sien bep. 35.4.2.5.2) wat nie afgevaardigdes is nie, het adviserende sitting.
- 33.1.6 Dosente van die teologiese kweekskool wat nie afgevaardigdes is nie, kan die sinode adviserend bywoon.
- 33.2 Die konstituering van die sinode
- 33.2.1 Die sinodale vergadering kan as behoorlik gekonstitueer verklaar word as 'n volstreekte meerderheid van die afgevaardigdes wie se geloofsbriewe ingelewer is, teenwoordig is (regl. 17:4.2.2.2). Vir gewone werksaamhede is een derde van die getal op die presensielys 'n kworum.
- 33.3 Die moderatuur
- 33.3.1 Samestelling
- 33.3.1.1 Die moderatuur van die sinode bestaan uit die voorsitter (moderator), ondervoorsitter (assessor), aktuaris, skriba en een addisionele lid wat deur die sinode verkies word (

- regl. 17:5.1). Persone mag nie na twee dienstermyne in dieselfde hoedanigheid verkies word nie.
- 33.3.1.2 Die PSD vir kommunikasie en die saakgelastigde dien adviserend in die moderatuur.
- 33.3.1.3 Die moderatuur kan tot twee lede met stemreg of op ad-hoc basis koöpteer.
- 33.3.2 Die moderatuur gee leiding aan die sinode, ontvang en oorweeg voorstelle vir voorlegging aan die sinode en onderteken die notule van elke sitting.
- 33.3.3 Na die vergadering van die sinode bly die moderatuur voortbestaan as dagbestuur van die moderamen.
- 33.3.4 Die agenda en notule van moderatuursvergaderings word aan alle lede van die moderamen gestuur.
- 33.4 Die moderamen
- 33.4.1 Die moderamen word soos volg saamgestel:
- 33.4.1.1 die moderatuur
- 33.4.1.2 een predikant en een ouderling/diaken per ring
- 33.4.1.3 die voorsitters van al die sinodale kommissies
- 33.4.1.4 al die PSD's en die uitvoerende beampte van die vrouebediening wat in adviserende hoedanigheid deel van die moderamen is
- 33.4.1.5 die moderamen kan tot 5 lede met stemreg of op 'n ad hoc-basis adviserend koöpteer.
- 33.4.2 Die moderamen vergader ten minste een maal per jaar en die kworum is meer as die helfte van die stemgeregtigde lede.
- 33.4.3 Die funksie van die moderamen is om na die vergadering van die sinode:
- 33.4.3.1 uitvoering te gee aan alles wat deur die sinode aan hom opgedra is;
- 33.4.3.2 alle dringende sake wat nie by een van die sinodale kommissies tuishoort nie en van algemene belang van die kerk is, te hanteer;
- 33.4.3.3 na die eis van omstandighede in oorleg met die betrokke kommissie(s) van die sinode en met verantwoording aan die volgende vergadering van die sinode, leidinggewend en koördinerend ten opsigte van werksaamhede van die sinode op te tree;
- 33.4.3.4 die werksaamhede van sinodale kommissies te koördineer;
- 33.4.3.5 geskille te hanteer wat voortvloei uit sinodale werksaamhede en waarvoor daar nie spesifiek voorsiening gemaak is nie;
- 33.4.3.6 kommunikasie te bevorder en gesprek in die kerk te stimuleer,
- 33.4.3.7 oor die toekomstige rol van die kerkverband (sinode, ringe en gemeentes) te besin en te beplan;
- 33.4.3.8 aansoeke om bevoegdheid van predikante en proponente te hanteer;
- 33.4.3.9 wys die afgevaardigdes na die algemene sinode aan;
- 33.4.3.10 na tydsomstandighede dank- en biddae uit te skryf;
- 33.4.3.11 ekumeniese skakeling te behartig;
- 33.4.3.12 skakeling met die owerheid te behartig;

- 33.4.3.13 die kerkverband in alle gevalle waarvoor geen voorsiening gemaak is nie, te verteenwoordig;
- 33.4.3.14 as kommissie van orde op te tree;
- 33.4.3.15 'n buitengewone sinode te belê wanneer die belange van die kerk in die algemeen of sake van groot gewig, dit vereis;
- 33.4.3.16 doen by die eersvolgende sinode verslag van sy werksaamhede.
- 33.4.4 Die aktuaris is belas met die werksaamhede soos voorgeskrywe in reglement 2.
- 33.4.5 Die skriba van die sinode is belas met die werksaamhede soos voorgeskrywe in reglement 21.
- 33.4.6 Na afloop van elke vergadering word die ter sake besluite van die vergadering deur die skriba van die moderamen aan die ringe en kerkrade gestuur en beslissinge van besondere belang word ook in die Kerkbode bekend gemaak.

Bepalings by Kerkorde Artikel 34

Bepaling 34

- 34.1 Die sinode kom byeen op 'n tyd en plek soos deur die moderamen bepaal en word ten minste ses maande tevore deur 'n kennisgewing van die skriba van die moderamen aan die kerkrade, byeengeroep.
- 34.2 Buitengewone sinode
 - 34.2.1 'n Buitengewone vergadering van die sinode kan deur die moderamen belê word wanneer die belange van die kerk in die algemeen, of sake van groot gewig in besonder dit vereis. Van 'n buitengewone vergadering moet binne 'n redelike tyd vooraf kennis gegee word.
 - 34.2.2 Die sinode word saamgestel volgens bep. 33.1.
 - 34.2.2.1 Die voorsitter van die moderamen tree as voorsitter van die vergadering op.
 - 34.2.2.2 Die personeel van die moderamen vervul die funksies waarvoor hulle aangewys is.
 - 34.2.2.3 Sinodale kommissies word nie nuut aangewys nie.
 - 34.2.2.4 Bestaande sinodale kommissies adviseer waar van toepassing die sinode oor sake op die sakelys. Tydelike kommissies word slegs vir daardie sake aangewys waarvoor daar nie permanente sinodale kommissies is nie.
 - 34.2.3 Die buitengewone sinode het 'n beperkte sakelys wat deur die moderamen bepaal word.
- 34.3 By die opening en verdere reëling van die sinode word gehandel ooreenkomstig die voorgeskrewe bepalinge (vgl. regl. 17).

Bepalings by Kerkorde Artikel 35

Bepaling 35

- 35.1 Die afvaardiging na die algemene sinode (en 'n buitengewone algemene sinode) saamgestel uit die lede van die vergadering, bestaan uit twee komponente:
 - 35.1.1 die moderatuur en die voorsitters van die kommissies van die sinode wat ampshalwe afgevaardigdes is. (Indien die voorsitter nie 'n lid van die sinode is nie, word 'n lid van

die betrokke sinodale kommissie wat die sinode bywoon, afgevaardig; Indien die voorsitter nie beskikbaar is nie, word 'n sekondus wat die sinode bygewoon het, uit die betrokke kommissie as afgevaardigde aangewys);

- 35.1.2 Die balans van die getal afgevaardigdes (predikante en ouderlinge/diakens), soos deur die Algemene Sinode bepaal word (art 38), word op ringsvlak genomineer en word deur die moderamen uit hierdie genomineerdes gekies op so 'n wyse dat daar ten minste een verteenwoordiger van elke ring na die algemene sinode gaan.
- 35.2 Aanwysing van afgevaardigdes/vertteenwoordigers deur sinodale kommissies en ringe.
- 35.2.1 Waar van toepassing konstitueer die sinodale kommissies tydens die sinodesittings en wys hul voorsitters/afgevaardigdes/vertteenwoordigers op die moderamen (bep. 33) en na die Algemene Sinode (bep. 35.1.1.2) aan.
- 35.2.2 Die ringe konstitueer tydens die sinodesitting en:
 - 35.2.2.1 nomineer een predikant en een ouderling/diaken met twee sekundi as afgevaardigdes na die algemene sinode;
 - 35.2.2.2 verkies een predikant en een ouderling/diaken (verkieslik nie-predikante) met sekundi as verteenwoordigers op die moderamen;
 - 35.2.2.3 verkies predikante, ouderlinge/diakens/lidmate vir kommissies wat ringsgewys saamgestel word (vgl bep. 35.4.2.2);
 - 35.2.2.4 nomineer predikante, ouderlinge/diakens/lidmate vir sinodale kommissies wat deur die kommissie vir kommissies saamgestel word.
- 35.2.3 Die sinode bekragtig die verkiesings.
- 35.3 Opskort van bepalinge en beslissinge
 - 35.3.1 Die sinode mag die voorskrifte van die bepalinge en reglemente opskort (suspendeer) of daarvan vrystelling (kondonasie) verleen met 'n twee-derde meerderheidstem (vgl. art. 45.2 en woordverklaring 2).
 - 35.3.2 Die besluite of beslissinge (uitsprake) van die sinode m.b.t. sake wat deur mindere vergaderinge behandel en in geval van beroep voor hom gebring is, is beslissend (art. 23b 4.2 en art. 44).
- 35.4 Kommissies van die sinode
 - 35.4.1 Vir die uitvoering van take benoem die sinode die volgende permanente kommissies:
 - 35.4.1.1 'n Kommissie vir argief en bestuursinligtingdienste (bep. 35.10, regl. 3)
 - 35.4.1.2 'n Kommissie vir die diens van barmhartigheid (bep. 54.4)
 - 35.4.1.3 'n Fondsekommissie (bep. 57, regl. 8, 9, 19 en 22)
 - 35.4.1.4 'n Getuieniskommissie met as subkommissies (bep. 53 en regl. 13)
 - 35.4.1.4.1 Sending
 - 35.4.1.4.2 Gerigtebediening (waaronder: straatwerk, arbeidsbediening, bediening aan andertaliges en die bediening aan die Jode)
 - 35.4.1.5.1 'n Kommissie vir gemeentebediening (bep. 52)
 - 35.4.1.6 'n Kommissie vir kommunikasie (bep. 35.9)
 - 35.4.1.7 'n Jeugkommissie (bep. 50.2.3.1, 50.2.3.2; regl. 10)

- 35.4.1.8 'n Kuratorium met as subkommissies (art. 5, regl. 16)
- 35.4.1.8.1 'n Begeleidingskommissie
- 35.4.1.8.2 'n Eksamenkommissie
- 35.4.1.8.3 'n Kieskollege
- 35.4.1.9 'n Kommissie vir leer en aktuele sake (art. 56, bep. 35.5)
- 35.4.1.10 'n Kommissie van orde (bep. 35.8)
- 35.4.1.11 'n Regskommissie (bep. 35.6)
- 35.4.1.12 'n Kommissie vir vrouelidmate (regl. 24)
- 35.4.1.13 'n Kommissie vir predikantsbegeleiding (bep. 35.11)
- 35.4.1.14 'n Moderamen (bep. 33.4)
- 35.4.1.16 'n Kommissie vir diensverhoudinge
- 35.4.2 Samestelling van kommissies
- 35.4.2.1 Die samestelling van kommissies word in gemelde bepalinge en/of reglemente aangedui.
- 35.4.2.2 Die volgende kommissies word op ringsbasis saamgestel: diens van barmhartigheid, fondse, jeug, leer- en aktuele sake, getuienis, gemeentebediening en vrouelidmate.
- 35.4.2.3 Die ander sinodale kommissies word so saamgestel dat dit nie uit meer as tien lede bestaan nie.
- 35.4.2.4 Elke kommissie kan, waar nodig en soos in hul reglement bepaal, 'n aantal deskundige lede koöpteer, wat nie noodwendig afgevaardigdes na die sinode hoef te wees nie. Dit is verkieslik dat dosente van die teologiese kweekskool onder hierdie gekoöpteerde lede tel.
- 35.4.2.5 Indien die sinode daartoe besluit het, mag 'n kommissie 'n voltydse persoon benoem wat belas is met die administrasie van die kommissie se arbeid en wat optree as skriba van die kommissie.
- 35.4.2.5.1 Hierdie kommissies mag predikante en ander persone met toepaslike kwalifikasies in diens neem met die oog op besondere werksaamhede, indien die sinode sodanige poste goedkeur. Sodanige persoon in sinodale diens is ook ampshalwe lid van die kommissie(s) met wie saamgewerk word en aan wie verantwoording gedoen moet word.
- 35.4.2.5.2 Sinodale amptenare word deur hulle betrokke kommissie benoem. Predikante in sinodale diens (d.w.s. predikante wat as skribas van sinodale kommissies sinodale werksaamhede organiseer, koördineer en uitvoer) asook predikante in spesiale ampsdiens (d.w.s. wat spesiale sinodale werksaamhede uitvoer) word deur die betrokke sinodale kommissie beroep en in samewerking met die kerkraad wat toesig oor die predikant het, bevestig met of sonder koppeling aan 'n gemeente (vgl. Die Kerkorde 2007 regl. 3:2.3.2; bep. 4.14, bep. 7.5.2, regl. 17:7.3.3.3).
- 35.4.2.5.2.1 Nominasies en stemming kan ook volgens omstandighede per gekontroleerde brief geskied.
- 35.4.2.5.2.2 Waar 'n predikant in spesiale diens sy werk verrig onder beheer van 'n subkommissie as beheerraad, kan die betrokke beheerraad as pre-advieskommissie optree op voorwaarde dat die PSD sitting sal hê in hierdie kommissie en die kommissie uit minstens vyf persone sal bestaan en dat die uitvoerende komitee van die bepaalde sinodale kommissie in aansluiting by regl. 17:7.3.3 ook 'n nominasie mag maak.

- 35.4.2.5.2.3 Indien 'n persoon/benoemde sou bedank, die kommissie vir pre-advies nie noodwendig 'n benoemingsproses van vooraf hoef te begin nie, maar dat die reeds beskikbare groslys dan as basis kan dien, op voorwaarde dat enige lid van die uitvoerende komitee die reg sal hê om 'n persoon te nomineer.
- 35.4.2.5.2.4 Proponente in diens van die kerkverband word deur die betrokke kommissie benoem en in samewerking met die kerkraad wat toesig oor hom/haar het, in diens gestel met behoud van proponentsbevoegdheid (Die Kerkorde 2002, regl. 3:2.4).
- 35.4.2.6 Elke kommissie bepaal self die wyse waarop 'n dagbestuur van ongeveer vier lede aangewys word. Kommissies wat op ringsbasis saamgestel is, mag indien nodig, 'n uitvoerende komitee van ongeveer nege lede aanwys.
- 35.4.2.7 Voorsitters en onder-voorsitters van kommissies mag nie na twee dienstermyne in dieselfde hoedanigheid verkies word nie.
- 35.4.2.8 Vakatures in sinodale kommissies word, tensy anders in die bepalinge of reglemente van 'n kommissie bepaal word, deur die betrokke kommissie aangevul. In die geval van ringsverteenvoerders in kommissies, benoem die ring of ringskommissie die plaasvervanger en gee daarvan skriftelike kennis aan die voorsitter of skriba van die betrokke sinodale kommissie. In alle gevalle van personeelwisseling moet die skriba van 'n kommissie die skriba van die sinodale kommissie in kennis stel.
- 35.4.3 Vergaderings van kommissies
- 35.4.3.1 Kommissies wat op ringsbasis saamgestel word, vergader drie keer in die reses. Indien noodsaaklik, mag meer vergaderings gehou word met die verloop van die moderamen. Die eerste vergadering is tydens of onmiddellik na die sinode ten einde te konstitueer en te beplan.
- 35.4.3.2 Kommissies wat nie ringsgewys saamgestel word nie, vergader slegs wanneer dit werklik noodsaaklik is.
- 35.4.3.3 Uitvoerende komitees en/of dagbesture oorweeg dit om telefoonvergaderings te hou wanneer die sakelys kort is.
- 35.4.3.4 Verteenvoerders van kommissies kan in die jare waarin die sinode nie vergader nie, die ring of kommissies van die ring besoek om te motiveer en inligting oor te dra.
- 35.4.4 Werksaamhede van kommissies
- 35.4.4.1 Die werksaamhede van kommissies word in hulle gemelde bepalinge en/of reglemente aangedui (sien bep. 35.4.1).
- 35.4.4.2 Elke kommissie mag huishoudelike reglemente opstel vir die reëling van hul werksaamhede en die werk van voltydse en ander personeel mits dit nie in stryd is met Die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente nie.
- 35.4.4.3 Die verslae (in duplikaat) van alle permanente sinodale kommissies en verteenwoordigers moet die skriba van die moderamen minstens drie maande voor die sinodevergadering bereik en moet minstens vier weke voor die opening van die sinodevergadering tot kennis van die verskillende kerkrade gebring word.

- 35.4.4.4 Al die voltyds benoemde amptenare en predikante in sinodale diens mag die vergadering van die sinode met adviserende stem bywoon wanneer sake bespreek word wat met hul werk verband hou.
- 35.5 Sinodale kommissie vir leer en aktuele sake
- 35.5.1 Die sinode benoem 'n sinodale kommissie vir leer en aktuele sake wat bestaan uit:
- 35.5.1.1 een lid (met sekundus) vir elke ring. Vakatures word aangevul soos bepaal vir sinodale kommissies in bepaling 35.4.2.8;
- 35.5.1.2 hoogstens sewe addisionele lede deur die sinode benoem vanweë hulle deskundige kennis, waaronder dosente in die departement dogmatologie aan die kweekskool van Stellenbosch en ook een verteenwoordiger van die vrouelidmate;
- 35.5.1.3 die predikant in sinodale diens met opdrag leer en aktuele sake wat ampshalwe lid en skriba van die SKLAS is en reg van sitting met adviserende stem in die sinode het wanneer aangeleenthede i.v.m. leer en aktuele sake behandel word.
- 35.5.2 Die predikant in sinodale diens met opdrag leer en aktuele sake is ook ampshalwe direkteur van kommunikasie en sal sodanige administratiewe dienste vir die sinodale kommissie vir kommunikasie lewer soos deur die betrokke twee kommissies ooreengekom (vgl. bep. 35.9 en regl. 14);
- 35.5.3 Vakature (predikant in sinodale diens)
- 35.5.3.1 'n Vakature ontstaan deur die dood, demissie, emeritaat, vrywillige afstand doen van die pos, ontslag of afsetting van die predikant in sinodale diens (vgl. bep. 7.12, bep. 14 en besluit 4).
- 35.5.3.2 In geval van 'n vakature word gehandel volgens reglement 17 (reglement van orde).
- 35.5.4 Die taak van die SKLAS sal wees om:
- 35.5.4.1 die sinode, kommissies van die sinode, ringe en kerkrade te adviseer oor leerstellinge en etiese vrae, sake van aktuele belang en die beleid van die kerk insake ekumeniese skakeling op plaaslike vlak;
- 35.5.4.2 te werk in belang van 'n goed ingeligte en skriftuurlike mening t.o.v. aktuele sake op hierdie terrein en ter bevordering van 'n sedelik-gesonde openbare lewe;
- 35.5.4.3 sorg te dra vir die verskaffing van inligting, voorligting en statistiek m.b.t. sake wat tot die arbeidsterrein van hierdie kommissie behoort;
- 35.5.4.4 rasse-aangeleenthede in die algemeen deurlopend te bestudeer, aan die sinode inligting te gee van besluite wat veral die Afrikaanse susterkerke oor rasse-aangeleenthede geneem het, veral 'n studie te maak van omstandighede in Wes-Kaapland (bv. behuising, lone, onderwys, ens.) wat betrekking het op rasse-verhoudinge;
- 35.5.4.5 hom te beywer dat elke ring en kerkraad 'n kommissie vir leer en aktuele sake het, en die werksaamhede van sodanige kommissie te koördineer en data van hulle ontvang, te verwerk;
- 35.5.4.6 fondse aan hom toevertrou, te administreer;
- 35.5.4.7 vir die uitvoering van sy werksaamhede poste, soos deur die sinode goedgekeur, te vul;
- 35.5.4.8 alle sake na hom verwys, te behartig;
- 35.5.4.9 'n huishoudelike reglement op te stel mits dit nie in stryd is met Die Kerkorde, Bepalings en Reglemente nie;
- 35.5.4.10 om by elke gewone sinodesitting verslag van sy werksaamhede te doen (vgl. bep. 35.4.4.3); en

- 35.5.4.11 om gereeld deur sy ringsverteenwoordigers inligting aan ringe te verstrek.
- 35.6 Sinodale regs kommissie (SRK)
- 35.6.1 Die sinode benoem 'n regs kommissie wat bestaan uit nege lede waaronder die aktuaris en ook die dosent in kerkreg van die teologiese fakulteit, Stellenbosch. Minstens een van die lede is 'n vrouelidmaat. Die kommissie kan 'n deskundige, wat 'n regs geleerde insluit, as 'n verdere lid permanent met stemreg of op 'n ad hoc-basis adviserend koöpteer. Die sinode benoem ook nege sekundielede.
- 35.6.2 Die dagbestuur van die SRK bestaan uit die voorsitter, die skriba en die aktuaris (lg. tree ook as onder-voorsitter op).
- 35.6.3 Aan die SRK word opgedra:
 - 35.6.3.1 om na afloop van elke sinode saam met die aktuaris verantwoordelik te wees vir die voorbereiding, samestelling en publikasie van Die Kerkorde, Bepalings en Reglemente (regl. 2:1.1);
 - 35.6.3.2 om na afloop van elke Algemene Sinode, die besluite wat verandering aan die bepalinge en reglemente meebring, te verwerk en aan die sinode voor te lê;
 - 35.6.3.3 om ander kerkvergaderinge en/of hulle kommissies, waar dit verlang word, te dien met voorligting en raad in sake van kerkregtelike aard;
 - 35.6.3.4 om alle beskrywingspunte wat betrekking het op die bepalinge en reglemente, na te gaan en die sinode met advies te bedien;
 - 35.6.3.5 om 'n studie te maak van sake wat deur die sinode na hom verwys is en om die sinode te dien met 'n verslag en aanbevelings in dié verband; en
 - 35.6.3.6 om voortdurend 'n studie te maak van Die Kerkorde, Bepalings en Reglemente in die lig van gereformeerde kerkreg en kerkregering en die sinode met aanbevelings te dien; en om oor kerkregtelike sake met ringe te skakel en om, indien nodig, kerkregtelike werksinkels te hou.
- 35.6.4 Hierdie kommissie mag regsadvies inwin op koste van die sinode.
- 35.7 Sinodale appèl liggaam (vgl. bep. 23)
- 35.8 Sinodale kommissie van orde
 - 35.8.1 Die sinodale kommissie van orde bestaan uit die lede van die moderamen met die reg van koöpsie.
 - 35.8.2 Hierdie kommissie vergader voor die sinodevergadering. Die kommissie:
 - 35.8.2.1 doen aanbevelings omtrent die orde van behandeling van sake voor die vergadering, die indeling van die tyd, asook aanwysings van watter sake aan kommissies toevertrou moet word, en voorts alles wat kan dien om die werksaamhede van die sinode te bespoedig;
 - 35.8.2.2 reël een of meer pastorale gesprekke tydens die sinodevergadering,
 - 35.8.2.3 handel met verhoë en laatingekome stukke wat aandag van die sinode verdien en doen verslag aan die sinode; en
 - 35.8.2.4 wys 'n sameroeper vir elke streeksvergadering tydens die sinodevergadering aan.
- 35.9 Sinodale kommissie vir kommunikasie (SKK) (vgl. regl. 14)

- 35.9.1 Samestelling
- 35.9.1.1 Die SKK bestaan uit:
 - 35.9.1.1.1 Vyf kundige lede wat deur die sinode aangewys word.
 - 35.9.1.1.2 Die predikant in sinodale diens vir kommunikasie (PSD)
- 35.9.2 Opdrag:
 - 35.9.2.1 Toesig oor die sentrum vir kommunikasie ooreenkomstig regl. 14,
 - 35.9.2.2 hantering van kerklike inligting;
 - 35.9.2.3 Skakeling met die sinodes van Oos-Kaapland en Noord-Kaapland ten opsigte van die hantering van kerklike inligting en kommunikasie.
 - 35.9.2.4 Skakeling met die openbare media.
 - 35.9.2.5. Sakakeling met die owerheid.
- 35.10 Sinodale kommissie vir argief en bestuursinligting
 - 35.10.1 Die sinodale kommissie vir argief en bestuursinligting bestaan uit:
 - 35.10.1.1 die direkteur-agivaris van die argief en bestuursinligtingdienste (SKABIB);
 - 35.10.1.2 'n dosent in ekklesiologie van die teologiese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch aangewys deur die dosenteraad/dekaan van die teologiese fakulteit;
 - 35.10.1.3 die saakgelastigde van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika, of sy gevolmagtigde soos aangewys deur die SFK-D
 - 35.10.1.4 en minstens drie ander lede.
 - 35.10.2 Die direkteur-argivaris
 - 35.10.2.1 is ampshalwe lid en skriba van die sinodale kommissie vir argief (SKA) en het reg van sitting met adviserende stem in die sinode wanneer sake i.v.m. die argief bespreek word (vgl. regl. 3).
 - 35.10.2.2 het reg van sitting met adviserende stem in die sinode wanneer sake in verband met ABID bespreek word;
 - 35.10.3 Die sinodale kommissie vir die argief
 - 35.10.3.1 Die sinodale kommissie vir die argief (SKA) bly voortbestaan vir solank as wat die onderlinge ooreenkomste met die Ned Geref Kerk in Oos-Kaapland en die Ned Geref Kerk in Noord-Kaapland ten opsigte van die argief dit nodig ag.
 - 35.10.3.2 Die SKA bestaan uit:
 - 35.10.3.2.1 SKABIB se ses lede;
 - 35.10.3.2.2 een verteenwoordiger van en aangewys deur die Ned Geref Kerk in Oos-Kaapland;
 - 35.10.3.2.3 een verteenwoordiger van en aangewys deur die Ned Geref Kerk in Noord-Kaapland;
 - 35.10.3.2.4 die saakgelastigde van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Kaapland; en nog

- 35.10.3.2.5 'n verteenwoordiger van en aangewys deur die Vereigende Gereformeerde Kerk in Kaapland.
- 35.11 Sinodale kommissie vir predikantsbegeleiding
 - 35.11.1 Die SKP word soos volg saamgestel:
 - 35.11.1.1 'n PSD wat vir 'n retraitebediening verantwoordelik is (sameroeper);
 - 35.11.1.2 twee pastorale sielkundiges/terapeute, waarvan ten minste een 'n vrou moet wees, wat op aanbeveling van die kommissie vir kommissies aangewys word;
 - 35.11.1.3 tien gemeentepredikante wat streeksgewys aangewys word, twee per streek, en
 - 35.11.1.4 een verteenwoordiger van die sinodale kommissie vir diensverhoudinge.
 - 35.11.2 Taak en funksie
 - Die taak van die SKP is om:
 - 35.11.2.1 leiding aan die sinode, ringe en gemeentes te gee ten opsigte van die pastorale versorging van predikantsgesinne;
 - 35.11.2.2 die program vir die pastorale versorging van predikantsgesinne, insluitende retraits, kursusse en riglyne vir ringsbyeenkomste, in samewerking met Buvton te beplan en te koördineer;
 - 35.11.2.3 aandag te gee aan die persoonlike roeping en identiteitsvorming van predikante;
 - 35.11.2.4 aandag te gee aan leierskapontwikkeling van predikante; en
 - 35.11.2.5 aandag te gee aan praktiese beroepsvereistes vir die predikantsbegeleiding.
 - 35.11.3 Vergaderings: die SKP vergader wanneer nodig, maar minstens een maal per jaar.
- 35.12 Tydelike kommissies van die sinode (vgl. regl. 17:11.2-5)
 - 35.12.1 Die kommissie van orde benoem 'n *tydelike regs kommissie*. Die aktuaris is ampshalwe volle lid van die tydelike kommissie (vgl. Reg. 17.11.2).
 - 35.12.1.1 Die kommissie neem alle sake wat na hom verwys word in oorweging en dien die sinode met advies.
 - 35.12.2 Die kommissie van orde benoem 'n *tydelike kommissie vir verlof en aankondigings*.
 - 35.12.3 Behalwe bg. benoem die kommissie van orde ook ander tydelike kommissies soos nodig.
- 35.13 Sinodale verteenwoordigers
 - Die sinode benoem verteenwoordigers, in die volgende liggame/rade:
 - 35.13.1 Hugenote-kollegeeraad
 - SKDB: Een primariuslid, met sekundus.
 - SJK: Een primariuslid, met sekundus.
 - SGK: Twee primariuslede met een sekundus.
 - 35.13.2 Verenigende Gereformeerde Kerk, teologiese skool kuratorium

'n Lid van die sinodale getuieniskommissie met sekundus. 'n Lid van die kuratorium van die teologiese kweekskool te Stellenbosch met sekundus.

- 35.13.3 Teologiese fakulteit, Pretoria – Ned Geref Kerk raad van kuratore en kieskollege
Een primariuslid met sekundus.
- 35.13.4 Teologiese fakulteit, Pretoria – Ned Geref Kerk eindeksamenkommissie
Een primariuslid met sekundus.
- 35.13.5 Teologiese fakulteit UOVS - kuratorium en kieskollege
Een primariuslid met sekundus.
- 35.13.6 Teologiese fakulteit UOVS - eksamenkommissie
Een primariuslid met sekundus.
- 35.13.7 Hoofbestuur VCSV
Een primariuslid met sekundus.
- 35.13.8 Nasionale direksie MVI
Een primariuslid.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 36

Bepaling 36

- 36.1 Vergelyk reglemente 9 (kerklike goedere) en 22 (SFK).

Bepalinge by Kerkorde Artikel 37 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 38 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 39 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 40 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 41 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 42 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 43 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 44 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 45 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 46 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 47 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 48

Bepaling 48

- 48.1 Op die Christelike feesdae, adventstyd, lydenstyd en pinkstertyd moet die groot heilsfeite herdenk word in die verkondiging van die woord tydens die erediens.
- 48.2 Die inrigting van huweliksdienste t.o.v. die byeenkoms, woordverkondiging, leiding, sang en musiek geskied in ooreenstemming met Die Kerkorde en die beleid van die Ned Geref Kerk in die verband (vgl. Algemene Sinode 2002 agenda bl. 86).

Bepalinge by Kerkorde Artikel 49

Bepaling 49

- 49.1 **Die heilige doop**
- 49.1.1 Die heilige doop word bedien aan kinders van belydende lidmate van die gemeente. 'n Dooplidmaatsertifikaat (doopseel) word by hierdie geleentheid aan die ouers oorhandig.
- 49.1.2 Indien ouers verlang om hul kinders te laat doop in 'n ander gemeente as waarvan hulle lidmate is, moet hulle daartoe skriftelike toestemming verkry van die predikant of, by sy afwesigheid, 'n ouderling van die gemeente. Indien die predikant of ouderling toestemming daartoe weier, mag die ouers hulle met hul versoek tot die kerkraad wend. Waar die predikant of 'n ouderling toestemming tot die doop in 'n ander gemeente verleen, moet daarvan aan die kerkraad verslag gedoen word (vgl. bep. 49.1.3).
- 49.1.3 Ouers wat die doop vir hul kinders verlang, moet hulle persoonlik aanmeld by die predikant wat hulle, tesame met een of meer ouderlinge (lg. indien moontlik) ontmoet om met hulle 'n gesprek te voer oor die erns en betekenis van die doop. Waar ouers hul kinders elders laat doop, moet hierdie gesprek met hul eie predikant gevoer word alvorens verlof daartoe gegee kan word (vgl. bep. 49.1.2) en in die verlofbrief moet vermeld word dat die onderhoud met die doopouers gevoer is.
- 49.1.4 Toestemming kan slegs tot die doop in ander gemeentes van die Ned Geref Kerk of erkende protestantse kerke gegee word (vgl. besluit 25).
- 49.1.5 Die doop mag by wyse van uitsondering bedien word aan die kinders van lidmate van erkende protestantse kerke, mits hulle daartoe skriftelike verlof ontvang van hul eie

- predikant of die verantwoordelike verteenwoordigers van hul eie gemeente (vgl. besluit 16).
- 49.1.6 Aangenome kinders mag alleen gedoop word wanneer hul opvoeding waargeneem word deur belydende lidmate wat in staat is om die doopbelofte na te kom.
- 49.1.6.1 Die doop mag nie aan ongedoopte kinders wat aangeneem word, bedien word voordat die aanneming wetlik afgehandel is nie.
- 49.1.6.2 Aannemende ouers is verplig om die doopbelofte na te kom wanneer kinders wat reeds gedoop is, aangeneem word.
- 49.1.7 Doop van kinders ouer as sewe jaar (vgl. besluite by art. 49.1)
- 49.1.7.1 Hierdie doopbediening geskied in die erediens en die ouers antwoord op die doopvrae soos gewoonlik.
- 49.1.7.2 Die kerkraad van hierdie doopbediening(s) doen verslag aan die ring met opgawe van redes.
- 49.1.7.3 Lidmate wat na herhaalde vermanings versuim om hul kinders te laat doop, stel hulle bloot aan die tug.
- 49.1.7.4 Wanneer 'n predikant beswaar mag hê om die doop te bedien, moet dit aan die doopouers meegedeel word en moet die gevoel van die kerkraad so spoedig moontlik verneem en daarvolgens gehandel word (vgl. besluit 21).
- 49.1.7.5 Pleegouers wat na goedkeuring deur die kerkraad 'n kindjie ten doop bring, word in die doopregister as sodanig aangedui (vgl. bep. 49.1.5 en besluit 20).
- 49.1.7.6 Die leer van die grootdoop as die enigste korrekte doop, en die herdoop van lidmate van die kerk, is 'n dwaling t.o.v. die leer, wat nie deur die kerk geduld kan word nie.
- 49.1.7.7 Met lidmate wat hulle laat herdoop, moet volgens die prosedure van die kerklike tug gehandel word, tensy hulle hulself aan die gemeenskap van die kerk onttrek en hulle lidmaatskap formeel opsê. (vgl. besluit 19).
- 49.1.7.8 Tug teen sulke lidmate behoort aanvanklik nie verder as vermaning, en by volharding daarin, nie verder as die onthouding van die nagmaal te gaan nie, omdat dit hier kan gaan om 'n dwaling binne die christenskap wat nie noodwendig beteken dat die dwalende geen deel aan Christus en sy ryk het nie. Wanneer daar egter volhard word in die dwaling en dit blyk dat daar sprake is van hardnekkige verset teen die gesag van die kerk of van 'n aantasting van die leer van die regverdiging deur die geloof alleen moet die tug tot sy konsekwensie deurgevoer word.
- 49.1.7.9 Ampsdraers wat in die verband dwaal, is aan die tug onderworpe. (vgl. besluit 19)
- 49.1.7.10 Daar word strenger opgetree teenoor ampsdraers as teenoor ander lede van die gemeente wat in hierdie opsig dwaal. Hulle word in elk geval verbied om voort te gaan met hulle ampsdiens (geskors) tot tyd en wyl daar berou is en hulle hulself betroubaar betoon het in die verdediging van die gesonde leer.
- 49.2 Die heilige nagmaal
- 49.2.1 Tot die nagmaal word toegelaat:
- 49.2.1.1 belydende lidmate van die gemeente;

- 49.2.1.2 gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo, aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen en die begeerte het om nagmaal te gebruik; en
- 49.2.1.3 lidmate en gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo van ander gemeentes van die kerkverband, of van erkende protestantse kerke (besluit 25) wat die reg het om nagmaal te gebruik en hulle by die kerkraad aangemeld het of deur die kerkraad daartoe uitgenooi is.

Bepalings by Kerkorde Artikel 50

Bepaling 50¹

- 50.1 Jeugkommissie
- Jeugkommissies word op kerkraads-, rings-, en sinodale vlak vir die toepassing en uitbouing van die kerk se aanvaarde jeugbediening benoem. Hierdie kommissies behartig, in die nouste samewerking met mekaar, die belange van die verskillende aspekte van die kerk se jeugbediening met verslag aan die betrokke kerkvergadering wat weer aan die volgende meerdere kerkvergadering verslag doen.
- 50.2 Strukturering en funksionering van die jeugbediening
- 50.2.1 Gemeentelike vlak
- 50.2.1.1 Die kerkraad
- 50.2.1.1.1 Die kerkraad is verantwoordelik vir die bediening van die doop- en jong belydende lidmate van die gemeente.
- 50.2.1.1.2 Die kerkraadsjeugkommissie word so saamgestel dat al die fasette van die gemeentelike jeugbediening daarin verteenwoordig is.
- 50.2.1.1.3 Verslaglewering
- Die kerkraadsjeugkommissie doen verslag aan die kerkraad oor al die fasette van die jeugbediening op grond van verslaglewering deur die onderskeie groepe.

1

Die jeug is 'n wesenlike deel van die gemeente en staan onder die regering, opsig en tug van die kerkraad.

Die jeug is 'n besondere verantwoordelikheid van die kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.

Die jeug is die kind en die jongmens vanaf geboorte tot volwassenheid en vorm deur alle stadia van groei en ontwikkeling 'n eenheid.

Die kerk se verantwoordelikheid t.o.v. jeugarbeid omvat herderlike sorg, geestelik-godsdienstige onderrig en opvoeding, toesig oor en bemoeienis met die opvoeding en onderwys wat die jeug ontvang (vgl. art. 69), en voorligting en hulp aan die jeug in al sy lewensverbande.

Die kerk het die onvervreembare reg om sy eie jeug vir bepaalde doeleindes te organiseer.

Kontinuiteit in die kerk se arbeid aan die jeug is 'n basiese vereiste. Dit is 'n deurlopende werksprogram waarvan die onderdele en die geheel doelbewus meewerk tot die verwesenliking van die één einddoel "om die jeug te lei tot volwaardige lidmate van die gemeente van Christus".

Koördinasie van die kerk se arbeid aan die jeug is essensieel. Dit beteken dat al die vertakkinge van die jeugarbeid wat doelstelling, werksprogram en organisasie betref, heg ineengeskakel moet wees.

- Die kerkraad doen verslag aan die ring.

50.2.1.2 Die kategeese

50.2.1.2.1 Die kategeese word in elke gemeente beoefen as deel van die onderrigende taak van die kerk (Matt. 28:19; Joh. 21:16). Die kerkraad is direk verantwoordelik vir die daarstelling en instandhouding van die kategeseskool, sowel as vir die aanstelling van die leier-kategete, sekretarisse en kategete.

50.2.1.2.2 As handleiding in die kategetiese onderrig word die hand- en/of leerboeke gebruik wat uitgegee word in opdrag van die Algemene Sinode.

50.2.1.2.3 Alleen in uitsonderlike gevalle mag die kerkraad toestemming gee dat afgewyk word van die leerplan soos deur die Algemene Sinode aangebied.

50.2.1.2.4 Die junior-kategeese strek normaalweg oor 6 jaar vanaf die kind se eerste skooljaar.

50.2.1.2.5 Die senior-kategeese strek normaalweg oor vier jaar vanaf die kind se sewende skooljaar.

50.2.1.2.6 Die belydenisklas duur ten minste een volle jaar na voltooiing van die volle leergang van die junior- en senior-kategeese. Normaalweg vind die ondersoek na en toelating tot aflegging van belydenis in die dooplidmaat se matriekjaar plaas.

50.2.1.2.7 Die belydenisklas word deur die predikant (e) self waargeneem.

50.2.1.2.8 Kinders wat sonder twyfel van plan is om die skool te verlaat voordat die volle leerplan deurloop is, mag ingeskakel word by die belydenisklas mits die predikant toesien dat die leerstof van die leerplan in hoofsake met hulle behandel word.

50.2.1.3 Kerkjeugaksies

50.2.1.3.1 Indeling van die kerkjeugaksies

Die jeug word d.m.v. 'n kerkjeugaksie bedien met die volgende afdelings:

- junior-kerkjeugaksie (JKJA) (kinderkrans) vir die juniordooplidmate;
- senior-kerkjeugaksie (SKJA) vir die seniordooplidmate;
- belydende kerkjeugaksie (BKJA) vir die belydende jeug.

50.2.1.3.2 Die doel van die kerkjeugaksie

- Om die jeug te lei tot 'n persoonlike geloofsverhouding met Jesus Christus op grond van sy verbondsverseëling deur die doop.
- Die voorbereiding en die voortgesette toerusting tot skrifgetroue volgelinge van die Here Jesus Christus en lewende lidmaatskap van sy kerk in noue aansluiting by die kategetiese doelstellings van die kerk.
- Betrokkenheid en dienslewering in die kerk en die koninkryk van God t.o.v. getuienis, evangelisasie, diens van barmhartigheid, jeug en ander werksaamhede van die kerk deur gebed, bybelstudie, praktiese diens en offervaardigheid.
- Getroue steun aan die Ned Geref Kerk as sigbare openbaring van die liggaam van Christus en heelhartige deelname aan al die aanbiddingsgeleenthede en ander werksaamhede van die gemeente.

- Beoefening en beleving van die liefdesgemeenskap in die kerk van Christus.

50.2.1.3.3 Die gerigtheid van die kerkjeugaksies

- Die JKJA is gerig op gemeentekinders van voorskools tot graad 7.
- Die SKJA is gerig op gemeentekinders van graad 8 tot 12.
- Die BKJA is gerig op die jong belydende lidmate van die gemeente.
- Enige kind of jongmens wat nie lidmaat van die gemeente is nie, kan by die betrokke jeugaksie van die gemeente inskakel, mits vereenselwiging met die doelstellings en program geskied.

50.2.1.3.4 Funksionering van die kerkjeugaksies

Hierdie aksies word so georganiseer dat die jeug ruim geleentheid kry om leiding te neem.

Vir elke jeugaksie en jeugbelangegroep is daar 'n komitee tensy omstandighede 'n ander reëling noodsaak. Die kerkraad keur die komitees goed.

Gemeenteaksies kan self besluit op 'n benaming vir hul jeugaksies.

50.2.2 Ringsvlak

50.2.2.1 Die ring bepaal die samestelling van die RJK.

50.2.2.2 Die RJK word so saamgestel dat al die fasette van die jeugbediening daarin verteenwoordig is.

50.2.2.3 Die RJK koördineer al die fasette van die jeugbediening in die ring.

50.2.2.4 Onder leiding van die RJK kan daar na gelang van omstandighede vir jeugbelangegroep komitees wees wat sekere werksaamhede onderneem.

50.2.2.5 Die RJK lewer verslag van alle fasette van die jeugbediening aan die ring.

50.2.3 Sinodale vlak

50.2.3.1 Die SJK bestaan uit:

50.2.3.1.1 een verteenwoordiger (met sekondus) uit elke ring

50.2.3.1.2 die predikant(e) in sinodale diens

50.2.3.1.3 Vakatures t.o.v. ringsverteenwoordigers word deur die ring of ringskommissie aangevul met verslag aan die skriba van die moderamen.

50.2.3.1.4 Die SJK benoem 'n dagbestuur bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, skriba van die SJK en 2 deskundige lede van die adviesspan.

50.2.3.1.5 Die SJK dagbestuur wys 'n adviesspan van ongeveer 10 deskundige lede aan wat hulle met inligting, raad en leiding kan bedien.

50.2.3.1.6 Die SJK stel 'n huishoudelike reglement in oorleg met die moderamen op vir die uitvoerende komitee, die adviesspan en die dagbestuur waarin die opdrag en die werkswyse bepaal word.

- 50.2.3.1.7. Die SJK benoem 'n uitvoerende komitee wat soos volg saamgestel is:
- Die dagbestuur van die SJK
 - Vyf ringsverteenwoordigers aangewys deur die SJK
 - 'n Verteenwoordiger van die kinderbediening
 - 'n Verteenwoordiger van die kerklike jeugwerkersvereniging
 - 'n Verteenwoordiger van die adviesspan
- 50.2.3.6 Die sinodale jeugkommissie:
- 50.2.3.6.1 koördineer alle fasette van jeugbediening in die sinodale gebied;
- 50.2.3.6.2 lewer verslag van al die fasette van die jeugbediening aan die sinode; en kan sub-komitees benoem om bepaalde afdelings van die jeugbediening te behartig of bepaalde opdragte uit te voer.
- 50.2.4 Samewerking en eenheid met die VGK
- 50.2.4.1 'n Gesamentlike kommissie vanuit die sinodale kommissie vir Christelike opvoeding (SCO) en die sinodale jeugkommissie (SJK) funksioneer volgens die goedgekeurde reglement .
- 50.2.4.2 Naam: sinodale kommissie vir Christelike jeugbediening (SCJ).
- 50.2.4.3 Samestelling:
- 50.2.4.3.1 26 lede waarvan 13 van die VGK en 13 van die NGK,
- 50.2.4.3.2 die VGK en die NGK bepaal elkeen self hoe die samestelling van hul verteenwoordigers is,
- 50.2.4.3.3 die SCJ het 'n dagbestuur van agt lede waarvan vier lede elk deur die twee kerke se verteenwoordigers aangewys word,
- 50.2.4.4 Ned Geref Kerk verteenwoordigers op die SCJ is dieselfde as die uitvoerende komitee van die SJK.
- 50.3 'n Reglement vir die SCJ word in die reglemente opgeneem (vgl. regl. 10)

Bepalinge by Kerkorde Artikel 51 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 52

Bepaling 52

Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening (SKG)

- 52.1 Die getuienaak van die kerk word in die gemeentebediening op die lidmate gerig ten einde die gemeente op te bou in hulle geestelike lewe en tot vervulling van hulle dienswerk in die wêreld.

- 52.2 Die getuienisaksie van die kerk word deur gespesialiseerde gemeentebediening gerig op die kerkvervreemdes wat formeel nog lidmate is ten einde hulle daadwerklik te bereik en hulle tot gemeenskap met Christus te bring.
- 52.3 Uitgangspunte
- 52.3.1 Die kerk
Die vertrekpunt is die belydenis dat die kerk 'n heilige vergadering is van gelowiges in Christus is, wat hul hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.
- 52.3.2 Christus die groot ampsdraer
Jesus Christus is die Hoof van die gemeente. As Gesalfde is Hy ons hoogste Profeet, ons enigste Hoëpriester en ewige Koning. Alle gelowiges het die roeping om as verbondsvolk volgens die opdrag en voorbeeld van Christus en met die toerusting van die Heilige Gees, God te dien in die amp van die gelowige as profeet, priester en koning.
- 52.3.3 Die gemeente: almal geroepenes
Die gemeente as liefdesgemeenskap is geroepe om koninkryksdiens te verrig. Daarom vind die ampsvervulling van die gelowige in verbondenheid aan die gemeente plaas. As verbondsvolk het die hele gemeente 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar en teenoor almal wat vervreemd van of buite die verbond is.
- 52.3.4 Die ampte van predikant, ouderling en diaken en hulle verhouding tot die amp van die gelowige.
Die besondere ampte van predikant, ouderling en diaken het die opdrag om die gelowiges toe te rus en te aktiveer ten einde hulle dienswerk kragtens die Bybelse opdrag na te kom.
- 52.3.5 Gemeentebediening as profetiese, priesterlike en koninklike diens.
Die profetiese, priesterlike en koninklike roeping behoort tot die wese van gemeentebediening en kan nooit los van mekaar vervul word nie.
- 52.3.6 Intensiewe gemeentebediening na binne
Saam met die normale gemeentebediening gee die gemeente amptelik aandag aan daadwerklike kerkvernuwing en intensiewe gespesialiseerde gemeentebediening. Hierdie bediening is daarop gerig om die kerkvervreemdes wat formeel nog lidmaat is, daadwerklik te bereik.
- 52.4 Taakomskrywing van die (SKG)
Die opdrag van hierdie kommissie is:
- 52.4.1 om in samewerking met Communitas, die sinode, ringe en gemeentes oor beleid ten opsigte van gemeentebediening te adviseer;
- 52.4.2 om in samewerking met Communitas te sorg vir navorsing, beplanning, inligting en voorligting oor gemeentebediening;
- 52.4.3 om as skakel op te tree tussen gemeentes en ringe, enersyds, en Communitas, andersyds t.o.v. gemeentebediening aangeleenthede;

- 52.4.4 om die inisiatief te neem vir 'n gesprek oor hulle bediening in gemeentes waar dit nodig blyk te wees, en
- 52.4.5 om nuwe gemeente ontwikkeling (NGO) te stimuleer, te koördineer en te begelei (vgl. regl. 1).
- 52.5 Tot die terrein van gemeentebediening hoort:
 - 52.5.1 die opbou en toerusting van die gemeente ten opsigte van ampsbediening en die bediening van lidmate met die oog op diens in die kerk en in die wêreld;
 - 52.5.2 die opbou van die gemeente vir erediens;
 - 52.5.3 die opbou van die huwelik en gesinslewe van die gemeente;
 - 52.5.4 die voortdurende aandag aan kerkvernuwing en die geestelike lewe van die gemeente, en
 - 52.5.5 die gespesialiseerde aandag aan die kerkvervreemde in die gemeente.
- 52.6 Waar nodig benoem die SKG subkommissies om hul met die uitvoering van hulle taak te help.
- 52.7 Die predikant in sinodale diens vir gemeentebediening:
 - 52.7.1 behartig die skribaat van die SKG met alle opdragte en administratiewe verantwoordelikheid wat daaruit voortvloei;
 - 52.7.2 tree op versoek op as fasiliteerder van ringe en gemeentes in verband met toepassing van die beleid ten opsigte van gemeentebediening;
 - 52.7.3 inisieer en koördineer navorsing oor gemeentebediening;
 - 52.7.4 besoek ringe en kerkrade om die nodige inligting en voorligting te gee oor gemeentebediening;
 - 52.7.5 vervul sy/haar taak in die nouste samewerking met Buvton maar onder toesig en leiding van die SKG, en
 - 52.7.6 behartig die opstel, organisering en aanbieding van kursusse op sinodale, rings- en gemeentevlak in verband met gemeentebediening, met die nodige verloop van die betrokke ring of kerkraad.
- 52.8 Samestelling van die SKG:
 - 52.8.1 een verteenwoordiger (met sekondus) uit elke ring
 - 52.8.2 al die PSD's wat aan Communitas toegewys is
 - 52.8.3 een van die dosente van die departement praktiese teologie en missiologie aan die teologiese fakulteit, Stellenbosch
 - 52.8.4 hoogstens vier persone met vakkundige kennis van die sake wat onder die opdrag van die SKG tuishoort, gekoöpteer deur die SKG
 - 52.8.5 een verteenwoordiger van die SKV.
- 52.9 Samestelling van die ring se kommissie vir gemeentebediening (RKG)
 - 52.9.1 Die ring stel 'n eie kommissie vir gemeentebediening saam.
 - 52.9.2 Die ring kan na goeie dinge subkommissies benoem om die verskillende werksaamhede van die getuienisaksie te behartig.
 - 52.9.2.1 Die taak van die ring se kommissie vir gemeentebediening is om die subkommissies te koördineer, te stimuleer en leiding te gee, en om aspekte van hierdie taak wat gemeentes nie alleen kan behartig nie, te verrig.

- 52.9.3 Die ring kan ook 'n kommissie vir huwelik en gesin (HEG) benoem. Hierdie kommissie word verkieslik saamgestel uit een lid van die RGK (wat ook optree as skakelpredikant met die sinodale subkommissie) RJK, RKDB, RKLAS en die RKV. Die doel van die HEG-Kommissie is om in aansluiting by die dienste wat die kerk deur o.a. die Badisa lewer, verdere gespesialiseerde huweliks- en gesinsdienste te lewer op die vlak van huweliksvoorbereiding, verryking en beraad.
- 52.10 Samestelling van die gemeente se kommissie vir gemeentebediening:
- 52.10.1 Die kerkrade stel 'n eie kommissie vir gemeentebediening saam.
- 52.10.2 'n Kerkrade kan subkommissies na goeë dunde benoem om die verskillende werksaamhede van die gemeentebediening te behartig en as subkommissies van die gemeente se kommissie vir gemeentebediening te dien.
- 52.10.3 Die kommissie en moontlike subkommissies word saamgestel uit lede van die kerkrade en/of gemeentelede.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 53

Bepaling 53

- 53.1 Sinodale getuieniskommissie (SGK) (Lees saam met regl. 13)
- 53.1.1 Samestelling
Die SGK word deur die sinode saamgestel en bestaan ooreenkomstig die reglement van die KGA uit die lede van die Ned Geref Kerk op die KGA. Verteenwoordigers van die SJK en die SKV dien kragtens regl. 13:4.2.4.
- 53.1.2 Doelstellings
Die getuienistaak van die kerk het ten doel om die heerskappy van Jesus Christus in die kerk en samelewing te verkondig en effektief uit te leef. Om dit te verwesenlik word die volgende doelstellings nagestreef:
- 53.1.2.1 om die gemeente op te bou en die gelowiges toe te rus vir hul dienswerk in die gemeente en in die wêreld, as getuies vir Jesus Christus met die oog op die uitbou van die Koninkryk van God en van sy geregtigheid;
- 53.1.2.2 om uit te reik na alle mense, bv. die kerkvervreemdes, dié wat buite kerkverband geraak het, die nie-gekerstendes en die noodlydendes;
- 53.1.2.3 om aan almal die evangelie van redding en heil deur woord en daad te bring;
- 53.1.2.4 om mense op te roep tot geloof in Jesus Christus, toetredende tot sy kerk en betrokkenheid in sy Koninkryk;
- 53.1.2.5 om saam met die Verenigende Gereformeerde Kerk en die Reformed Church in Africa te werk ter verwesenliking van bestaande doelstellings in wedersydse opbou van mekaar, en in die uitbou van die gemeenskap van die gelowiges binne die een liggaam van Jesus Christus, ten einde so instrumente te wees in die hand van God in die uitvoering van sy heilswerk op aarde, en
- 53.1.2.6 om op ekumeniese vlak saam te werk met ander kerke en instansies.
- 53.1.3 Taak

Die SGK het die taak om:

- 53.1.3.1 die bostaande doelstellings te bevorder;
- 53.1.3.2 die sinodale begroting voor te berei vir voorlegging aan die sinode;
- 53.1.3.3 vaste eiendom te verkry waar die werk dit vereis en te handel volgens reglement 9.3;
- 53.1.3.4 lenings by die kerkkantoor aan te gaan wanneer nodig;
- 53.1.3.5 eiendomme te verkoop, te verruil of op 'n ander wyse te vervreem met goedkeuring van die sinodale fondsekommissie (SFK)/SFK-D, en
- 53.1.3.6 om van sy lede in kommissies van ander sinodale kommissies, waar nodig is te benoem.
- 53.1.4 Werkswyse van die sinode se getuieniskommissie en getuienisaksie:
 - 53.1.4.1 Die sinode se getuienistaak word onderneem saam met die Verenigende Gereformeerde Kerk en die Reformed Church in Africa deur middel van 'n kommissie vir getuienisaksie (KGA) wat saamgestel word en hulle taak uitoefen aan die hand van reglement 13.
 - 53.1.4.2 Die sinodale getuieniskommissie (SGK) verrig sy taak deur die volgende subkommissies: kommissie vir sending (SKS); kommissie vir gerigte bediening (SKGB) binne die KGA.
 - 53.1.4.3 Elkeen van die kommissies waarna verwys word in 53.1.4.2 fungeer onder 'n eie uitvoerende komitee binne die raamwerk van die KGA.
 - 53.1.4.4 Die werksaamhede van elke subkommissie word vasgelê in 'n huishoudelike reglement opgestel deur die KGA.
 - 53.1.4.5 'n Dagbestuur vir spoedeisende sake en sake waaroor die kommissies geen opdragte ontvang het nie, word saamgestel uit die voorsitter, die ondervoorsitter van die SGK, die voorsitters van die twee subkommissies van die SGK sowel as die PSD(s) van die SGK wat ook die skribaatsal behartig.
- 53.1.5 Die ring se getuieniskommissie en getuienisaksie
 - 53.1.5.1 Die ring stel 'n eie kommissie vir getuienisaksie saam en handel sover moontlik volgens reglement 13.
 - 53.1.5.2 Die ring kan kommissies vir sending en gerigte bedieninge benoem wat as subkommissies van die ring se getuieniskommissie funksioneer.
 - 53.1.5.3 Die ring kan na goeddunke verdere subkommissies benoem om die verskillende werksaamhede van die getuienisaksie te behartig.
 - 53.1.5.4 Die taak van die ring se getuieniskommissie en die subkommissies is om te koördineer, te stimuleer en leiding te gee, en om aspekte van hierdie taak wat gemeentes nie alleen kan behartig nie, te verrig.
- 53.1.6 Die gemeente se getuieniskommissie en getuienisaksie
 - 53.1.6.1 Die kerkrade stel 'n eie kommissie vir getuienisaksie saam en handel sover moontlik volgens reglement 13.

- 53.1.6.2 'n Kerkraad kan kommissies vir sending en gerigte bedieninge en verdere subkommissies na goeddunke benoem om die verskillende werksaamhede van die getuienisaksie te behartig en as subkommissies van die gemeente se getuieniskommissie te dien.
- 53.1.6.3 Die kommissie(s) in 53.1.6.1 vermeld, word saamgestel uit lede van die kerkraad en/of gemeentelede.
- 53.2 Getuienis na buite: Sending (SKS) (Lees saam met reglement 13)
- 53.2.1 Definisie
- 53.2.1.1 Waar sending die heilshandeling van God is, vergader Hy daardeur vir Hom een gemeente uit alle nasies en gebruik Hy dié een gemeente om:
- sy Woord aan die gevalle wêreld te laat verkondig,
 - die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand te laat kom, en
 - diens aan die wêreld in nood te laat lewer.
- Hierdie diens behels onder andere ook:
- dat Hy sy opdrag om die skepping te bewaar en te laat bewerk sigbaar tot uitdrukking laat kom, en
 - dat Hy sy reg aan die nasies laat verkondig.
- 53.2.1.2 Sending is die gerigtheid van die kerk na buite. Dit is die arbeid aan nie-gekerstendes en mense wat buite kerkverband geraak het.
- 53.2.1.3 Sending is die roeping van elke lidmaat asook van die plaaslike kerkraad. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband van ring en sinode onderneem.
- 53.2.1.4 Die hele gemeente het die onvervreembare roeping en verantwoordelikheid tot sending deur die bediening van die besondere ampte en die algemene amp. Daarom mag dit nie oorgelaat word aan die inisiatief van enkele entoesiaste nie.
- 53.2.1.5 Die kerkraad het die opdrag om ter wille van die goeie orde in die leiding en aktivering t.o.v. sending die inisiatief te neem. Hierdie roeping is onvervreembaar en onoordraagbaar en mag nie verwaarloos word nie.
- 53.2.1.6 Waar binne een geografiese gebied meer as een kerkverband van die familie van Ned Geref Kerke bestaan, word sendingwerk in oorleg met mekaar gedoen.
- 53.2.1.7 Die Ned Geref Kerk in SA onderneem binne die struktuur van die KGA sendingwerk binne en buite die Republiek van SA.
- 53.3 Gerigte bedieninge
- 53.3.1 Die terrein van gerigte bediening
- 53.3.1.1 Tot die terrein van gerigte bediening behoort arbeidsbediening, andertaliges, straatwerk, getuienis en dialoog (bv. bediening aan o.a. Jode en Moslems).

- 53.3.1.2 Op sinodale vlak funksioneer die kommissie vir gerigte bediening as 'n kommissie van die SGK binne die KGA (vgl. bep. 53.1.4).
- 53.3.2 Ampsdraers
- Ten einde hierdie opdragte te kan uitvoer, kan die SGK die volgende ampsdraers benoem in poste soos deur die sinode daargestel en volgens prosedures soos deur die sinode bepaal: die predikante in spesiale ampsdiens vir arbeidsbediening, andertaliges, straatwerk, asook getuienis en dialoog.

Bepalings by Kerkorde Artikel 54

Bepaling 54

- 54.1 Die doel van die diens van barmhartigheid
- Die barmhartighedsbediening van die Ned Geref Kerk is gegrond in die Drie-enige God en sy genadige bemoeiing met die mens in nood en het ten doel:
- 54.1.1 die vestiging en uitbreiding van die Koninkryk van God deur in barmhartighedsdiens konkrete gestalte te gee aan die karakter van die kerk as 'n diakonale (dienende) gemeenskap;
- 54.1.2 die geestelike, maatskaplike en ekonomiese versorging en opheffing van minder-bevoorregte en behoeftige geloofsgenote in die eerste plek, maar, sover dit in sy vermoë is, ook van alle mense in nood, afgesien van geloofs- of volksverband;
- 54.1.2.1 om voorkomend mee te werk aan die skepping van omstandighede en samelewingstrukture wat die oorsaak van die nood sover moontlik uitskakel, en
- 54.1.2.2 maatreëls te tref vir die daarstelling van die nodige versorgings- en nasorginrigtings en -dienste.
- 54.2 Gemeentelike diens van barmhartigheid
- 54.2.1 Alle gemeentelike diens van barmhartigheid word deur die diakonaat, in oorleg met en in verantwoordelikheid aan die kerkraad, behartig.
- 54.2.2 Die diakens stel hul op die hoogte van maatskaplike toestande in die gemeente, behartig die belange van die sorgbehoewendes en doen gereeld verslag aan die kerkraad.
- 54.2.3 Die diakonaat sorg vir die insameling en besteding van die middele wat vir die erediens nodig is, en is behulpsaam met die insameling van die fondse vir die diens van barmhartigheid.
- 54.2.4 Waar omstandighede dit vereis, word samewerking met plaaslike organisasies en liggame gesoek.
- 54.3 Ringskommissie vir diens van barmhartigheid (RKDB)
- 54.3.1 Elke ring benoem 'n kommissie vir RKDB.
- 54.3.2 Die kommissie bevorder en koördineer die barmhartighedsdiens in die ring en samel die nodige fondse in.
- 54.3.3 Die kommissie sorg dat elke gemeente in sy gebied een maal per jaar besoek word in belang van die werksaamhede van die diens van barmhartigheid.
- 54.3.4 Die kommissie hou 'n wakende oog oor toestande binne die ring, met die doel om die bepaalde behoefte onder die aandag van die SKDB te bring en gee aandag daaraan.

- 54.3.5 Die kommissie doen verslag by die ringsvergadering, vestig die aandag op die bydraes in die onderskeie gemeentes, asook op alles i.v.m. die sinodale diens van barmhartigheid.
- 54.3.6 Hierdie verslag, tesame met die opmerkings en die besluite van die ring i.v.m. die diens van barmhartigheid, word na afloop van die ringsvergadering deur die skriba van die ring aan die argivaris gestuur.
Die ander vorms van elke gemeente tesame met 'n afskrif van die verslag van die betrokke ringskommissie gaan ook na die kantoor van die argivaris vanwaar die skriba van die betrokke sinodale kommissie dit aanvra.
- 54.3.7 Die kommissie doen na elke ringsvergadering verslag aan die SKDB omtrent die toestand van die gemeentes in sy gebied wat hulp uit die fondse van die SKDB ontvang en doen aanbevelings insake verdere hulpverlening.
- 54.4 Sinodale kommissie vir die diens van barmhartigheid
- 54.4.1 Vir die behartiging van die diens van barmhartigheid benoem die sinode 'n SKDB wat soos volg saamgestel word:
- een verteenwoordiger met sekundus uit elke ring op aanbeveling van die ringe soos hulle tydens die sinode saamgestel is,
 - drie tot vyf addisionele lede op aanbeveling van die SKDB, op grond van hulle besondere ondervinding m.b.t. die werksaamhede van die dienste van barmhartigheid,
 - een verteenwoordiger van die SKV met sekundus, op aanbeveling van die SKV,
 - twee diakens op aanbeveling van die SKDB, en
 - die predikant in sinodale diens met opdrag diens van barmhartigheid.
- Tydens die reses benoem die ringe of ringskommissies self die primarii en sekundi-lede vir die betrokke ring in die geval van 'n vakature.
Die addisionele lede word deur die SKDB aangevul, indien vakatures ontstaan.
Die verteenwoordiger van die SKV word deur die SKDB benoem op aanbeveling van die SKV, indien vakatures ontstaan.
Die diakens word deur die SKDB benoem ná raadpleging met die verskillende RKDB's.
- 54.4.2 Hierdie kommissie staan bekend as die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (SKDB).
- 54.4.3 Daar is 'n predikant in sinodale diens (PSD) vir die diens van barmhartigheid.
- 54.4.4 Die PSD word deur die SKDB benoem.
- 54.4.5 Die PSD is ampshalwe 'n lid van die SKDB en het reg van sitting met adviserende stem in alle meerdere vergaderinge van die kerk wanneer die werksaamhede van die diens van barmhartigheid behandel word.
- 54.4.6 Die SKDB bepaal sy diens en verwag gereelde verslae van sy werk aan die kommissie.
- 54.4.7 Sy gewone dienste behels o.a.:
- 54.4.7.1 die notulering van die werksaamhede van die vergadering van die kommissie en die uitvoerende kommissie wat die SKDB mag nodig vind om te benoem;

- 54.4.7.2 die uitvoering van die besluite en opdragte van die SKDB;
- 54.4.7.3 die beheer van die kantoor;
- 54.4.7.4 die toesig oor die uitbetaling van die fondse soos deur die SKDB van tyd tot tyd toegereken word, en
- 54.4.7.5 die gereelde besoek aan gemeentes en ringsvergaderinge om die werksaamhede van die diens van barmhartigheid onder die aandag van die lidmate van die kerk te bring, die nodige fondse vir die werksaamhede van die SKDB op te bou, en leiding te gee i.v.m. die organisasie van gemeentelike barmhartigheidsdienste.
- 54.4.8 Werksaamhede en pligte van die SKDB
- 54.4.8.1 Die belange van behoeftige persone en gemeenskappe is in die eerste plek die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente. Die SKDB bedien gemeentes en ringe waar nodig, met advies, fasilitering en koördinerings. Om dit te kan doen, onderneem die SKDB die nodige navorsing oor ontwikkelinge op die gebied van maatskaplike dienslewering, staatsbeleid en maatskaplike wetgewing.
- 54.4.8.2 Die barmhartigheidsbediening in sinodale verband van die kerk kan by die uitvoering van praktiese werksaamhede saam met die VGK gedoen word deur middel van 'n gekombineerde kommissie wat saamgestel is en funksioneer aan die hand van 'n ooreenkoms volgens reglement 12.
- 54.4.8.3 Die SKDB verleen ondersteuning aan hulpbehoewende gemeentes en gemeentes met buitengewone groepe van behoeftiges.
- 54.4.8.4 Die SKDB bestuur die gemeente-ondersteuningsfonds en alle ander fondse wat deur die sinode aan die kommissie toevertrou mag word.
- 54.4.8.5 Die SKDB lewer 'n klinies-pastorale diens aan siekes in groot hospitale.
- 54.4.8.6 Die SKDB ondersteun die opleiding van christelike maatskaplike werkers deur 'n beurs/leningskema.
- 54.4.8.7 Die SKDB behartig die belange van alle sorgbehoewende lede van die kerk, en waar die geleentheid hom voordoen, ook van ander geloofsgenootskappe, by die betrokke owerhede en gebruik sy invloed om die beginsels van die Skrif in die maatskaplike beleid van die staat tot hulle reg te laat kom.
- 54.4.8.8 Die SKDB beraam planne na die eis van omstandighede om die nodige fondse te vind vir die werksaamhede.
- 54.4.8.9 Die SKDB handel soveel moontlik in oorleg met bestaande kerklike liggame.
- 54.4.8.10 Die SKDB versamel jaarliks die nodige inligting op 'n voorgeskrewe vorm wat in eerste instansie by die ring dien.
- 54.4.8.11 Die SKDB vergader minstens een maal per jaar en stel die nodige uitvoerende kommissies aan wat, onderhewig aan bepalinge deur die SKDB opgestel, namens die kommissie kan optree.
- 54.4.8.12 By elke sinodale vergadering word volledige verslag van alle werksaamhede gedoen.
- 54.5 Instituut vir Dowes

- 54.5.1 Gehoorgestremde persone word versorg in die Instituut vir Dowes op Worcester. Beheer word uitgeoefen deur die maatskappy wat bekend staan as die Instituut vir Dowes (Vereniging ingelyf kragtens artikel 21 van die Maatskappywet). Die Ned Geref Kerk wys elke vier jaar tydens gewone sittings van die sinode ses van die elf direkteure aan, met inagneming van die bepalinge in die statute van die Maatskappywet. Tussentydse vakatures ten opsigte van persone deur die Ned Geref Kerk aangewys, word deur die uitvoerende komitee van die SKDB gehanteer.
- 54.5.2 Die sinode dra dit aan kerkrade op om toe te sien dat:
- 54.5.2.1 ouers van dowe kinders in hul onderskeie gemeentes aangespoor word om hul kinders te laat deel in die voordele van die volle kursus van agt jaar in die Instituut;
- 54.5.2.2 t.o.v. kinders wat uit die gemeentes opgestuur word, die geldelike verpligtinge ten volle nagekom word óf deur die ouers, óf die familiebetrekkings, óf die gemeente, en
- 54.5.2.3 jaarliks 'n bydrae ter ondersteuning van die instituut opgestuur word.
- 54.5.3 Vgl. verder die grondwet soos goedgekeur deur die sinode.
- 54.6 Instituut vir Blindes
- 54.6.1 Gesiggestremde persone word versorg in die Instituut vir Blindes op Worcester.
- 54.6.2 Die sinode dra dit aan kerkrade op om toe te sien dat:
- 54.6.2.1 ouers van blinde kinders in hulle onderskeie gemeentes aangespoor word om hulle kinders te laat deel in die voordele van die volle kursus van agt jaar in die Instituut,
- 54.6.2.2 t.o.v. kinders wat uit die gemeentes opgestuur word, die geldelike verpligtinge ten volle nagekom word óf deur die ouers, óf die familiebetrekkings, óf die gemeente, en
- 54.6.2.3 jaarliks 'n bydrae ter ondersteuning van die Instituut opgestuur word.
- 54.6.3 Vgl. verder die grondwet soos goedgekeur deur die sinode.
- 54.7 Jan Kriel-Instituut vir Epilepsie
- 54.7.1 Persone met epilepsie en neuraal-gestremdes met spesifieke leerprobleme word versorg en opgevoed deur die Jan Kriel Skool. Die Jan Kriel Instituut tree as borgliggaam vir Jan Kriel Skool op. Die Jan Kriel Instituut is 'n subkommissie van die SKDB.
- 54.7.2 Die sinode dra dit aan kerkrade op om toe te sien dat:
- 54.7.2.1 ouers van kinders met epilepsie, of neuraal-gestremde kinders met spesifieke leerprobleme, aangespoor word om hulle kinders te laat deel in die voordele wat die skool bied, met die verstandhouding dat dit tot die voordeel van die spesifieke kind sal strek,
- 54.7.2.2 jaarliks 'n bydrae ter ondersteuning van die werksaamhede van die Instituut gestuur word.
- 54.7.3 Die sinode dra dit aan die Instituut op om:
- 54.7.3.1 verslag te lewer aan die sinode via die SKDB, en
- 54.7.3.2 verslag te lewer aan die jaarvergadering van die SKDB.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 55 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 56 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 57

Bepaling 57

57.1 Sinodale fondsekommissie (SFK)/SFK-D:

Samestelling

57.1.1 Die sinodale fondsekommissie (SFK) bestaan uit die voorsitter of verteenwoordiger van elke ringsfondsekommissie (RFK) asook die vier deskundige lede benoem kragtens bep. 57.1.3, en die saakgelastigde.

57.1.2 Die SFK-D het bevoegdheid om alle sake van die SFK te hanteer.

57.1.3 Die SFK-D bestaan uit 11 lede en word saamgestel deur die SFK. Ses lede word uit die lede van die SFK aangewys. Vir hierdie lede word sekundi aangewys. Vier deskundige lede word benoem op grond van hulle grondige kennis van finansies, geldelike administrasie en/of regte. Die saakgelastigde is ampshalwe skriba en ook lid van die kommissie.

57.1.4 Vakatures word in die reses deur die SFK-D aangevul.

57.1.5 Die SFK bepaal die wyse waarop die SFK-D aan hom verslag doen van sy werksaamhede.

57.2 Opdrag en bevoegdheid

Die taak van die SFK/SFK-D behels veral die volgende:

57.2.1 Die roeping om die kerk te lei op 'n pad van verantwoordelike bybelse rentmeesterskap.

57.2.2 Die administrasie en beheer van die fondse, finansies, goedere en eiendomme van die sinode wat behartig word deur die kerkkantoor onder leiding van die saakgelastigde.

57.2.3 Die uitvoering van die bepalinge van reglemente 8, 9 en 22.

57.2.4 Die verteenwoordiging van die sinode in die trustees van die Predikante pensioenfonds (art. 14), wat beheer word volgens die bepalinge van reglement 19.

57.2.5 Die reëlings in verband met die koste van kerklike vergaderings volgens reglement 8.

57.2.6 Die beheer van kerklike goedere en regsverteenvoording van kerkrade en ringe volgens reglemente 8, 9 en 22.

- 57.2.7 Riglyne ten opsigte van die vergoeding van werknemers van die sinode, asook vir alle predikante ooreenkomstig die beleid van die algemene sinode.
- 57.2.8 Die nodige skakeling met ringe en kerkrade asook met ander sinodes en die Algemene Sinode.
- 57.2.9 Die finansiële beplanning en strategie van die sinode.

Bepalinge by Kerkorde Artikel 58 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 59 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 60 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 61 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 62 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 63 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 64 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 65 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 67 -- Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 68 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 69 - Geen

Bepalinge by Kerkorde Artikel 70 - Geen

Reglemente

Reglement 1

Reglement vir nuwe gemeente ontwikkeling

1. Motivering

Sending en evangelisasie is die heilshandeling van die drie-enige God waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en sy Gees vergader. Daarom is die kerk in sy wese missionêr, en is sending en evangelisasie wesentlik deel van die dienswerk en getuienis van die kerk. Sending en evangelisasie, en die bymekaarbring van gelowiges in 'n gemeente, is dus die roeping van elke lidmaat, die kerkraad en die kerkverband.

2. Begripsverklaring

2.1 Afstigting het 'n bepaalde konnotasie in Suid-Afrika wat histories ontwikkel het. As gemeentes te groot geword het of as bepaalde gebiede digter bevolk geraak het, het gemeentes afgestig. 'n Afgestigde gemeente beslaan 'n bepaalde geografiese gebied met bewese finansiële vermoë en 'n onderneming om 'n predikant te beroep vir wie by die predikante- en weduwee-pensioenfonds ingeskakel word. (Afstigting bly steeds 'n wyse waarop gemeente-ontwikkeling kan plaasvind. Sien Die Kerkorde 2002, regl. 6)

2.2 *Terugstigting* gebeur waar vroeëre onafhanklike gemeentes weer een word (saamsmelt) met 'n ander gemeente. (Terugstigting bly steeds 'n wyse waarop gemeente-ontwikkeling kan plaasvind. Sien Die Kerkorde 2007, regl. 6)

2.3 *Gemeente-ontwikkeling* is 'n nuwe konsep wat raaklyne het met wat in ander lande en by ander kerke gebeur onder die terme “kerkplanting” en/of “nuwe gemeente ontwikkeling”, maar wat tog in die Ned Geref Kerkfamilie in Suid-Afrika 'n eiesoortige karakter het (behoort te hê). Gemeente-ontwikkeling is die proses wanneer 'n kerkvergadering op grond van hul roeping, rondom geïdentifiseerde behoeftes en bepaalde omstandighede, deur evangelieverkondiging mense lei tot gemeente-wees. Daar is veral drie vorme van gemeente-ontwikkeling:

2.3.1 *Gemeente-ontwikkeling in snel-uitbreidende gebiede* waar daar nog geen gemeente bestaan nie. Eerder as om te wag tot daar uiteindelik genoeg lidmate is om af te stig, word pro-aktief opgetree en word begin met 'n bediening waarvan die status kan wissel van volkome eenheid met 'n bestaande gemeente *tot volkome selfstandigheid as 'n nuwe gemeente*.

2.3.2 *Gemeente-ontwikkeling* waar gemeentes kwyn as gevolg van 'n daling in lidmaattalle en/of ekonomiese agteruitgang tot so 'n mate dat die tradisionele bediening begin skade ly, onder andere omdat die bediening nie meer bekostig kan word nie. Hier kan gemeente-ontwikkeling wissel tussen 'n nuwe wyse van bestaan van die bestaande gemeente; of samewerking (selfs samesmelting) van bestaande gemeentes wat ook nuwe bedienings-inisiatiewe kan insluit, tot die moontlikheid van 'n nuwe gemeente

naas die bestaande gemeente(s).

- 2.3.3 *Gemeente-ontwikkeling wat voorsiening maak vir die behoeftes van multi-kulturele en/of alternatiewe (post moderne) lewensbeskouinge. Hier kan gemeente-ontwikkeling wissel tussen 'n bestaande gemeente(s) wat 'n alternatiewe bedieningstyl bevorder (of vir die gemeente as geheel of as deel van 'n bedieningsverskeidenheid) tot 'n nuwe gemeente met 'n eie identiteit.*

3. Kerkordelik

- 3.1 Gemeente-ontwikkeling binne die Ned Geref Kerkfamilie beteken dat alhoewel nuwe bedieningstyle ontwikkel, die gereformeerde leer soos gegrond op die belydenisskrifte en vergestalt in Die Kerkorde(s), steeds gehandhaaf word.
- 3.2 Waar enigsins moontlik vind gemeente-ontwikkeling plaas binne die bestaande strukture en ruimte.

4. Die prosen van gemeente-ontwikkeling

Die prosen van die vorming van 'n nuwe gemeente (sien 2.3) kan soos volg verloop:

- 4.1 Lidmate
- 4.1.1 Dit staan lidmate vry om behoeftes en verwagtinge met betrekking tot kerk-wees en gemeente-ontwikkeling aan 'n kerkvergadering te kommunikeer.
- 4.2 'n Kerkraad
- 4.2.1 'n Kerkraad kan nuwe inisiatiewe (gemeente-ontwikkeling) binne hulle grense en onder hulle toesig aanvoer. (Onder andere die Kerkorde 2007, regl. 6 en VGK SA (Kaa) regl. 31:2.1)
- 4.2.2 Voorbereidende vereistes vir gemeente-ontwikkeling behoort minstens die volgende in te sluit deeglike navorsing moet geskied wat aandag gee aan:
- lewensvatbaarheid van die idee
 - doel, bedieningsfilosofie en bedieningstrategie
 - bestuursontwikkelingsplan
 - moontlike plek(ke) van aanbidding
 - begroting
 - identifikasie van geskikte persone om leiding te neem met so 'n inisiatief en die toerusting van sodanige persone
- 4.2.3 Waar nuwe bedieningsmoontlikhede van buite 'n gemeente deur die ring of die moderamen/SK (of individue) gevisualiseer word, word eerstens met die betrokke kerkraad(e) in gesprek getree. Alleenlik as die kerkraad(e) se samewerking vir so 'n inisiatief verkry word, kan met so 'n inisiatief voortgegaan word.

- 4.2.4 Waar die belange of moontlike belange van gemeentes en/of lidmate van lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie geraak kan word deur so 'n inisiatief, word die samewerking van die betrokke kerkrade ook verkry.
- 4.2.5 Waar die belange van ander Christelike gemeentes geraak (kan) word, word ook met hulle in gesprek getree.
- 4.2.6 Enige inisiatief val onder toesig van die kerkraad van 'n betrokke gemeente. Die kerkraad sou 'n kommissie kon aanwys wat die saak hanteer. Die toesig sal onder andere insluit toesig oor die optrede van die voorganger, oor wat gedoen word in die bediening en oor die finansies van die bediening, met finale verantwoordelikheid by die kerkraad.
- 4.2.7 Die inisiatief kan alleenlik uitreik binne die betrokke gemeente(s) en ring(e) wat hulle goedkeuring gegee en samewerking verleen het.
- 4.2.8 'n Kerkraad sou die inisiatief as 'n wyksgemeente kon hanteer (sien bep. 26.8 en VGK SA (Kaa) bep. 43.5).
- 4.2.9 'n Kerkraad sou 'n bedienaar van die Woord wat by die inisiatief betrokke is (1) kon beroep as predikant, (2) as tentmaker kon beroep, (3) kontraktueel in diens neem of (4) in samewerking met ander gemeentes opsies (1) tot (3) uitoefen.
- 4.2.10 Die proses sou kon lei tot die vorming van 'n wyksgemeente in die bestaande gemeente of, waar aan Die Kerkordelike vereistes voldoen word, tot die vorming van 'n nuwe gemeente.
- 4.2.11 Indien 'n kerkraad na onderlinge kommunikasie nie tot nuwe inisiatiewe bereid is nie, sou teen die besluite van die kerkraad geappelleer kan word (die Kerkorde 2007 art. 23).
- 4.3 Die ring
- 4.3.1 Die ring sou 'n nuwe inisiatief kon inisieer en/of koördineer in die ringsgebied. Waar 'n inisiatief op die wyse tot stand kom, word die verantwoordelikheid vir die inisiatief by 'n bepaalde gemeente geplaas, en die ring kan adviserend/per kommissie begeleidend betrokke bly.
- 4.3.2 Waar aan Die Kerkordelike vereistes voldoen word, sou die proses kon lei tot die vorming van 'n nuwe gemeente.
- 4.4 Die moderamen/SK/sinode
- 4.4.1 Die moderamen/SK/sinode sou bedieningsgebiede wat aandag nodig het kon identifiseer, en sou ook met die betrokke gemeente/s en/of ring/e in gesprek kon tree. Die moderamen/SK sou deur kundigheid en ondersteuning kan help met die begeleiding van so 'n proses, mits 4.2.5 hierbo nougeset nagekom word.
- 4.4.2 In 'n hoogs uitsonderlike geval met 'n baie duidelik omskrewe doelstelling, en na samewerking en goedkeuring van al die betrokke gemeentes en ringe verkry is, sou 'n gemeente sonder geografiese grense deur die moderamen/sinode (bep. 1.5) gestig kon word.

5. Gemeentes vir toegespitste behoeftes en omstandighede

- 5.1 'n Gemeente vir toegespitste behoeftes en omstandighede is 'n gemeente wat:
 - 5.1.1 ontwikkelend van aard is en wat jaarliks deur die betrokke ring geëvalueer word;
 - 5.1.2 nie 'n voltydse predikant of vakature vir 'n voltydse predikant het nie,
 - 5.1.3 voorlopig vrygestel is van eweredige bydraes
 - 5.1.4 verder kerkordelik fungeer soos 'n gewone gemeente
 - 5.1.5 op aanbeveling van die ring en deur besluit van die moderamen/SK as 'n gemeente vir toegespitste behoeftes en omstandighede beskou word.
- 5.2 'n Gemeente vir toegespitste behoeftes en omstandighede ontstaan as gevolg van omstandighede soos in 2.3.1, of 2.3.2 of 2.3.3 genoem; ontwikkel uit inisiatief soos in 4.1, 4.2, 4.3 en 4.4 genoem; en kan 'n bestaande of nuwe gemeente/bediening wees.
- 5.3 Waar 'n gemeente vir toegespitste behoeftes en omstandighede gevestig word moet onder andere die volgende sake aandag ontvang:
 - 5.3.1 Die sake genoem in 4.2.2 asook
 - 5.3.2 Fasiliteite (verkieslik van bestaande gemeentes) vir gebruik deur die gemeente vir toegespitste behoeftes en omstandighede.
 - 5.3.3 Bepaling van naam, gebied en doel van die gemeente vir toegespitste behoeftes en omstandighede.
 - 5.3.4 Fungering van die kerkraad (of lidmate aangewys deur 'n gemeentevergadering met 'n ouderling as voorsitter en/of 'n bestaande kerkraad wat vir die gemeente vir toegespitste behoeftes en omstandighede die kerkraadspligte behartig en/of 'n kommissie van die ring wat voorlopig in die plek van 'n kerkraad optree).
 - 5.3.5 Die wyse waarop die Woord- en sakramentsbediening in die gemeente geskied (sien 4.2.7 vir sommige moontlikhede).
 - 5.3.6 Watter verantwoordelike weë gevolg sal word, indien die gemeente vir toegespitste behoeftes en omstandighede nie in 'n volwaardige gemeente ontwikkel nie en/of doodloop.
- 5.4 'n Gemeente vir toegespitste behoeftes en omstandighede streef daarna om so gou moontlik 'n gemeente met volle verantwoordelikheid te word (alleen of in samewerking met 'n ander gemeente) wat aan al Die Kerkordelike vereistes vir 'n gemeente voldoen en, onder andere, hul eie predikant het vir wie ingeskakel word by die predikante- en weduweepensioenfonds.

6. Leiding van die kerkverband

Dit moet aanvaar word dat gemeentes wat in 'n bedieningsnood verkeer dikwels die laaste is wat dit sal raaksien. Daarom is dit nodig dat ringe aangemoedig word om van buite-fasiliteerders gebruik te maak om strategies te beplan en prosesse te begelei. Hierin kan die moderamen/SK 'n groot rol speel.

Reglement 2

Reglement vir die aktuaris van die sinode

- 1 Die pligte van die aktuaris is die volgende:**
 - 1.1 In samewerking met die sinodale regs kommissie (vgl. bep. 35.6) maak hy/sy Die Kerkorde, Bepalings en Reglemente en tersaaklike besluite van die sinode so gou as moontlik gereed vir publikasie.
 - 1.2 Hy/sy gee persoonlike advies oor Die Kerkorde, Bepalings en Reglemente en besluite van die sinode aan alle persone, kerkrade en kommissies wat daarom vra.
 - 1.3 Hy/sy is lid van die kuratorium en die eksamenkommissie van die teologiese kweek-skool te Stellenbosch.
 - 1.4 Hy/sy doen verslag van sy/haar werksaamhede aan die moderamen wat op sy beurt weer verslag aan die sinode doen.
 - 1.5 Hy/sy gee uitvoering aan al die opdragte aan hom/haar soos in Die Kerkorde, Bepalings en Reglemente en besluite van die sinode vervat word.
- 2 Indien die aktuaris sy/haar amp nie langer behoorlik kan waarneem nie, benoem die moderamen van die sinodale kommissie 'n diensdoende predikant om tot by die eersvolgende sinode as aktuaris op te tree.

Reglement 3

Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die Ned Geref Kerk

Verskyn in die Kerkorde 2007 (Regl 2) en (<http://www.ngkerk.org.za/documents/Kerkorde2007.pdf>).

Reglement 4

Reglement vir straatwerk

- 1. Naam**
 - 1.1 Straatwerk: 'n Uitreikbediening van die Ned Geref Kerk na mense in nood in Kaapstad (hierna slegs Straatwerk genoem)
- 2. Grondslag**
 - 2.1 Straatwerk is gegrond op die Woord van God en verrig sy taak in die gees en gesindheid van Jesus Christus, die groot barmhartige en evangelis.
- 3. Missie en doelstellings**
 - 3.1 Missie: Die missie van Straatwerk is om medegelowiges binne en buite Kaapstad op te roep, in diens op te lei en te begelei om mense – wat in nood verkeer – in die middestad van Kaapstad, toegewyde dissipels van Jesus Christus te help maak (Matteus 28:18-20).
 - 3.2 Doelstellings:

- 3.2.1 Om die hulpbronne tot beskikking van Straatwerk verantwoordelik te bestuur ter realisering van die missie van Straatwerk.
- 3.2.2 Om, met die hulp van medegelowiges, mense in nood in die middestad van Kaapstad uit te reik en hulle op praktiese en kreatiewe wyses met die liefde van Christus te dien.
- 3.2.3 Om met die hulp van medegelowiges, mense in nood in die middestad van Kaapstad – wat strewe na ‘n nuwe lewe in Christus – te begelei in dissipelskap en by ‘n geestelike tuiste in te skakel.
- 3.2.4 Om Straatwerk as uitreikbediening aan medegelowiges bekend te stel en hulle uit te nooi om met hierdie groot taak te kom help.

4. Ontstaan en bedieningsgebied

- 4.1 Straatwerk is gebore uit die kerkjeugvereniging van die Ned Geref Kerk. Uit erkentlikheid teenoor die geskiedenis en dankbaarheid teenoor die Here, bly Christus- en kerkvervreemdes van die Ned Geref Kerk Straatwerk se eerste prioriteit. Straatwerk wil die evangelie van verlossing deur/van Jesus Christus egter ook aan Christus- en kerkvervreemdes van ander kerke/denominasies, buitekerklikes, verslaafdes en haweloses bring na die voorbeeld van die Here Jesus.
- 4.2 Straatwerk werk interkerklik.

5. Karakter en identiteit

- Straatwerk is 'n regs persoon met 'n identiteit en bestaan afsonderlik van dié van sy lede en ampsdraers.
- 5.1 Straatwerk het die bevoegdheid om in sy eie naam te dagvaar of 'n aksie te verdedig. Die volmag om geregtelike stappe in te stel of te verdedig, moet deur die beheerraad verleen en deur die sekretaris van die beheerraad onderteken word.
 - 5.2 Die voorsitter of sekretaris of 'n gedelegeerde het die bevoegdheid om Straatwerk in alle geregtelike verrigtinge te verteenwoordig.
 - 5.3 Straatwerk is 'n organisasie sonder winsoogmerk.
 - 5.4 Straatwerk het geen lede wat lidmaatskap-gelde betaal of ander verpligtinge teenoor die organisasie het nie. Lidmaatskap van die organisasie is vir doeleindes van die wet op organisasies sonder winsoogmerk (Wet 71 van 1997), beperk tot lede van die beheerraad.
 - 5.5 Straatwerk sal bly voortbestaan as 'n regs persoon ondanks veranderinge in die samestelling van sy lidmaatskap of ampsdraers.
 - 5.6 Die inkomste en eiendom van Straatwerk, wanneer en hoe dit ookal verkry is, sal slegs vir die bevordering of gepoogde bevordering van die missie en doelstellings van Straatwerk gebruik of aangewend word en geen gedeelte daarvan sal, hetsy direk of indirek, aan lede of ampsdraers van Straatwerk, die beheerraad van Straatwerk, 'n ander organisasie wat 'n belang in Straatwerk het of die personeel van Straatwerk oorgedra word nie: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie verbied, verhinder of verhoed dat 'n redelike vergoeding aan bona fide werknemers, beamptes of lede van

Straatwerk betaal mag word as vergoeding vir dienste wat hulle werklik aan Straatwerk gelewer het nie.

5.7 Geen lid of ampsdraer van Straatwerk sal enige reg in die eiendom of ander bates van Straatwerk hê of verkry bloot uit hoofde van die feit dat hy/sy lid of ampsdraer van Straatwerk is nie.

6. Bevoegdhede van Straatwerk

6.1 Straatwerk het die bevoegdheid om enige handeling te verrig wat noodsaaklik of nodig is vir die bereiking of bevordering of gepoogde bereiking of bevordering van die doelstellings of missie van Straatwerk. Hierdie bevoegdheid sluit o.a. die volgende in:

6.1.1 Die aanstelling, opleiding, ontplooiing en dissiplinering van werknemers en vrywillige werkers binne die raamwerk van tersaaklike regsbeginsels en wetgewing, en ten opsigte van gelegitimeerdes van die Ned Geref Kerkfamilie, ook volgens die toepaslike kerkorde;

6.1.2 Geestelike toesig oor werknemers en vrywillige werkers;

6.1.3 Die aankoop, verkoop, huur en verhuur van eiendom, voertuie, toerusting en middele benodig vir die bereiking of bevordering of gepoogde bereiking of bevordering van die doelstellings of missie van Straatwerk;

6.1.4 Die bevoegdheid om skenkings of erflatings te aanvaar of te repudieer; en

6.1.5 Die verrigting van enige handeling en/of plig en/of die uitoefening van enige bevoegdheid wat hierdie grondwet en/of enige Wet van die parlement en/of enige regulasie uitgevaardig kragtens 'n wet van die parlement en wat op Straatwerk betrekking het, voorskryf of magtig.

7. Uitvoerende amptenaar

7.1 Die direkteur van Straatwerk is 'n predikant in spesiale ampsdiens met opdrag straatwerk in ooreenstemming met bepaling 53.2.2 gelees met bepalinge 35.4.1.4.3 en 53.2.1.1 van die Kerkorde van die Ned Geref Kerk in SA (1999).

7.2 Die direkteur word in diens geneem deur die beheerraad, en verrig sy /haar diens onder toesig van die beheerraad.

7.3 Die direkteur van Straatwerk is verantwoordelik vir die bestuur van Straatwerk binne die raamwerk van die grondwet soos aangevul deur besluite van die beheerraad. Hy/sy is in beheer van alle aangeleenthede en handeling wat deur Straatwerk verrig word ter bereiking of bevordering of gepoogde bereiking of bevordering van die doelstellings of missie van Straatwerk.

7.4 In sy/haar hoedanigheid as sekretaris van die beheerraad is die direkteur van Straatwerk verantwoordelik vir:

7.4.1 Die hou en veilige bewaring van notules van alle vergaderings.

7.4.2 Afskrifte van notules van beheerraadvergaderings moet binne 14 dae na afloop van die betrokke vergaderings aan lede van die beheerraad versend word.

7.4.3 Veranderings in notules aangebring, moet volledig in die volgende notule opgeneem word.

- 7.4.4 Die hou van 'n volledige lederegister en die hou van 'n bywoningslys by vergaderings.
- 7.4.5 Die opstel van agendas vir vergaderings in oorleg met die voorsitter;
- 7.4.6 Die verspreiding van kennisgewings en agendas van vergaderings aan die betrokkenes;
- 7.4.7 Die hantering van alle korrespondensie van Straatwerk en die toesien dat alle korrespondensie geliasseer word;
- 7.4.8 Die opstel van die jaarverslag van Straatwerk in samewerking met die voorsitter;
- 7.4.9 Die verskaffing van die jaarverslag aan persone en instansies wat so 'n verslag moet ontvang; en
- 7.4.10 Die voorsiening van die verslae vermeld in artikel 18(1) van die Wet op Organisasies sonder winsoogmerk aan die direkteur van organisasies sonder winsoogmerk.
- 7.5 Wanneer 'n vakature ontstaan, sal die volgende prosedure geld:
 - 7.5.1 Die beheerraad van Straatwerk tree op as 'n subkommissie van die KGA en adverteer die pos volgens die kerklike bepalinge van toepassing op die beroeping/benoeming van 'n predikant in spesiale ampdiens.
 - 7.5.2 'n Pre-advies kommissie bestaande uit minstens drie lede van die beheerraad kan die name van minstens drie predikante aan die beheerraad voorlê.
 - 7.5.3 Die beheerraad maak die aanstelling.
 - 7.5.4 Die beheerraad reël dat die predikant gekoppel word aan 'n gemeente.
 - 7.5.5 Die beheerraad besluit in oorleg met die kerkraad van die gemeente waarvan die direkteur 'n predikant is, oor die verantwoordelikhede wat die direkteur ten opsigte van die bediening in daardie gemeente sal hê.
 - 7.5.6 In oorleg met die beheerraad doen die uitvoerende direkteur jaarliks verslag aan die KGA, en ander belanghebbendes.

8. Die Beheerraad

Die werk van Straatwerk geskied onder toesig van 'n beheerraad.

- 8.1 Die beheerraad bestaan uit minstens 13 en hoogstens 16 lede. Die samestelling van die beheerraad is soos volg:
 - 8.1.1 Die direkteur is ampshalwe lid van die beheerraad, en tree op as sekretaris.
 - 8.1.2 Een lid elk deur die SJK en die SCO aangewys.
 - 8.1.3 Een lid elk deur die SKDB en die SKDD aangewys.
 - 8.1.4 Een lid elk deur die kommissie vir vrouelidmate van die NGKSA en die VGKSA aangewys.
 - 8.1.5 Twee lede deur die KGA aangewys.
 - 8.1.6 Een lid deur die dameskomitee van Straatwerk aangewys.

- 8.1.7 Twee lede van die personeel van Straatwerk aangewys deur die personeel van Straatwerk, en
- 8.1.8 Een lid aangewys deur die kerkraad van die gemeente waaraan die leier van Straatwerk gekoppel is.
- 8.1.9 Die beheerraad het die reg om, indien nodig, tot 'n maksimum van drie lede te koöpteer t.w.v. bepaalde kundigheid, 'n bepaalde taak of 'n ekstra portefeulje wat op daardie stadium nodig blyk te wees. So 'n lid word gekoöpteer op 'n ad hoc-basis.
- 8.1.9.1 Die volgende persone of tipe persone is onbevoeg om 'n lid van die beheerraad te word:
- 8.1.9.1.1 'n Persoon wat psigies ongeskik gesertifiseer is;
- 8.1.9.1.2 'n Persoon wat in Suid-Afrika of elders, aan 'n misdryf skuldig bevind en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is;
- 8.1.9.1.3 'n Persoon wat onder kerklike tug is.
- 8.1.10 Elke lid van die beheerraad moet hulle kan vereenselwig met die grondslag, missie en doelstellings van Straatwerk.
- 8.1.11 Die beheerraad word so saamgestel dat die volgende kwaliteite goed verteenwoordig is: 'n passie vir en kundigheid m.b.t evangelisasie; uitgebreide kerklike betrokkenheid; uitgebreide kontakte in die sakewêreld; finansiële kundigheid; bestuursvaardigheid; kundigheid m.b.t bemerking en kennis van personeelbestuur of arbeidsverhoudinge.
- 8.1.12 Die dienstermyn van lede van die beheerraad is soos volg:
- 8.1.12.1 'n Lid wat op 'n ad hoc-basis gekoöpteer word, se lidmaatskap verstryk wanneer die taak waarvoor hy/sy gekoöpteer was, afgehandel is.
- 8.1.12.2 'n Lid wat op 'n ander wyse as op 'n ad hoc basis gekoöpteer word, se termyn verstryk wanneer die termyn van die gekose beheerraad wat hom/haar gekoöpteer het, verstryk.
- 8.1.12.3 Aangewese verteenwoordigers se lidmaatskap verstryk na 4 jaar. 'n Lid wie se termyn verstryk het, is vir 'n verdere termyn verkiesbaar.
- 8.1.12.4 Die nuwe beheerraad wys 'n voorsitter en ondervoorsitter uit sy geledere aan.
- 8.1.12.5 Die beheerraad moet toesien dat 'n gesonde finansiële beleid deur Straatwerk gevolg word.
- 8.1.12.6 Die beheerraad stel werknemers aan en bepaal die salarisse van alle personeellede.
- 8.1.12.7 Die lidmaatskap van 'n beheerraadslid verval outomaties indien die lid:
- 8.1.12.7.1 van drie agtereenvolgende vergaderings sonder kennisgewing weggebly het,
- 8.1.12.7.2 psigies ongeskik gesertifiseer is,
- 8.1.12.7.3 gevonnissen word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete,

- 8.1.12.7.4 onder kerklike tug is, of
- 8.1.12.7.5 skriftelik sy bedanking indien.

9. Die Dagbestuur van Die Beheerraad

- 9.1 Die dagbestuur van die beheerraad bestaan uit drie lede.
- 9.2 Die voorsitter van die beheerraad is die voorsitter van die dagbestuur. Die ander twee lede is die direkteur van Straatwerk en 'n ander lid van die beheerraad deur lede van die beheerraad aangewys as lid van die dagbestuur.
- 9.3 Die direkteur (leier) van Straatwerk tree ampshalwe as die sekretaris van die dagbestuur op.
- 9.5 Die pligte en bevoegdhede van die dagbestuur is om
 - 9.5.1 spesifieke opdragte deur die beheerraad aan die dagbestuur opgedra, uit te voer;
 - 9.5.2 aandag te skenk aan spoedeisende sake of sake wat nie tot die volgende vergadering van die beheerraad kan oorstaan nie;
 - 9.5.3 toesig te hou oor die finansiële bestuur van Straatwerk.
 - 9.5.4 Die Dagbestuur moet by die eersvolgende vergadering van die beheerraad, aan die beheerraad verslag doen van sy werksaamhede sedert die vorige vergadering van die beheerraad.

10. Personeel

- 10.1 Die personeel van Straatwerk bestaan uit werknemers en vrywillige werkers.
- 10.2 Werknemers word deur die beheerraad aangestel. Vrywillige werkers word deur die direkteur van Straatwerk aangestel.
- 10.3 Wanneer 'n vakature (behalwe dié van direkteur van Straatwerk) ontstaan, moet die pos geadverteer word in 'n dagblad in omloop in die gebied waar Straatwerk funksioneer.
- 10.4 Die vergoedingspakket van werknemers word deur die beheerraad bepaal.
- 10.5 Indien Straatwerk oor akkomodasie beskik, kan dit aan werknemers en vrywillige werkers as deel van hulle vergoedingspakket, beskikbaar gestel word.
- 10.6 Werknemers en vrywillige werkers verrig hulle pligte onder toesig van die direkteur van Straatwerk.
- 10.7 Die personeelbeleid vir amptenare van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika (Wes-Kaapland) sal vir alle personeel van Straatwerk geld sover dit nie in botsing met Die Kerkorde van die Ned Geref Kerk in SA (2007) is nie.

11. Vergaderings van Die Beheerraad

- 11.1 Die beheerraad vergader een keer per kwartaal tensy 'n spesiale vergadering van die beheerraad belê word.

- 11.2 Vergaderings is geslote tensy die beheerraad besluit dat 'n vergadering vir die publiek oop sal wees.
- 11.3 Besluite word deur middel van konsensus geneem. Indien konsensus gladnie bereik kan word nie, kan die voorsitter 'n saak tot stemming bring. Ten minste een derde van die lede van die beheerraad, vorm 'n kworum.
- 11.4 Kennisgewing van vergaderings van die beheerraad en 'n sakelys/agenda bevattende sake en/of voorstelle wat 'n lid/lede vir bespreking op die sakelys wil plaas, moet al die lede minstens veertien dae voor die vergadering bereik. Die voorsitter mag egter 'n besprekingspunt of voorstel wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, ter tafel aanvaar indien hy/sy van oordeel is dat dit nie bots met die missie of doelstellings van Straatwerk nie en nie 'n oop bespreking aan bande sal lê nie.
- 11.5 Van die beheerraadslede word verwag om die vergaderings gereeld by te woon. Indien 'n lid nie 'n vergadering kan bywoon nie, moet hy die voorsitter of die sekretaris daarvan in kennis stel.
- 11.6 Geen lid mag deelneem aan die bespreking van 'n saak, of stemming oor 'n saak, waarby hy/sy 'n finansiële of ander persoonlike belang het nie.
- 11.7 Lede mag die vergadering nie sonder verlof van die voorsitter verlaat voordat die vergadering afgesluit is nie.
- 11.8 'n Buitengewone vergadering van die beheerraad kan belê word òf deur die voorsitter indien hy dit nodig ag. Lede mag die vergadering nie sonder verlof van van die beheerraad daarom aansoek doen met vermelding van die saak vir bespreking, òf deur die beheerraad self indien 'n dringende of spoedeisende saak dit noodsaak. Op 'n buitengewone vergadering mag alleen daardie sake waarvoor die vergadering byeengeroep is, behandel word.
- 12. Aanspreeklikheid van lede of ampsdraers**
- 12.1 Lede of ampsdraers van Straatwerk sal nie aanspreeklik wees vir enige verpligtinge en aanspreeklikhede van Straatwerk bloot vanweë hulle status as lede of ampsdraers van Straatwerk nie.
- 12.2 Die ampsdraers van Straatwerk sal nie persoonlik aanspreeklik wees vir enige verlies gelyk deur 'n persoon as gevolg van 'n handeling of versuim wat te goeder trou geskied het, terwyl die ampsdraer werksaamhede namens Straatwerk verrig nie.
- 13. Administrasie van finansies**
- 13.1 Die beheerraad van Straatwerk hou toesig oor die behoorlike administrasie van die finansies van Straatwerk.
- 13.2 Die direkteur van Straatwerk moet 'n lopende bankrekening op die naam van Straatwerk open en in stand hou by 'n finansiële instelling deur die beheerraad aangewys.
- 13.3 Enige geld wat Straatwerk ontvang, moet onmiddellik in die bankrekening van Straatwerk inbetaal word.
- 13.4 Alle betalings namens Straatwerk moet vanuit die bankrekening van Straatwerk gedoen word.

- 13.5 Vir alle gelde wat ontvang word, moet kwitansies uitgereik word en die gelde gereeld gedeponeer word.
- 13.6 Rekeningkundige aantekeninge moet volgens die standarde van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk van die inkomste, uitgawes, bates en laste van Straatwerk gehou word.
- 13.7 Alle bankonttrekkingsdokumente moet deur twee persone geteken word. Die persone wat tekenregte op onttrekkingsdokumente het, word deur die beheerraad van Straatwerk aangewys.
- 13.8 Tydens elke vergadering van die beheerraad of wanneer die beheerraad dit versoek, moet 'n volledige staat van inkomste en uitgawes vir die lopende boekjaar, voorsien word.
- 13.9 So gou doenlik maar in elk geval binne 4 maande na die einde van elke boekjaar, moet finansiële state ten opsigte van die boekjaar wat verby is, opgestel word. Die finansiële state moet minstens:
- 13.9.1 'n staat van inkomste en uitgawes vir die afgelope boekjaar, en
- 13.9.2 'n balansstaat wat die bates, laste en finansiële posisie van Straatwerk aandui – soos aan die einde van daardie boekjaar wat verby is, insluit.
- 13.10 Die finansiële state in art 13.9 genoem, moet binne 6 maande na die opstel daarvan aan 'n ouditeur/ouditeursfirma, wat deur die beheerraad aangewys word, voorgelê word vir die samestelling van 'n skriftelike verslag waarin verklaar word dat
- 13.10.1 die finansiële state van die organisasie in ooreenstemming met die rekeningkundige boekhouding daarvan is;
- 13.10.2 die rekeningkundige beleid van die organisasie gepas is en behoorlik by die opstel van die finansiële state toegepas is, en
- 13.10.3 die organisasie aan die bepalinge betreffende finansiële aangeleenthede van die Wet op organisasies sonder winsbejag sowel as sy eie grondwet voldoen het.
- 13.11 Tydens die eerste vergadering van die beheerraad ná ontvangs van die geouditeerde state, moet die state aan die beheerraad voorgelê word.
- 13.12 'n Begroting vir die volgende boekjaar, moet jaarliks opstel word. Die begroting moet deur die beheerraad goedgekeur word.
- 13.13 Die finansiële boekjaar van Straatwerk strek van die eerste dag van Maart tot die laaste dag van Februarie die volgende jaar.
- 13.14 Die direkteur van Straatwerk lê jaarliks 'n verslag van die aktiwiteite en die finansiële posisie van Straatwerk gedurende die voorafgaande jaar, aan belanghebbende partye voor.

14. Fondse

- 14.1 Straatwerk se fondse word verkry deur bydraes en donasies van meewerkende kerke, individue, besighede en organisasies, erflatings en rente op beleggings. Die direkteur van Straatwerk beheer die fondse van Straatwerk en wend dit aan ooreenkomstig die begroting ter bereiking van die missie en doelstellings van Straatwerk.

14.2 Enige geld wat nie onmiddellik benodig word om lopende of gebeurlikheidsuitgawe te betaal nie, word by 'n finansiële instelling, deur die beheerraad aangewys, belê teen aanvraag-, korttermyn- of langtermyndeposito. Wanneer dit weer benodig word, word dit ooreenkomstig artikel 13.7 onttrek.

14.3 Die beheerraad kan uit sy geledere 'n finansiële komitee aanwys om die direkteur van Straatwerk met die finansiële bestuur by te staan. Kundige persone sou, met die goedkeuring van die beheerraad, op so 'n komitee gekoöpteer kon word.

15. Kennisgewings

Tensy die voorsitter anders gelas, kan kennisgewings van Straatwerk vergaderings, per hand, per pos, per faks of per e-pos aan geadresseerdes gestuur word.

16. Wysiging van die grondwet

16.1 'n Voorgestelde wysiging van die grondwet van Straatwerk moet by wyse van 'n gemotiveerde skriftelike voorstel by die sekretaris van die beheerraad ingedien word.

16.2 Die sekretaris moet alle lede van die beheerraad 14 dae voor die vergadering voorsien van 'n kopië van die gemotiveerde skriftelike voorstel vir die wysiging.

16.3 Indien 'n twee-derde meerderheid van die volle beheerraad die voorgestelde wysiging goedkeur, word die voorgestelde wysiging aanvaar en die grondwet dien-ooreenkomstig gewysig.

16.4 Drie beheerraadslede word gemagtig om die gewysigde grondwet namens die beheerraad te onderteken.

16.5 Die wysiging van die grondwet tree in werking onmiddellik nadat die wysiging goedgekeur is soos in 16.3.

17. Ontbinding

17.1 Indien die likwidasie of ontbinding van Straatwerk op 'n vergadering van die beheerraad oorweeg staan te word, moet alle lede van die beheerraad vooraf van die ontbindingsvergadering in kennis gestel word.

17.2 Die KGA moet vooraf in kennis gestel word dat die saak van ontbinding ter tafel gelê sal word.

17.3 'n Besluit om te ontbind moet met minstens 'n twee-derde meerderheid van die volle beheerraad geneem word.

17.4 Na 'n besluit om te ontbind sal die KGA deur die SGK van die Ned Geref Kerk (Wes-en Suid-Kaap) toesien dat (sover moontlik) alle verpligtinge van Straatwerk uit die beskikbare Straatwerk-fondse nagekom word.

17.5 Nadat alle verpligtinge nagekom is, sal die vrye oorskot oorgedra word aan 'n ander organisasie sonder winsoogmerk met soortgelyke doelstellings as Straatwerk. Die beheerraad sal in konsultasie met die KGA besluit watter organisasie die beste aan hierdie vereiste voldoen.

Reglement 5

Reglement vir die sinodale kommissie vir diensverhoudinge (SKD)

1. Werknemers Van Die Ned Geref Kerk In SA

- 1.1 Die sinode is in eerste instansie die werkgewer van alle werknemers in diens van sinodale kommissies en inrigtings van die sinode.
- 1.2 Die Sinodale Kommissie vir diensverhoudinge (SKD) is vir die volgende sake met volmag namens die sinode verantwoordelik:
 - 1.2.1 Bestuur die diensverhoudinge met alle werknemers namens die sinode;
 - 1.2.2 Bepaal personeelbeleid, voorsien riglyne en bepaal strategie;
 - 1.2.3 Finaliseer personeelbeleid wat deur alle werknemers onderteken word;
 - 1.2.4 Tree op as interne instansie vir appèl t.o.v. diensverhoudinge (in onderskeid van die gewone kerklike appèl, soos bepaal in die Kerkorde),
 - 1.2.5 skakel met sinodale kommissies t.o.v. diensverhoudinge, -kontrakte, -voorwaardes, ens, personeelbeplanning (organisasiestruktuur en poste), personeeladministrasie (diensvoordele), vergoeding, opleiding en ontwikkeling, bestuursbenadering (organisasie-ontwikkeling). Die onderskeie sinodale kommissies tree namens die sinode in oorleg met die SKD op om die diensverhoudinge van die personeel van die betrokke kommissies, insluitend die PSD's, te hanteer. Dit sluit in:
 - 1.2.6 Personeelvoorsiening in oorleg met die sinode se bestuurder verantwoordelik vir menslike hulpbronbestuur, vasstelling van posbeskrywing, beoordeling van werkprestasie, hantering van griewe en dissipline, diensbeëindiging.
- 1.3 In al bogenoemde gevalle is die sinodale kommissies gebind aan die
 - 1.3.1 Kerkorde, Bepalings en Reglemente, toepaslike besluite van die sinode en die SKD;
 - 1.3.2 personeelbeleid en reglemente van die sinode.
- 1.4 Dit word van sinodale kommissies verwag om toe te sien dat die diensverhoudinge met alle personeel hiermee in ooreenstemming is, byvoorbeeld:
 - 1.4.1 SKDB t.o.v. alle takke van die SKDB
 - 1.4.2 SGK t.o.v. personeel in diens van die sending, Straatwerk ens.

2. Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge (SKD)

- 2.1 Samestelling
 - 2.1.1 Die sinodale kommissie vir diensverhoudinge bestaan uit:
 - 2.1.1.1 Een verteenwoordiger van die volgende sinodale kommissies wat personeel in diens het:
 - 2.1.1.2 Die SFK-D, SKK, SKDB, SGK, SJK, Kuratorium, SKV SKP en die Aktuaris.
 - 2.1.1.3 Elke sinodale kommissie kan self besluit op 'n primarius- en sekonduslid van die SKDV.

- 2.1.2 Die saakgelastigde tree op as sameroeper.
- 2.1.3 Die SKDV wys 'n dagbestuur aan.
- 2.1.4 Die SKDV benoem deskundige lede op die kommissie soos nodig.
- 2.2 Opdrag**
- 2.2.1 Die SKD bestuur die diensverhouding tussen die sinode en sy werknemers (die Kerkorde 2002 – 12b.1.1).
- 2.2.2 Die SKD gee aandag aan die personeelbeleid en dienskontrakte van werknemers in diens van die sinode.
- 2.2.3 Die SKD skakel met die Algemene Sinode se kommissie vir diensverhoudinge.
- 2.2.4 Die SKD gee advies aan sinodale kommissies, ringe en gemeentes tov diensverhoudinge.

3. Personeelbeleid van die Ned Geref Kerk in SA

- 3.1 Die SKD is verantwoordelik vir die personeelbeleid van die **Ned Geref Kerk in SA** (voorheen genoem personeelreglement).
- 3.2 Werknemers en sinodale kommissies word geken in enige wysigings wat in die personeelbeleid beoog word.
- 3.3 Dit word van alle werknemers van die **Ned Geref Kerk in SA** verwag om die personeelbeleid by diensaanvaarding skriftelik te onderskryf.
- 3.4 Die personeelbeleid handel oor die volgende sake:

A. Algemeen

- Inleiding
- Inhoudsopgawe
- Woordbepalinge

B. Diensvoordele

- Salarisse
- Verlof
- Diensbonus
- Behuising
- Pensioen
- Mediese hulpskema
- Versekering
- Motorvoordele
- Studiehulp

C. Diensvoorwaardes

- Bestuursbenadering

Personeelvoorsiening
Diensbeëindiging
Reiskoste
Verblyfkoste
Diensure
Kantoor eiendom
Gemeenskapsbetrokkenheid
Algemene opdrag
Wedersydse pligte en regte
Dissiplinêre kode en prosedure
Grieweprosedure

Reglement 6

Reglement vir die vermeerdering, afstigting, kombinering, eenwording en samesmelting van Gemeentes

Verskyn in die Kerkorde 2007 (Regl 6) en (<http://www.ngkerk.org.za/documents/Kerkorde2007.pdf>).

Reglement 7

Reglement vir Goeie Hoop-Behuisingsmaatskappy

1. Die Goeie Hoop-Behuisingsmaatskappy is 'n stigting van die kommissie vir diens van barmhartigheid van die Ned Geref Kerk in SA. Die maatskappy is in die lewe geroep deur 'n besluit van die genoemde kommissie.
2. Die sinode hou die genoemde kommissie vir die volgende verantwoordelik:
 - 2.1 Om die belange en die standpunt van die kerk in die maatskappy te handhaaf;
 - 2.2 Om jaarliks geouditeerde state van die maatskappy aan die SFK/dagbestuur van SFK voor te lê;
 - 2.3 Om aan elke sinode van die werksaamhede van die maatskappy verslag te doen;
 - 2.4 Om toe te sien dat die kerk se verteenwoordigers in die direksie van die maatskappy nooit minder as twaalf sal wees nie;
 - 2.5 Om gereeld aan die SFK/dagbestuur van SFK verslag te doen van alle aankope of verkope van eiendom wat deur die maatskappy gedoen is;
 - 2.6 Om in geval van verbande of skuld wat op eiendom gedelg is, toe te sien dat sulke eiendom op naam van die kerk oorgedra word;
 - 2.7 Om in geval van likwidasië of ontbinding van die maatskappy toe te sien dat daardie deel van die eiendomme en of bates wat deur die kerk mettertyd aan die maatskappy oorgedra is, sonder vergoeding na die kerk sal terugval.

Reglement 8

Reglement vir kerklike fondse en die praktiese hantering daarvan

(Hierdie reglement is ondergeskik aan en moet saamgelees word met reglement 9 van die Algemene Sinode)

1. Algemene kerklike fondse
- 1.1 Die reglement is van toepassing op die insameling en beheer van alle kerklike fondse. Die fondse word verdeel in gemeentelike, rings-, en sinodale fondse.
- 1.2 Die reglement is bindend vir alle kerklike instansies en kommissies, asook die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA wat reeds gestig is of nog gestig sal word.
- 1.3 Volgens die heilige Skrif is lidmate geroep om as rentmeesters met dankbaarheid en offervaardigheid voorsiening vir kerklike uitgawes te maak. Die beheer en besteding daarvan moet ordelik geskied.
- 1.4 Behoorlike rekeningkundige rekords moet gehou word. Omvattende interne beheer-maatreëls en verslagdoening oor alle fondse wat deur kerklike instansies en kommissies bestuur word, moet bepaal en nagekom word.
- 1.5 Die instansies en kommissies moet 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur aanstel om jaarliks die rekenkundige rekords te oudit en verslag te doen oor die finansiële jaarstate. Die pligte van die ouditeur en die omvang van sy oudit word in 'n aanstellingsbrief vervat. Die ontslag of vervanging van die huidige ouditeur kan alleen plaasvind nadat die ouditeur 'n behoorlike geleentheid gegun is om sy saak te stel.

2. Gemeentefondse

- 2.1 In elke gemeente moet daar gemeentefondse wees wat onder beheer van die kerkraad staan. Uit hierdie fonds word die gemeente se uitgawes i.v.m. die hele bediening gedoen: o.a. die vergoeding van predikante en amptenare, die instandhouding van kerklike geboue, die onderhoud van sorgbehoewendeS, ander gemeentelike uitgawes en die verpligte bydraes vir die sinodale fondse.

Die gemeentefondse word gevind deur lidmate te wys op die voorreg en verantwoordelikheid van hul rentmeesterskap. Behalwe die beskikbaarstelling van hulle tyd en gawes, gee lidmate as rentmeesters ook hul geld deur:
 - dankoffers by openbare eredienste
 - vrywillige dankoffers
 - ander inkomste, insamelings en bydraes
- 2.2 Om skuld of tekorte te voorkom, stel die kerkraad aan die begin van elke boekjaar 'n begroting van inkomste en uitgawes op.
- 2.3 Die kerkraad moet toesien dat behoorlike finansiële boekhouding gehou word van alle geldelike aktiwiteite en fondse wat in die gemeente bestuur word, en moet jaarliks 'n finansiële staat van sodanige fondse opstel, en dit deur 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur, wat nie lid van die kerkraad is nie, laat ouditeer.

- 2.4 Alle sinodale kollektes, eweredige bydraes en bydraes vir pensioenfondse is verpligtend. Die kerkraad sorg dat alle ontvangte sinodale kollektes en verpligte bydraes maandeliks aan die saakgelastigde verantwoord word. Sinodale aandeelbydraes word elke kwartaal pro rata bereken en aan die saakgelastigde versend. Indien die pro rata-deel nie versend word nie, het die SFK-D die reg om rente op die uitstaande bedrag te hef.
- 2.5 Die kerkraadsvergadering in elke gemeente, gewone sowel as buitengewone, word deur elke lid sonder vergoeding bygewoon.
- 2.6 Die finansiële beampte van die kerkraad
- Die finansiële beampte van die kerkraad se pligte is die volgende:
- 2.6.1 Doen geen uitbetaling sonder die toestemming van die kerkraad nie.
- 2.6.2 Belê geen geld sonder genoegsame waarborg en sonder toestemming van die kerkraad nie.
- 2.6.3 Bly aanspreeklik vir alle geld wat uitbetaal of belê is sonder voorkennis of toestemming van die kerkraad.
- 2.6.4 Hou behoorlik boek, en sorg dat alle uitstaande skulde betaal word, sowel deur die kerkraad aan die krediteure as deur die debiteure aan die gemeente. By weiering of vertraging van die debiteure word sodanige versuim dadelik by die kerkraad aanhangig gemaak.
- 2.6.5 Is belas met die ontvangs van sinodale kollektes en alle ander geld wat deur die gemeente bygedra of ten behoeve van die sinodale fondse gehef word en stuur dit onverwyld aan die saakgelastigde.
- 2.6.6 gee op 'n tyd soos deur die kerkraad vasgestel word aan gemeentedele die geleentheid om insae in die finansiële state van die gemeente te verkry.

3. Ringsfondse

- 3.1 'n Ring kan 'n ringsfonds opbou deur kollektes of vaste bydraes van elke gemeente in sy ressort te vorder. Hierdie fonds word waar toepaslik aangewend vir die koste van administrasie, of enige onderneming van ringsbelang. Die skriba beheer en administreer die fonds volgens opdrag van die ring. Die ring moet jaarliks 'n finansiële staat van fondse opstel en dit deur 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur laat ouditeer (vgl. regl. 8:4.6.6.9, regl. 20:8 en bep. 31.10).
- 3.2 Ringe moet toesien dat gemeentes hul geldelike verpligtinge t.o.v. sinodale kollektes en verpligte bydraes nakom (vgl. art. 31.2).

4. Sinodale fondse

- 4.1 Die sinode administreer al die fondse waaroor hy beskik deur die SFK/SFK-D. Die SFK/SFK-D funksioneer volgens die beginsels van bybelse rentmeesterskap.
- 4.2 Sinodale kommissies en instansies met selfstandige boekhouding stel 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur aan in oorleg met die SFK/SFK-D, terwyl die ontslag/vervanging van 'n ouditeur insgelyks in oorleg met die SFK/SFK-D geskied.
- 4.3 Begroting vir uitgawes

- 4.3.1 Voor die begin van elke boekjaar moet kommissies by die saakgelastigde hul begrotings indien vir behandeling deur die SFK/SFK-D
- 4.3.2 Die SFK/SFK-D betaal jaarliks die deel van die sinodale aandeel van gemeentes wat vir kommissies se uitgawes beskikbaar is.
- 4.3.3 In die reses word die begroting vir goedgekeurde werksaamhede wat die sinode goedgekeur het, jaarliks, waar nodig, deur die SFK/SFK-D gewysig, in die lig van beskikbare fondse en in oorleg met die sinodale kommissie.
- 4.3.4 Waar werk waarvoor nie begroot is nie deur kommissies van die sinode beoog word, moet toestemming van die SFK/SFK-D verkry word, reeds in die beplanningsfase en alvorens verpligtinge en uitgawes aangegaan word.
- 4.3.5 By elke sinode doen die sinodale fondsekommissie verslag van die wysigings wat in die begroting aangebring is en van die onvoorsiene uitgawes wat in die reses toegestaan is, asook van finansiële strategie en beplanning van sinodale fondse vir die toekoms.
- 4.4** Insameling van fondse
Die sinode vind sy fondse deur:
 - 4.4.1 Sinodale aandeel van gemeentes
 - 4.4.1.1 Die sinodale begroting word hoofsaaklik befonds deur gemeentelike bydraes wat eweredig tussen gemeentes verdeel word volgens hulle vermoë. Gemeentes se sinodale aandeel word deur 'n formule bepaal wat van tyd tot tyd deur die SFK/SFK-D aangepas en aan die ringe en gemeentes voorsien word.
 - 4.4.2 Sinodale- en spesiale kollektes
 - 4.4.2.1 Sinodale kollektes
 - 4.4.2.1.1 KGA (Sending)
 - (a) Arbeidsbediening
 - (b) Zimbabwe / Malawi / Mosambiek / (voorheen buitelandse sending)
 - (c) Bediening aan die Jode
 - 4.4.2.1.2 SKG (Gemeentebediening)
 - (a) Gemeentebediening
 - (b) Gemeenteontwikkeling
 - 4.4.2.1.3 SKDB (Barmhartigheid)
 - (a) Hospitaalbearbeiding
 - (b) BADISA
 - (c) Instituut vir blindes
 - (d) Instituut vir dowes
 - 4.4.2.1.4 SJK (Jeug)

- (a) Jeugwerk
- (b) Studentebearbeiding
- 4.4.2.1.5 Kerkverband-sake
 - (a) Gemeenteondersteuningsfonds
- 4.4.2.1.6 Kuratorium
 - (a) Teologiese Kweekskool
- 4.4.2.2 Spesiale kollektes
 - 4.4.2.2.1 SKDB
 - (a) Christelike alkoholiste dienste (CAD)
 - (b) Ramot
 - (c) Hugenote Kollege
 - (d) Alta du Toit / Eljada-sentrums
 - (e) Bediening aan die dowes
 - (f) Jan Kriel Instituut
 - (g) Kinderhuise
 - (h) Magdalenahuis
 - (i) Paarl-skool
 - 4.4.2.2.2 Onafhanklike organisasies
 - (a) Radiokansel
 - (b) Bybelgenootskap
 - 4.4.2.2.3 KGA
 - (a) Christelike lektuurfonds (CLF)
 - (b) Hawesending (voorheen: Sending onder Kommuniste)
 - (c) Makatini (voorheen: Geestelike Eeufees Monument)
 - (d) Mfesane
 - (e) Straatwerk
 - (f) Msinga
 - (g) Oos-Kaap Getuienis
 - (h) Nigerië
 - (i) Kenia
 - (j) Wêreldsending
 - (k) TIW (Toerusting vir interkulturele werkers)

4.4.2.2.4 Kerk-verbandsake

(a) RCA

4.4.3 Die SFK/SFK-D het die bevoegdheid om te bepaal watter kollektes primêre sinodale werksaamhede bevorder en daarom verpligte sinodale kollektes het; en watter instansies sekondêre werksaamhede is en vir spesiale kollektes (waaroor kerkrade self kan besluit) geakkrediteer word.

4.4.4 Opbrengs van reserwefondse en ander fondse.

4.5 Opdragte ten opsigte van sinodesittings

Voor en tydens elke sinodale vergadering vervul die SFK/SFK-D die volgende funksie:

4.5.1 Om aan die vergadering verslag te doen hoe die SFK rentmeesterskap in die sinodale gebied bevorder het.

4.5.2 Om aan die vergadering verslag te doen oor die verskillende fondse wat onder beheer van die saakgelastigde in die kerkkantoor is.

4.5.3 Om verslag te doen oor die geouditeerde finansiële verslae van die sinodale fondse.

4.5.4 Om die sinodale begroting aan die vergadering voor te lê.

4.5.5 Om die sinode met advies te bedien ten opsigte van beskrywingspunte en voorstelle met finansiële implikasies, asook voorstelle wat die begroting affekteer.

4.5.6 om enige lid van die vergadering die geleentheid te gee om op aanvraag insae in die state van die verskillende fondse te verkry.

4.6 Bepalinge vir administrasiefonds

Die sinodale administrasiefondse word aangewend vir die bestryding van die koste van die kerkkantoor; die gewone en buitengewone vergaderinge van die meerdere kerklike vergaderinge, soos die algemene sinode, die sinode, die ringe; liggame en kommissies wat oor geen fondse beskik nie, soos bv die moderamen en ander kommissies deur die sinode of moderamen benoem en die ringskommissie. Alle sinodale kommissies wat fondse beheer, dra hul eie koste uit hul deel van die sinodale begroting en ook in gevalle waar die sinode in belang van sodanige kommissies se werk of afdeling opdragte gee - met toestemming van die betrokke kommissie of subkommissie.

Kerklike vergaderinge vermy, sover dit met behoud van die goeie orde kan geskied, onnodige koste, en tref maatreëls om reis- en verblyfkoste te bespaar.

4.6.1 Die gewone koste vir meerdere kerkvergaderinge behels:

4.6.1.1 reiskoste van die lede na die sinodale en ringsvergaderinge;

4.6.1.2 daggeld (verblyfkoste) aan al die lede van die sinodale vergadering; en

4.6.1.3 administratiewe koste van die vergadering.

4.6.2 Die buitengewone koste sluit in: die reis- en daggeld van sinodale kommissies, ringskommissies en van buitengewone byeenkomste, vertaalwerk, ens.

Met vooraf toestemming van die SFK/SFK-D kom ook kostes vir buitengewone ringsittings in aanmerking vir buitengewone koste (par. 4.6.6.9) (vgl. ook bep. 31.10).

4.6.3 Die rekenings van die afgevaardigdes na die buitengewone vergadering is volgens die tarief van die gewone vergadering. In besondere gevalle staan dit die vergadering egter vry om te oordeel en na gelang van omstandighede te handel.

4.6.4 Honoraria aan kerklike ampsdraers

Die SFK/SFK-D beveel tydens elke sinodesitting die volgende by die sinode aan:

4.6.4.1 die honoraria wat vir elke sittingsdag aan die lede van die Moderatuur, die assistentskriba en lede van tydelike kommissies uitbetaal moet word;

4.6.4.2 die honoraria wat in die reses aan die moderator, die assessor, die aktuaris en die skriba van die moderamen uitbetaal moet word, asook 'n riglynbedrag vir ringskribas. In die reses word die bydrae deur die SFK/SFK-D aangepas.

4.6.5 Reiskoste en daggeld

4.6.5.1 Die SFK/SFK-D bepaal die toelaag per kilometer, daggeld vir die dae op reis, daggeld vir vergadering sonder nagverblyf, daggeld vir vergadering met nagverblyf en ander noodsaaklike uitgawes.

4.6.5.2 Die SFK/SFK-D lê aan die begin van die vergadering van die sinode aanbevelings insake reiskoste en daggeld voor.

4.6.6 Algemene bepalinge omtrent reiskoste en daggeld aan lede van kommissies van ringe en sinodes. (Hierdie bepalinge is geldig tensy die vergadering anders besluit.)

4.6.6.1 SFK/SFK-D is verantwoordelik vir die reëlings ivm vergoeding vir vergaderings. Die beginsel is dat persone vergoed word vir uitgawes aangegaan en vir die uitvoering van pligte wat verband hou met die vergadering.

4.6.7 Administratiewe uitgawes

4.6.7.1 Administratiewe uitgawes wat aangegaan word, word vergoed

4.6.8 Bestryding van koste van sinode

4.6.8.1 In die jaar waarin die sinode vergader, moet elke kerkraad 'n spesiale bydrae soos deur die SFK/SFK-D per afgevaardigde bepaal, in die administrasiefonds stort vir die bestryding van die koste van die sinode.

Reglement 9

Reglement vir die beheer van kerklike goedere en vir regsverteenvoording

(Hierdie reglement is ondergeskik aan en moet saamgelees word met reglement 9 van die algemene sinode)

1. Die gemeente

1.1 Elke gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA is as outonome regspersoon onafhanklik van sy lidmate, eienaar en reghebbende van en t.o.v. sy bates, roerend en onroerend, tasbaar en ontasbaar.

- 1.2 Onroerende goed en verbande word geregistreer in die naam van "DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE (meld naam van gemeente indien enige) te(meld naam van plek)".
- 1.3 Die kerkraad beheer en beskik namens die gemeente oor sy bates en die kerkraad het in die besonder die bevoegdheid om:
- 1.3.1 Roerende en onroerende goed te koop en te verkoop, te huur en te verhuur.
- 1.3.2 Verbande oor onroerende goed en notariële verbande oor roerende goed te verleen en om roerende goed in pand te gee.
- 1.3.3 Serwitute oor onroerende goed te verleen.
- 1.3.4 Lenings aan te gaan teen sodanige rentekoers op sodanige terme en teen die verskaffing van sodanige sekuriteit soos tussen die kerkraad en die geldskieder ooreengekom word.
- 1.3.5 Die verpligtinge van derde partye te waarborg.
- 1.3.6 Geld teen rente of vry van rente uit te leen op sodanige terme soos tussen die kerkraad en die geldopnemer ooreengekom word en teen die verskaffing van sodanige sekuriteit of sonder die verskaffing van sekuriteit soos die kerkraad mag bepaal.
- 1.3.7 Die voorsitter van die kerkraad of enige ander persoon te magtig om sake namens die kerkraad te behartig en stukke namens die kerkraad te teken.
- 1.3.8 Om kragtens 'n besluit geneem deur twee derdes van die lede wat by die kerkraadsvergadering teenwoordig is en onderworpe aan die voorskrifte van paragraaf 1.4 hieronder, onroerende goed te skenk.
- 1.3.9 Ooreenkomste van enige ander aard wat nie deur die voorgaande gedek word nie, te sluit.
- 1.3.10 Die aanstelling te aanvaar en op te tree as trustee t.o.v. enige fonds of goed wat vir 'n bepaalde doel of vir enige besondere werksaamheid van die gemeente in trust aan die gemeente bemaak of geskenk is of wat die gemeente andersins toeval, en
- 1.3.11 By die ontbinding van die gemeente met die bates van die gemeente te handel ingevolge reglement 6.
- 1.4 Skenkings
- 1.4.1 'n Besluit van die kerkraad soos bedoel in paragraaf 1.3.9 oor die skenking van onroerende goed word aan die gemeente bekend gemaak by geleentheid van 'n gewone erediens op twee opeenvolgende Sondae met vermelding daarvan dat besware daarteen skriftelik by die skriba ingedien moet word binne sewe dae na die tweede bekendmaking.
- 1.4.2 Besware wat nie binne die tydperk gemeld ingedien word nie, word nie oorweeg nie.
- 1.4.3 Enige beswaar wat ingedien word, kan by 'n vergadering van die kerkraad gehandhaaf word deur 'n besluit geneem deur twee derdes van die aanwesige lede en daarmee verval die voorgenome skenking. Indien die beswaar nie aldus gehandhaaf word nie, verklaar die voorsitter dat dit verwerp is.

- 1.4.4 Indien 'n beswaar verwerp word, word die beswaarmaker skriftelik daarvan verwittig en hy kan binne veertien dae nadat die kennisgewing van verwerping per aangetekende pos aan hom afgestuur is of persoonlik aan hom afgelewer is, skriftelik by die ring appelleer. Die beslissing van die ring oor die appèl is finaal.
- 1.4.5 Indien geen beswaar teen die voorgenome skenking ingedien word nie, of indien alle besware teruggetrek word, of indien enige besware wat ingedien is na verwerping deur die kerkraad nie deur die ring gehandhaaf word nie, word die besluit van die kerkraad om die onroerende goed te skenk, finaal.
- 1.4.5.1 Regsgedinge of prosesse van geregtelike aard word deur die gemeente in eie naam gevoer of verdedig hetsy as eiser of verweerder, hetsy as applikant of respondent.
- 1.4.5.2 Die gemeente word in regsgedinge of prosesse van geregtelike aard deur die kerkraad verteenwoordig.
- 1.4.5.3 Alle geregtelike stukke word aan die voorsitter van die kerkraad bestel.
- 1.4.5.4 By afwesigheid van 'n kerkraad vervul die ring waaronder die gemeente ressorteer die rol van die kerkraad. (vgl. regl. 6:2.10 en bep.26.10.4 bep. 22.1.2)

2. Die Ring

- 2.1 Elke ring van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA is as outonome regspersoon onafhanklik van die gemeentes waaruit dit saamgestel word, eienaar en reghebbende van en t.o.v. sy bates, roerend en onroerend, tasbaar en ontasbaar.
- 2.2 Onroerende eiendom en verbande word geregistreer in die naam van "DIE RING VAN (meld naam van die ring) VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA".
- 2.3 Die ring beheer en beskik oor sy eie bates en het in daardie verband mutatis mutandis dieselfde bevoegdhede waaroor die kerkraad beskik soos in paragraaf 1.3 hierbo uiteengesit, met dien verstande dat in die geval van enige skenking slegs 'n meerderheidsbesluit vereis word en dat die bepalinge van paragraaf 1.4 nie van toepassing is nie.
- 2.3.1 Regsgedinge of prosesse van geregtelike aard word deur die ring in eie naam gevoer, hetsy as eiser of verweerder, hetsy as applikant of respondent.
- 2.3.2 Alle geregtelike stukke word aan die voorsitter van die ringskommissie bestel.

3. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

- 3.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA is as outonome regspersoon onafhanklik van die gemeentes waaruit dit saamgestel is, die eienaar en reghebbende van en t.o.v. sy bates, roerend en onroerend, tasbaar en ontasbaar.
- 3.2 Onroerende eiendom en verbande word geregistreer in die naam van "DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA".
- 3.3 Waar onroerende eiendom in die verlede anders in die kerk gevestig is of verbande anders ten gunste van die kerk geregistreer is, mag die registrateur van aktes versoek word om 'n aantekening op die titelaktes en verbande aan te bring om aan te dui dat

die eenaar of verbandhouer, soos die geval mag wees, nou beskryf word soos in paragraaf 3.2 uiteengesit word.

- 3.4 Waar onroerende eiendom geskenk of nagelaat word aan of ten behoeve van enige besondere werksaamheid van die kerk, of aan of ten behoeve van enige inrigting, instituut, tehuis van die kerk of onder beheer van die kerk, word dit aangewend uitsluitlik tot voordeel en ten behoeve van sodanige werksaamheid, inrigting, instituut of tehuis.
- 3.5 Die beheer van en beskikking oor die bates van die kerk geskied volgens die bepalinge van reglement 22.
- 3.6 Die SFK/SFK-D moet instem voordat enige persoon of ander kommissie onderhandelings aangaan vir die verkryging van onroerende goed, hetsy deur aankope of deur skenking.
- 3.7. Regsgedinge of prosesse van geregtelike aard word deur die kerk in eie naam gevoer, hetsy as eiser of verweerder, hetsy as applikant of respondent.
- 3.8. Die kerk word in regsgedinge of prosesse van geregtelike aard verteenwoordig, en die bestelling van geregtelike stukke geskied soos in reglement 22 bepaal.

Reglement 10

Reglement van die Sinodale Kommissie vir Christelike Jeugbediening (SCJ)

1. Naam

Sinodale Kommissie vir Christelike Jeugbediening (SCJ)

2. Samestelling

Die SCJ word soos volg saamgestel:

- 2.1 26 lede waarvan 13 van die VGK en 13 van die Ned Geref Kerk
- 2.2 Die VGK en die NGK bepaal elkeen self die samestelling van hul verteenwoordigers .
- 2.3 Die SCJ het 'n dagbestuur van 8 lede waarvan 4 lede elk deur die twee kerke se verteenwoordigers aangewys word.
- 2.4 Tussentydse reëlins
 - 2.4.1 Die aangewese dagbestuurslede besluit dat die voorsitterskap om die beurt by elke vergadering is.
 - 2.4.2 Die kerke het elkeen hul eie strukture vir hul jeugbedienings. Dit bly so voortbestaan met die oogmerk dat dit vorentoe al nader aan mekaar sal groei en gesinchroniseer word.
 - 2.4.3 Die bedieningsterrein van die VGK strek ook oor die Ned Geref Kerk se sinodes van die Oos-Kaap en Noord-Kaap. Samesprekings oor die pad na eenheid sal ook met hulle gevoer moet word.
 - 2.4.4 Die Reformed Church in Africa moet ook in die proses ingeskakel word. Die bepalinge is 'n konsep om die pad na eenheid te dien.

2.4.5 Vir die interim word lede van die huidige kommissies op 'n ad hoc-basis gekoöpteer.

3. Doel van die kommissie

3.1 Die kommissie se taak is om:

3.1.1 die jeug uit die Woord toe te rus en te begelei tot 'n lewende verhouding met Jesus Christus en volwasse, toegewyde en diensbare lidmate van sy kerk te maak;

3.1.2 die jeug te begelei tot kerkwees waarin die eenheid van die liggaam van Christus al hoe meer sigbaar word;

3.1.3 die jeug binne samelewingsverbande, volgens hul behoeftes te bedien, en

3.1.4 die kerk te begelei in die jeugbediening.

4. Taak

Die taak van die SCJ is om die opvoeding van die jeug met alle erns en ywer in Christelike sin te behartig. Hierdie opvoeding sluit aan by die verbondsopvoeding wat die gelowige ouers aan die verbondskinders gee en bou daarop voort.

Die SCJ:

4.1 Beplan en koördineer alle werk in verband met die Christelike jeugbediening van die sinodes.

4.2 benoem sub-komitees om bepaalde afdelings van die jeugwerk te behartig of bepaalde opdragte uit te voer.

4.3 lewer verslag van die jeugbediening aan die sinode;

4.4 maak 'n deeglike studie van die beste metodes om die doel van die Christelike jeugbediening na te streef en bedien die gemeentes van inligting en voorligting;

4.5 is verantwoordelik vir die bevordering van die christelike getuieis ten opsigte van die onderwys en die daarstelling van 'n regverdigende onderwysbeleid vir almal, sowel as verantwoordelike ouerbetrokkenheid;

4.6 sal eenheidsinisiatiewe met ander gereformeerde kerke voortsit in lyn met die beleid van die algemene sinode;

4.7 bevorder die werksaamhede van die jeugaksies;

4.8 motiveer gemeentes en kerkrade om uitvoering te gee aan die algemene sinode se beleidsraamwerk oor kategese;

4.9 ontvang jaarliks verslag van die verskillende fasette van die jeugbediening met die oog op evaluering en beplanning van werksaamhede; en

4.10 vergader minstens een keer per jaar.

5. Strukture en funksionering

Jeugkommissies word op kerkraad, rings en sinodale vlak vir die toepassing en uitbouing van die kerk se aanvaarde jeugbediening benoem. Hierdie kommissies behartig, in die nouste samewerking met mekaar, die belange van die verskillende aspekte van die kerk se jeugbediening met verslag aan die betrokke kerkvergadering.

Die volgende kommissies word saamgestel:

5.1 Kerkraadskommissie vir Christelike jeugbediening (KCJ)

5.1.1 Samestelling

Die KCJ word so saamgestel dat al die fasette van die gemeentelike jeugbediening daarin verteenwoordig is.

Lede kan uit die gemeente gekoöpteer word.

5.1.2 Taak

Die KCJ en kerkraad is verantwoordelik vir:

5.1.2.1 die daarstelling en instandhouding van die kategese sowel as vir die aanstelling van personeel soos 'n leierkategete en kategete;

5.1.2.2 die Jeugaksies en die koördinerings van hulle programme, Sorg vir die kommunikasie van die sinode en die ring na die jeugaksies, die KCJ reël konferensies, kampe en toerustingskursusse en ander werksaamhede wat nodig geag word vir die bevordering van die jeugbediening in die gemeente, die KCJ beywer hom om die Christelike getuies met betrekking tot die onderwys te bevorder, die KCJ doen verslag aan die kerkraad oor al die fasette van jeugbediening en die kerkraad doen verslag aan die ring.

5.2 Die ringskommissie vir Christelike jeugbediening (RCJ)

5.2.1 Samestelling

5.2.1.1 Die ring benoem jaarliks 'n RCJ.

5.2.1.2 Verteenwoordigers vanuit die jeugaksies dien ook op die RCJ.

5.2.1.3 Die RCJ word so saamgestel dat al die fasette van die jeugbediening daarin verteenwoordig is.

5.2.2 Taak

5.2.2.1 Die RCJ koördineer al die fasette van die jeugbediening in die ring.

5.2.2.2 Die RCJ sorg vir die organisering van konferensies en toerustingskursusse en ander werksaamhede wat nodig geag word vir Jeugbediening op ringsvlak.

5.2.2.3 Die RCJ lewer verslag van alle fasette van die jeugbediening aan die ring en sinode.

5.3 Sinodale kommissie vir Christelike Jeugbediening (SCJ) (Soos hierbo genoem)

Kerkjeugaksies

Die kerkjeugaksies van die onderskeie kerke funksioneer op gemeente, rings- en sinodale vlak volgens behoefte en volgens die bestaande riglyne.

Reglement 11

Reglement vir die ontbinding van gemeentes sonder inlywing

Ontbinding van 'n gemeente sonder inlywing

1. Die kerkraad van 'n gemeente wat wil ontbind sonder dat die gemeente by 'n ander gemeente ingelyf word, neem besluite vir ontbinding en vir die beskikking oor die bates van die gemeente.
2. Die besluite van die kerkraad word by wyse van afkondiging vanaf die kansel by geleentheid van 'n erediens op twee opeenvolgende Sondae aan die gemeente bekend gemaak met vermelding daarvan dat besware daarteen skriftelik by die skriba ingedien moet word binne veertien (14) dae na die laaste afkondiging.
3. Besware wat nie binne die tydperk vermeld ingedien word nie, word nie oorweeg nie.
4. Die besluite vir ontbinding en beskikking oor die bates van die gemeente word saam met enige besware wat ingedien word aan die ring voorgelê, wat die besluite van die kerkraad kan bekragtig of verwerp.
5. Indien die besluit vir ontbinding deur die ring bekragtig word, besluit die ring oor 'n gepaste wysiging van die grenslyne van die oorblywende gemeentes in die ring om die gebied van die gemeente wat ontbind het in een of meer van daardie gemeentes in te sluit.
6. Die persoon of persone wat deur die kerkraad van die gemeente wat ontbind, benoem word om uitvoering te gee aan die besluite van die kerkraad vir die oordrag van onroerende eiendomme en beskikking oor ander goed van die gemeente wat ontbind, behou, indien nodig, hulle bevoegdheid om na die datum van ontbinding in oorleg met die ringskommissie aan die gemelde besluit uitvoering te gee.
7. Indien dit vir die persoon of persone of enigeen van hulle wat benoem is, soos in par 6 vermeld, na datum van ontbinding onmoontlik of onprakties is om op te tree ten einde aan die gemelde besluite uitvoering te gee, tree die ringskommissie op in die plek van sodanige persoon of persone ten einde aan die besluite uitvoering te gee (vgl. bep. 22.1, 26.10.4 en regl. 9:1.5.4).

Reglement 12

Reglement vir die kombinasie van werksaamhede van gemeentes, ringe en sinodes/kommissies van sinodes uit verskillende kerkverbande (Verwys bep. 31.3)

1. Definisie: Kombinasie beteken hier dat twee of meer kerkvergaderinge, of kommissies van kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die Ned Geref Kerkfamilie, ten bate van die Koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede.
2. Praktiese en kerkregtelike riglyne
 - 2.1 Die aspekte of saak ten opsigte waarvan die partye 'n kombinasie beoog, moet duidelik omskryf word.
 - 2.2 'n Skriftelike ooreenkoms word opgestel wat alle regte, pligte en verantwoordelikhede (insluitende finansies) van die partye duidelik omskryf.

- 2.3 Die bestaande reglemente 8 en 9 wat handel oor kerklike fondse en kerklike goedere, moet by die opstel van die ooreenkoms in berekening gebring word.
- 2.4 Waar die standplaas of ander pos van 'n predikant kragtens die beoogde kontrak in gedrang kan kom, moet artikel 13 van die Kerkorde in ag geneem word.
- 2.5 Indien dit die bedoeling is dat die gekombineerde liggaam die reg sal hê om sake te hanteer soos die beroep van 'n predikant en sy indiensstelling, moet aspekte soos konstituering, kworumvereistes, wyse van besluitneming, stemreg, befondsing, verantwoordelikheid vir die standplaas of aanstelling, pensioen, medies, administrasie, ens. noukeurig uitgeklaar word.
- 2.6 Die kontrak moet dit duidelik stel dat die daarstelling van die gemeenskaplike doelwitte kragtens die kontraktuele ooreenkoms, nie die regte en verantwoordelikhede van die kontrakterende kerkvergadering/kommissies kan ophef of tot niet verklaar nie.
- 2.7 Die ooreenkoms kan voor die verstryking van die vasgestelde termyn gewysig of beëindig word indien die betrokke partye, na wedersydse kennisgewing, in hulle afsonderlike vergaderinge hulle goedkeuring daaraan heg.
- 2.8 Die kontrakterende party val steeds onder die regering opsig en tug van sy verantwoordelike kerkvergadering.
3. **Werkswyse**
- 3.1 Die betrokke kerkvergadering/kommissies moet die skriftelike ooreenkoms afsonderlik in hulle onderskeie vergaderinge goedkeur.
- 3.2 Nadat die instansies onderling tot 'n ooreenkoms gekom het, moet die liggaam wat vir die opsig/toesig verantwoordelik is die ooreenkoms finaal bekragtig. In die geval van 'n kerkraad is dit die ring. By 'n ring of by 'n kommissie van die sinode, is dit die sinode/sinodale kommissie.

Reglement 13

Kommissie vir Getuienisaksie (KGA)

Uitgangspunt:

Die kommissie word as een kommissie gestruktureer as uitdrukking van die belydenis van die eenheid van die gemelde kerke en die ideaal van 'n kerkverband wat reeds deur al die deelnemende kerke aanvaar is. Die reglement maak wel voorsiening vir die realiteit dat daar nog verskillende kerke bestaan. Dit word egter slegs as 'n tussentydse reëling gedoen tot tyd en wyl die gemelde kerke verenig het in een amptelike kerkstruktuur. In die uitvoering van die roeping tot getuienis, tree die kommissie egter op as 'n eenheid en word daar 'n gesamentlike getuienis gelewer, gesamentlike aksies onderneem en met een stem na die lidkerke, ander kerke en na die wêreld gekommunikeer.

1. Naam

Die kommissie vir getuienisaksie in die Wes-Kaap (Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika: Kaapland; Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaap) en Reformed Church of Africa) hierna die KGA genoem.

2. Status

- 2.1 Die kommissie vir getuienisaksie in die Wes-Kaap is 'n kommissie wat uit die gemelde lidkerke saamgestel is en lewer 'n verslag aan die betrokke kerkvergaderinge.
- 2.2 Die KGA word saamgestel en funksioneer kragtens hierdie reglement wat deur die lidkerke goedgekeur is.
- 2.3 Tot tyd en wyl die lidkerke in een amptelike kerkstruktuur verenig is, bly die verteenwoordigers van die lidkerke in die KGA gebonde aan die besluite van hul eie sinodes.
- 2.4 Tot een kerkverband deur die kerke bereik is, sal, waar nodig, die KGA in terme van 'n goedgekeurde reglement by wyse van ooreenkomste en tussentydse reëlings funksioneer.
- 2.5 Vergaderinge prosedures vind plaas volgens die reglement van orde van dié betrokke lidkerk waarop die KGA (algemene vergadering) eenmalig besluit of telkens besluit.
Opmerking: Hierdie besluit moet telkens genotuleer word.

3. Doel en funksie

- 3.1 Om die gesamentlike getuienis deur sending, evangelisasie en diakonaat van die lidkerke te stimuleer en uit te bou sodat "liefde en trou mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede mekaar omhels" (Psalm 85:11).
- 3.2 Om al die projekte met betrekking tot sending en evangelisasie (hierna gerigtebedieninge: binne of buite genoem) as gesamentlike projekte te onderneem, te koördineer en te implementeer as verenigde projekte. In gevalle waar 'n bepaalde projek raakpunte het met die opdrag van ander kommissies van die lidkerke, word dit in oorleg met die betrokke kommissies hanteer.

4. Samestelling

- 4.1 Die KGA **funksioneer** deur 'n algemene vergadering, 'n dagbestuur en subkommissies, laasgenoemde met uitvoerende komitees.
- 4.2 **Die algemene vergadering** van die KGA word saamgestel deur:
 - 4.2.1 Ringsverteenwoordigers uit die gebiede van en aangewys deur die lidkerke.
 - 4.2.2 Predikante in sinodale diens en persone in spesiale ampsdiens.
 - 4.2.3 Tien deskundige lede soos bekragtig deur die betrokke kerkvergaderinge op voorstel van die KGA.
 - 4.2.4 Persone uit ander kommissies en inrigtings van die lidkerke soos aanbeveel deur die KGA en goedgekeur deur die betrokke kerkvergaderinge van die lidkerke of die betrokke kerkvergadering.
 - 4.2.5 'n Maksimum van 5 gekoöpteerde lede wat die KGA na behoefte kan benoem.
 - 4.2.6 Vir elkeen van die lede in 4.2.1, 4.2.3 en 4.2.4 word ook sekundi aangewys.
- 4.3 Die dagbestuur

4.3.1

Samestelling

Die dagbestuur word deur die algemene vergadering van die KGA saamgestel en bestaan uit 3 lede en 2 sekundi-lede van elk van die lidkerke, waar dit moontlik is, asook die predikante in sinodale diens (PSD's). Die algemene vergadering maak seker dat die onderskeie werksaamhede van die KGA in die dagbestuur verteenwoordig is. Die voorsitter en onder-voorsitter is deel van hulle kerk se verteenwoordiging.

4.3.2

Funksionarisse

(a) Voorsitter

Die algemene vergadering van die KGA wys 'n voorsitter en onder-voorsitter aan vir 'n termyn van drie (3) jaar om die algemene vergaderinge en dagbestuurvergaderinge te lei.

(b) Sekretaris

Die dagbestuur kies 'n sekretaris vir die kommissie se administratiewe funksionering vir 'n bepaalde tyd.

4.3.3

Vergaderinge:

Die dagbestuur vergader wanneer nodig.

4.3.4

Bevoegdhede:

(a) Beplanning van algemene vergaderinge.

(b) Hantering van spoedeisende sake en sake spesiaal aan hulle opgedra deur die algemene vergadering en die subkommissies met verslag aan die algemene vergadering.

(c) Die dagbestuur adviseer die algemene vergadering oor hoe die KGA deur sy werksaamhede (vgl. pt. 5) die proses van eenwording in die Ned Geref Kerkfamilie kan bevorder.

(d) Oorhoofse finansiële beplanning en bestuur, in oorleg met die saakgelastigde van die betrokke kerkvergadering en met verslag aan die algemene vergadering.

(e) In die uitvoering van die KGA se werksaamhede en opdragte kan die dagbestuur skakel met interkerklike groepe, ander kerke, ekumeniese liggame en owerheidsinstansies.

(f) Die dagbestuur doen aan die algemene vergadering verslag van hulle werksaamhede.

4.4

Die algemene vergadering kan na behoefte **subkommissies** aanwys.

4.5

Vakatures in die KGA (algemene vergadering) word deur die betrokke lidkerk gevul. Vakatures in die dagbestuur en die subkommissies word deur die dagbestuur uit die lede van die algemene vergadering gevul.

5.

Werksaamhede en bevoegdhede

Die taak van die KGA is om:

- 5.1 Die betrokke kerke in hulle getuienistaak in die wêreld te adviseer oor:
 - 5.1.1 Die opbou en toerus van gelowiges vir hulle dienswerk in die gemeente en in die wêreld, as getuies vir Jesus Christus met die oog op die uitbou van die Koninkryk van God en sy geregtigheid;
 - 5.1.2 Die uitreik na alle mense, bv kerkvervreemdes, die wat buite kerkverband geraak het, die nie-gekerstendes en die noodlydendes;
 - 5.1.3 Die oproep en opbou tot geloof in Jesus Christus, toetrede tot sy kerk en betrokkenheid in sy Koninkryk;
 - 5.1.4 Samewerking met al die kerke van die Ned Geref Kerkfamilie aan wedersydse opbou van mekaar, en die uitbou van die gemeenskap van die gelowiges binne die een liggaam van Jesus Christus ten einde so instrument te wees in die hand van God in die uitvoer van sy heilswerk op aarde;
 - 5.1.5 Samewerking op ekumeniese vlak;
 - 5.1.6 Opdragte van die betrokke kerkvergaderinge uit te voer.
 - 5.1.7 Botsende opdragte kan verwys word om deur die betrokke kerkvergaderinge se eie kommissies hanteer te word.
 - 5.1.8 Die benoemdes van die lidkerke in die KGA vorm ook die lidkerk se kommissie vir die hantering van botsende opdragte of sake waarvoor die KGA-reglement nie voorsiening maak nie.
 - 5.1.9 Die nodige leiding aan kerkvergaderinge te gee ten opsigte van die strategie vir die uitvoering van hulle getuienistaak in die wêreld.
 - 5.1.10 Sorg te dra vir navorsing, beplanning, inligting en voorligting oor die getuienistaak van die kerk.
 - 5.1.11 Die nodige toesig en beheer uit te oefen oor werksaamhede wat deur die lidkerke onderneem word op die terreine wat onder die kommissie ressorteer.
 - 5.1.12 Verteenwoordigers van die KGA by ander sinodale kommissies te benoem.
 - 5.1.13 Voorstelle te maak vir kerkorde-bepalings ten opsigte van die funksionering van getuienisaksie-kommissies van ringe en kerkrade.
 - 5.1.14 Huishoudelike reglemente vir subkommissies goed te keur.
 - 5.1.15 'n Begroting van inkomste en uitgawe op te stel.
 - 5.1.16 Verslag te doen aan die betrokke kerkvergaderinge van sy werksaamhede.
 - 5.1.17 Reëlins te tref vir die uitvoering van sy werksaamhede.
 - 5.1.18 Die sinodes, ringe en gemeentes in verband met beleid ten opsigte van hul getuienistaak te adviseer.
 - 5.1.19 Tot die terrein van gerigtebediening na binne en buite (sending en evangelisasie) hoort:

- (a) Alle bedieninge t.o.v. arbeidsbediening, andertaliges, straatwerk, getuienis en dialoog (bv. bediening aan onder andere Jode en Moslems). Hierdie taak word deur die KGA self of in samewerking met ander kerke onderneem.
- (b) Die uitreik na alle nie-gekerstendes, mense wat buite kerkverband geraak het en volgelinge van afwykende rigtings. Hierdie taak word deur die KGA self of in samewerking met ander kerke onderneem binne en buite die RSA.
- (c) Die keuring, toerusting en pastorale begeleiding van voltydse werkkragte in diens van die KGA vir hulle getuienistaak in samewerking met die kerke in wie se diens hulle staan. Hierdie toerusting ten opsigte van getuienis is aanvullend tot die toerusting wat in die plaaslike gemeentes behoort te geskied. Die KGA konstateer dat getuienis primêr 'n funksie van die gemeente is. Wanneer gemeentes getuienisaksies in die buiteland onderneem, behoort dit egter ter wille van koördinasie in samewerking met die KGA onderneem te word.

6. Personeel

6.1 Die predikante in sinodale diens, persone in spesiale ampsdiens en administratiewe personeel wat tans in diens is van die lidkerke, vorm die personeel van die KGA. 'n Personeellid is onder die opsig en tug van die betrokke lidkerk waarvan hy/sy lidmaat is.

6.2 Vakatures

6.2.1 Vakatures in die sinodale en administratiewe poste van die lidkerke word deur die KGA gevul volgens die ordereëls van die betrokke lidkerk (sien ook 6.2.3).

6.2.2 In die geval van administratiewe personeel word vakatures gevul en nuwe aanstellings gemaak deur die uitvoerende komitee van die betrokke subkommissie met verantwoording aan die dagbestuur.

6.2.3 Benoeming/beroeping in sinodale poste

6.2.3.1 In die geval van predikante in sinodale diens en persone in spesiale ampsdiens word vakatures en nuwe poste gevul deur die algemene vergadering van die KGA.

6.2.3.2 'n Groslys word gevorm en die beroeping/verkiesing gehou volgens die reglement van orde van die lidkerk waarin die vakature/nuwe pos is.

6.2.3.3 Ná aanvaarding van die beroep/verkiesing word die indiensstelling gedoen volgens die bepalinge van dié lidkerk waar die vakature is.

6.2.3.4 Nuwe poste vir PSD's en persone in spesiale ampsdiens moet goedgekeur word deur dié lidkerk se kerkvergadering waar die pos ressorteer.

6.2.3.5 PSD's en persone in spesiale ampsdiens wat in die betrokke pos benoem word, moet lid wees of word van die kerk waarin die vakature ontstaan het.

6.2.4 Die personeel van die KGA word deur die lidkerke geakkrediteer en verkry die bevoegdheid om namens die KGA by enige gemeente of kommissie van die lidkerke

op te tree, inligting en toerusting te verskaf en te organiseer ter uitvoering van die doelstellings en werksaamhede van die KGA.

6.2.5 Nuwe poste word aan een van die lidkerke gekoppel.

7. Werkswyse

7.1 Skribaats en kantoor

Die werksaamhede word tussen die bestaande kerkkantore verdeel vir uitvoering.

7.2 Vergaderinge

7.2.1 Die algemene vergadering van die KGA vergader, indien moontlik, minstens een maal per jaar.

7.2.2 Die dagbestuur en subkommissies vergader so dikwels as nodig.

7.3 Finansies

7.3.1 Die dagbestuur stel met die oog op voorlegging aan en goedkeuring deur die algemene vergadering 'n begroting op vir al die werksaamhede, projekte en vergaderinge kragtens hierdie reglement.

7.3.2 Die lidkerke dra by tot die KGA-begroting op 'n wyse en volgens 'n formule soos dit van tyd tot tyd bepaal word deur die lidkerke se kommissies wat fondse administreer.

7.3.3 Die algemene vergadering besit die bevoegdheid om binne die riglyne van die begroting fondse wat ingevolge 'n begroting ontvang is, te verdeel volgens die prioriteite wat die algemene vergadering vir 'n betrokke finansiële jaar bepaal.

7.4 Beheer en beskikking van bates

7.4.1 Bestaande bates van die lidkerke is in naam van die betrokke kerk geregistreer en die beheer en beskikking daarvoor geskied volgens die bepalinge en reglemente van die betrokke kerke.

7.4.2 Aangesien die KGA tans nog deur/uit die drie kerke, elk 'n eie regspersoon, saamgestel word, sal die registrasie van bates wat die KGA na sy konstituering verkry, asook die beheer en beskikking daarvoor, in een van die drie lidkerke, kragtens dié se bepalinge en reglemente setel. Die dagbestuur besluit, met verslag aan die algemene vergadering, telkens in welke lidkerk die registrasie, beheer en beskikking van nuwe bates moet setel.

7.4.3 Die KGA besit die bevoegdheid om eiendom, roerend en onroerend, te verkry, onderhewig aan die bepalinge van pt 7.4.2 hierbo.

7.4.4 Die KGA kan slegs in ooreenstemming met die betrokke reglemente van die lidkerke lenings aangaan.

7.4.5 Alle besluite vir die koop en/of verkoop van onroerende bates en/of die aangaan van 'n lening ten opsigte van sodanige bates, word deur die dagbestuur geneem op aanbeveling van die betrokke subkommissie. Daarna word die nodige dokumente deur die bevoegde persone van die betrokke lidkerk, in wie die betrokke bate setel, onderteken in ooreenstemming met die reëlings van dié lidkerk in wie se naam die eiendom geregistreer is.

7.4.6 Alle besluite vir die koop en/of verkoop van roerende bates en/of die aangaan van lenings ten opsigte van sodanige bates, word deur die betrokke subkommissie geneem met verslag aan die dagbestuur. Die nodige dokumente word deur die bevoegde persone van die betrokke lidkerk, in wie die betrokke bate setel, onderteken.

8. Verslaggewing

Een kommissieverslag word opgestel wat aan die betrokke kerkvergadering voorgelê word.

9. Wysigingsklousule

Die reglement kan op voorlegging van die kommissie gewysig word deur die betrokke kerkvergadering van die lidkerke.

Reglement 14

Reglement vir die Sinodale Kommissie vir Kommunikasie (SKK)

(Word herformuleer)

Reglement 15

Reglement vir die skakelkommissie tussen die drie kuratoria en die drie dosenterade van die teologiese fakulteite waar predikante van die Ned Geref Kerk opgelei word

1. Volgens besluit van die Algemene Sinode van 1982 is die kommissie 'n permanente skakelliggaam tussen die drie kuratoria en die drie dosenterade.

2. Samestelling

2.1 Elke kuratorium benoem hoogstens drie uit sy eie lede en uit die dosenteraad in die skakelkommissie.

2.2 Vakatures word deur elke afsonderlike kuratorium aangevul.

3. Funksies

3.1 Die skakelkommissie bespreek sake van gemeenskaplike belang en doen aanbevelings aan die onderskeie kuratoria.

4. Werkswyse

4.1 Vergadering word minstens een maal per jaar gehou.

Die plek, voorsitterskap en skribaats van die vergadering roteer desverkiekend volgens die ouderdom van die fakulteite.

Die koste van sy verteenwoordigers word deur elke kuratorium self gedra.

Reglement 16

Verskyn in 'n afsonderlike publikasie – beskikbaar by die predikant in Sinodale Diens: Teologiese opleiding en die Aktuaris van die Sinode

Reglement 17

Reglement van Orde, Ned Geref Kerk in Suid-Afrika

1. Die aard van kerkvergaderinge

- 1.1 Kerkraadsvergaderinge is geslote tensy die kerkraad anders besluit (vgl. 10.1 van hierdie reglement).
- 1.2 Meerdere vergaderinge word met oop deure gehou, tensy die vergaderinge anders besluit.

2. Die byeenkoms vir kerkvergaderinge

- 2.1 Die lede vir kerkvergaderinge kom byeen op die plek en tyd soos vooraf bepaal.
- 2.2 By meerdere vergaderinge neem die ('n) plaaslike predikant en ringskriba, in geval van die ring, of persone deur die kommissie van orde aangewys, in geval van die sinode, leiding totdat die vergadering gekonstitueer en 'n voorsitter en skriba gekies is.
 - * Voor enige verrigtinge begin, word met skriflesing en gebed geopen.
 - * In die geval van buitengewone ringsvergaderinge tree die voorsitter van die ringskommissie as voorsitter op.

3. Teenwoordigheid van lede en verskoning vir afwesigheid

- 3.1 Al die lede is verplig om kerkvergaderinge by te woon of om betyds (t.w.v. sekundi) kennis te gee as hulle nie teenwoordig kan wees nie.
- 3.2 Lede mag nie die vergadering sonder verlof van die voorsitter verlaat nie.

4. Konstituering van kerkvergaderinge

4.1 Kerkraad

- 4.1.1 Vir gewone werksaamhede is die kworum vir 'n kerkraadsvergadering meer as die helfte van die getal dienende kerkraadslede. In buitengewone omstandighede moet 'n kerkraad die ring vooraf versoek om toestemming te verleen dat die kworum vir gewone werksaamhede uit een derde van die getal dienende kerkraadslede sal bestaan.
- 4.1.2 Vir tugsake is die kworum 'n volstreekte meerderheid van die lede (vgl. Woordverklaring 9).
- 4.1.3 Vir gewone werksaamhede moet meer as die helfte van die aanwesige lede ten gunste van 'n voorstel stem, om dit aanvaar te kry.

4.2 **Meerdere vergaderinge**

4.2.1 **Ringsvergaderinge**

4.2.1.1 Die geloofsbriewe van die vereiste aantal afgevaardigdes moet vooraf by die skriba van die ringskommissie ingelewer word.

4.2.1.2 'n Volstreckte meerderheid van die vereiste aantal afgevaardigdes moet teenwoordig wees om te konstitueer.

4.2.1.3 Vir tugsake is die kworum 'n volstreckte meerderheid van die lede.

4.2.1.4 Vir gewone werksaamhede is die helfte van die getal lede op die presensielys 'n kworum.

4.2.2 **Sinodevergaderinge**

4.2.2.1 Die geloofsbriewe van alle afgevaardigdes moet minstens vier maande voor die aanvang van die vergadering in die hande van die skriba van die moderamen wees, wat dit tesame met wysigings, wat tot voor die vergadering by hom ingedien is, vir goedkeuring ter tafel lê.

4.2.2.2 'n Volstreckte meerderheid van die afgevaardigdes wie se geloofsbriewe ingelewer is, moet teenwoordig wees vir konstituering.

4.2.2.3 Vir gewone werksaamhede is een derde van die getal op die presensielys 'n kworum.

4.2.2.4 Vir tugsake is die kworum 'n volstreckte meerderheid van die lede.

5. **Verkieping van voorgangers by meerdere vergaderinge**

5.1 Onmiddellik na die konstituering van die vergadering word die moderatuur (voorsitter en skriba van die ringsvergadering) op geslote stemwyse gekies (vgl. bep. 29.1.1 en 33.3).

5.2 Daar word gestem volgens punt 7.3 van hierdie reglement.

5.3 Die opneem en tel van die stemme word aan 'n kommissie opgedra wat vooraf deur die kommissie van orde/ringskommissie benoem is.

6. **Opening van die sinodevergadering**

6.1 Die kommissie van orde besluit oor die wyse waarop die opening van die sinode plaasvind.

6.2 Elke dagsitting word deur die voorsitter of deur een van die lede wat vooraf deur hom daartoe versoek is, met Skriflesing en gebed geopen en met gebed gesluit.

7. **Stemming**

7.1 **Adviserend**

Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag aan die besprekings deelneem, maar nie stem nie (vgl. ook 8.4.1.7 van hierdie reglement) en mag ook nie voorstelle maak of sekondeer nie.

- 7.2 **Stemming oor sake**
- 7.2.1 Elke stemming geskied deur die lede wat aanwesig is. Vir 'n beslissing moet meer as die helfte van die aanwesige lede ten gunste van 'n voorstel stem behalwe in die gevalle waar die Kerkorde 'n tweederde meerderheid vereis (vgl. art. 44 en 70.4 en woordverklaring 9).
- 7.2.2 Oor alle sake, wat nie algemene instemming ontvang nie, word daar gestem óf deur die opsteek van hande, óf ingeval van kontensieuse sake op geslote stemwyse (sien woordverklaring 3) indien die voorsitter so reël.
- 7.2.3 In die geval van 'n voorstel met amendement(e), word die amendement(e) eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste wat ingedien is, en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendement(e) gewysig. Slegs indien al die amendemente verwerp word, stem die vergadering oor die oorspronklike voorstel. Na elke stemming word die uitslag bekend gemaak.
- 7.2.4 Wanneer die stemming oor een of ander saak gelykop is, moet die saak as onbeslis beskou word, maar dit kan by 'n later geleentheid weer voor die vergadering gebring word.
- 7.3 **Stemming oor persone**
- Indien die stemming op die kiesing/beroeping/benoeming van persone betrekking het, geskied dit op geslote stemwyse en wel op die volgende manier:
- 7.3.1 **Nominasie: Algemeen**
- 7.3.1.1 Eers word 'n nominasielys gevorm. Daarvoor word nie meer name op die nominasiebrief geplaas as die getal persone wat gekies moet word nie.
- 7.3.1.2 Slegs dié name van persone wat nie onder amptelike kerlike tug is nie, mag op 'n groslys geplaas word.
- 7.3.1.3 Daar moet geen ooreenkoms of afspraak in stryd met die kerklike orde gemaak word nie.
- 7.3.1.4 Vir die verkiesing van kerkraadslede, ouderlinge en diakens, en die beroeping van predikante het die belydende lidmate die reg om name by die skriba van die kerkraad/pre-advieskommissie in te dien.
- 7.3.2 **Nominasie: beroeping van predikante**
- Vir die beroeping van bedienaars van die Woord word die groslys op die volgende wyse saamgestel:
- 7.3.2.1 Die gemeente het die reg om te nomineer (vgl. 7.3.1.4).
- 7.3.2.2 Die kerkraad vorm 'n groslys en elke kerkraadslid het die reg om soveel name op die groslys te plaas as waarvoor daar vakatures is.
- 7.3.2.3 Die kerkraad kan die vakature in die Kerkbode bekendstel, met 'n aanduiding van die besondere vereistes wat ten opsigte van die vakature gestel word. Daar moet gewaak word teen bewoordinge en praktyke wat afbreuk doen aan die geestelike aard van die beroepstelsel. Predikante en proponente kan op die bekendstelling reageer deur hulle name tesame met 'n curriculum vitae aan die kerkraad voor te lê.

7.3.2.4 Kerkraade het die reg om predikante te versoek om hulle curriculum vitae met die oog op beroeping te voorsien.

7.3.3 **Pre-advies**

7.3.3.1 **By verkiesing van kerkraadslede, ouderlinge en diakens (vgl. 7.3.1.4)**

'n Kerkraad het desverkiezend die reg om 'n kommissie van pre-advies te benoem wat die name van lidmate voorlê wat op die groslys geplaas word met dien verstande dat enige lid van die vergadering, die konsulent uitgesonderd, die reg behou om ook te nomineer. Die kommissie van pre-advies moet uit minstens sewe lede saamgestel word en altyd so dat ten minste vier lede ouderlinge en diakens is. Lidmate kan ook benoem word.

7.3.3.2 **By beroeping van predikante in 'n gemeente (vgl. 7.3.1.4)**

Indien die kerkraad van 'n pre-advieskommissie gebruik maak, word al die beskikbare name (sien 7.3.2) aan die kommissie voorgelê, wat dit, indien nodig, nog verder kan aanvul. Die kommissie kies daaruit minstens drie name (per vakature) en lê dit in alfabetiese volgorde saam met die name van al die genomineerdes aan die kerkraad voor. Die kommissie kan ook verdere inligting wat oor die persone beskikbaar is, bekom. Enige lid van die kerkraad het die reg om ter vergadering nog 'n verdere naam op die groslys te plaas. Die kommissie van pre-advies moet uit minstens sewe lede saamgestel word en altyd so dat ten minste vier lede ouderlinge en diakens is.

7.3.3.3 **By beroeping van predikante, of benoeming van persone deur 'n kommissie van die sinode**

'n Kommissie van die sinode het, desverkiezend, die reg om minstens vyf van sy lede as 'n kommissie van pre-advies te benoem wat die name van minstens drie predikante/persone voorlê wat op die groslys geplaas word met dien verstande dat enige lid van die vergadering die reg behou om ook te nomineer. Indien die kommissie so besluit, mag die lys van genomineerdes per omsendbrief aan die lede gestuur word en die stemming per brief geskied.

7.3.4 **Inligting**

Nadat die nominasielys opgestel is, mag die voorsitter of kommissie van pre-advies, voordat daar tot stemming oorgegaan word, inligting verstrek in verband met die genomineerdes, met dien verstande dat hierdie mededeling positief, saaklik, beheers en nie propagandisties sal wees nie.

7.3.5 **Verkiesing van persone volgens geslote stemwyse (sien woordverklaring 3)**

7.3.5.1 Uit die nominasielys, nadat dit gesuiwer is, word daar vir soveel persone as wat gekies moet word, gestem.

7.3.5.2 Wie die meeste stemme op hom verenig het, is gekies indien die getal stemme op hom uitgebring die volstreckte meerderheid van die aanwesiges uitmaak.

7.3.5.3 Indien een of meer van die vereiste aantal nie die volstreckte meerderheid van stemme van die aanwesige lede op hom of hulle verenig het nie, vind daar 'n nuwe stemming plaas en wel uit die name wat die hoogste getal stemme verkry het en saam 'n volstreckte meerderheid vorm.

- 7.3.5.4 Indien 'n gelyke getal stemme op twee of meer name op die groslys verenig is, op so 'n wyse dat daardeur meer name verkry is as wat vereis word, beslis die lot.
- 7.3.5.5 Indien die getal op die groslys presies dieselfde of minder as die getal vakatures is, moet daar vir of teen elke persoon gestem word. As die stemme staak, beslis die lot.
- 7.3.5.6 Die verkiesing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode word gereël volgens bep.35.1 en bep. 35.2.
- 7.3.5.7 Die verkiesing van kommissies word volgens punt. 11 van hierdie reglement gereël.

8. Die behandeling van sake

8.1 Die agenda

- 8.1.1 Die agenda vir 'n kerkraadsvergadering word deur die voorsitter opgestel vir goedkeuring deur die kerkraad.
- 8.1.2 Die agenda vir 'n ringsvergadering word deur die skriba in oorleg met die ringskommissie opgestel en moet, indien enigsins moontlik, twee weke voor die tyd in die hande van die afgevaardigdes wees.
- 8.1.3 Die agenda vir die sinodevergadering word deur die moderamen saam met die kommissie van orde opgestel en moet indien enigsins moontlik, vier weke voor die vergadering in die hande van die afgevaardigdes en amptenare van sinodale kommissies wees.

8.2 Optrede van die voorsitter

- 8.2.1 By die voorbring van sake volg die voorsitter die orde wat vir hom die geskikste voorkom. Hy dra die sake wat behandel moet word duidelik voor en gee by die behandeling daarvan die nodige inligting. As die geleentheid dit vereis, mag hy wenke aan die hand doen om die vergadering te help om tot 'n besluit te kom.
- 8.2.2 In voorkomende gevalle wat betref die leiding van die vergadering, waarvoor geen voorsiening in hierdie reglement gemaak is nie, handel die voorsitter volgens gebruik en eie oordeel. In die geval van beswaar teen die handelswyse van die voorsitter, beslis die vergadering.

8.3 Spreekbeurt en aanspreekvorme

- 8.3.1 By die behandeling van sake is elke lid op 'n spreekbeurt geregtig.
- 8.3.2 As twee of meer lede gelyktydig opstaan, beslis die voorsitter wie die eerste aan die beurt kom.
- 8.3.3 Alles wat betrekking het op die orde by die beraadslaging kry voorrang.
- 8.3.4 Geen lid van die vergadering is geregtig op meer as een spreekbeurt oor dieselfde saak nie, behalwe in geval van 'n verduideliking, óf as die vergadering daartoe verlof gee, óf as daar van die reg tot repliek gebruik gemaak word of as 'n amendement ingedien word.
- 8.3.5 Die insender van 'n voorstel het reg tot repliek, dog nie die insender van 'n amendement nie.

8.3.6 Elke lid van die vergadering, hetsy in skriftelike of mondelinge voordrag, wend hom tot die voorsitter. Wanneer hy op die opmerkings van ander lede reageer, behalwe in kerkraadsvergaderinge, mag hy geen name noem nie.

Hy onthou hom van alles wat strydig is met die agting wat aan 'n kerklike vergadering verskuldig is.

8.4 **Voorstelle, amendemente, beskrywingspunte, mosies van orde en versoekskrifte**

8.4.1 **Algemeen**

Kerkraad, ring en sinode

8.4.1.1 Voorstelle en amendemente van afgevaardigdes en lede moet skriftelik ingedien word en deur die voorsteller en sekondant onderteken wees.

8.4.1.2 Aanbevelings van permanente of tydelike kommissies word as voorstelle aan die vergadering beskou.

8.4.1.3 Behalwe in die geval van 'n voorstel deur 'n kommissie of van 'n insender van 'n beskrywingspunt, het die lid van die vergadering wat eerste opstaan, nadat die voorsitter 'n saak aan die orde gestel het, die reg om die vergadering met 'n voorstel te dien.

8.4.1.4 Geen voorstel of amendement mag deur die voorsitter ontvang word voordat hy die saak aan die orde stel nie.

8.4.1.5 'n Voorstel of amendement wat reeds ter tafel is, mag nie sonder die verlov van die vergadering teruggetrek word nie.

8.4.1.6 'n Mosie van orde is 'n voorstel wat betrekking het op die volgorde waarin sake ter tafel moet kom, of dat die bespreking van 'n bepaalde saak opgeskort of beëindig word, of dat van 'n bepaalde saak afgestap word.

'n Ordemosie kan op enige tydstip gedurende die bespreking ingedien word en daarvoor word dadelik sonder bespreking gestem. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat om die mosie terug te hou as hy van mening is dat dit aangewend word om 'n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.

8.4.1.7 Persone wat 'n kerkvergadering in adviserende hoedanigheid bywoon mag nie voorstelle maak of sekondeer nie (vgl. 7.1).

8.4.1.8 Aan nie-gesensureerde lidmate van gemeentes is dit vergun om versoekskrifte by die kerkvergaderinge in te dien (sien woordverklaring 8).

8.4.2 **Net vir sinodevergadering**

8.4.2.1 Voorstelle aan die sinodale vergadering word opgestuur deur sinodale kommissies, ringe, kerkrade, afgevaardigdes na die sinode en lede van sinodale kommissies. Geen beskrywingspunt dien voor die vergadering tensy hulle minstens drie maande tevore aan die skriba van die moderamen gestuur is nie, en hy is verplig om vier weke voor die vergadering 'n opgaaf van al die beskrywingspunte aan elke kerkraad te laat toekom. Geen redaksie het die vryheid om voorstelle wat ingestuur is, te verander nie, behalwe alleen in taal en styl.

8.4.2.2 Voorstelle of amendemente ten opsigte van aanbevelings en beskrywingspunte in die agenda van die sinodale vergadering moet die skriba van die moderamen op die laatste 'n week voor die sitting van die sinode bereik. Die kommissie van orde verwys dit na tydelike kommissies en die insenders van beskrywingspunte, voorstelle en amendemente kry die geleentheid om hulle saak voor die tydelike kommissie te stel. Die aanbevelings van die tydelike kommissie dien as voorstelle voor die sinode. Indien 'n tydelike kommissie 'n aanbeveling doen wat 'n aanbeveling van 'n sinodale kommissie raak, het die sinodale kommissie die voorstel en die tydelike kommissie die amendement. Indien meer as een sinodale kommissie 'n voorstel oor dieselfde saak voor die vergadering het, reël die voorsitter watter een die voorstel is.

Lede van die vergadering behou die reg om amendemente tydens die vergadering in te dien.

8.4.2.3 Beskrywingspunte, voorstelle of amendemente wat veranderinge aan die bepalinge en reglemente ten doel het, moet in sodanige vorm wees as waarin die voorstellers meen dat dit in die bepalinge/reglemente opgeneem moet word.

8.4.2.4 Beskrywingspunte moet, elk op 'n aparte vel, in duplikaat na die skriba van die sinode gestuur word.

8.4.2.5 Spoedeisende sake van besondere en algemene belang mag deur die vergadering in behandeling geneem word indien die vergadering daartoe besluit na raadpleging en aanbeveling van die moderatuur.

8.5 **Spreekbeurte**

8.5.1 Die inleier van 'n beskrywingspunt of 'n voorstel word beperk tot 'n spreekbeurt van nie meer as tien minute nie behalwe met spesiale toestemming van die vergadering.

8.5.2 Ander sprekers word beperk tot 'n spreekbeurt van nie meer as vyf minute nie, behalwe met spesiale toestemming van die vergadering.

9. **Revisie** (vgl. ook Die Kerkorde 2002 artikel 23; besluit 13)

9.1 Revisie (hersiening) van besluite kan toegestaan word indien oortuigend aangevoer word:

9.1.1 dat aan sekere aspekte van die saak waarom dit gaan, in die bespreking tydens die vergadering, glad nie of onvoldoende aandag gegee is, en

9.1.2 dat daar inligting na vore gekom het wat die hersiening van die besluit noodsaak.

9.2 Revisie van besluite by kerkraadsvergaderinge.

9.2.1 Besluite wat eenmaal geneem is, mag slegs na voorafgaande kennisgewing (bv. deur die agenda) en met toestemming van die vergadering in revisie gebring word. Die toestaan van die revisie en die bespreking van die saak waaroor die besluit gaan, kan by dieselfde vergadering plaasvind.

9.2.2 'n Besluit kan ook by dieselfde vergadering waartydens dit geneem is, in revisie kom, indien die vergadering eenparig toestemming verleen. Indien hierdie eenparige toestemming nie verkry word nie, kan kennis van revisie vir die volgende kerkraadsvergadering gegee word ten einde die toestemming van daardie vergadering met 'n meerderheid van stemme te verkry.

- 9.3 Revisie van besluite by meerdere vergaderinge
- 9.3.1 Elke kennisgewing van revisie word na die tydelike regs-kommissie of die ringskommissie/'n tydelike kommissie van die ring verwys.
- 9.3.2 Die aansoeker kry geleentheid om sy redes vir die versoek tot revisie persoonlik aan die kommissie voor te lê.
- 9.3.3 Die kommissie doen na oorweging 'n aanbeveling ten opsigte van elke kennisgewing van revisie aan die kerkvergadering.
- 9.3.4 Indien revisie deur die kerkvergadering toegestaan word, dien die saak voor die vergadering by 'n geleentheid en tyd soos deur die moderatuur/ringskommissie/-tydelike kommissie van die ring bepaal.
- 9.3.5 'n Saak kan ook vir oorweging aan 'n volgende vergadering voorgelê word d.m.v. die agenda of 'n beskrywingspunt.

9.4 Vergelyk ook artikel 23.

10. Verslae

- 10.1 Verslae van kerkraads-kommissies kan voor 'n kerkraadsvergadering aan die lede beskikbaar gestel word, dog moet as vertroulik beskou word.
- 10.2 Verslae van alle ringskommissies en ander persone wat opdragte van die ring moet uitvoer, moet minstens 'n maand voor die ringsvergadering by die skriba van die ringskommissie wees wat dit saam met ander toepaslike stukke minstens twee weke voor die ringsvergadering aan afgevaardigdes beskikbaar stel.
- 10.3 Die verslae van alle sinodale kommissies en ander persone wat opdragte van die sinode moes uitvoer moet in duplikaat die skriba van die sinodale kommissie minstens vier maande voor die sinode bereik en moet minstens vier weke voor die aanvang van die sinode tot kennis van die afgevaardigdes van kerkrade gebring word.

11. Aanwysing van kommissies van kerkvergaderinge (vgl. bep. 25)

- 11.1 Permanente kommissies van kerkvergaderinge (die ringskommissie uitgesonder, bep. 31.3) word deur die opsteek van hande goedgekeur:
 - 11.1.1 by die kerkraad na die jaarlikse bevestiging nadat lede van die vergadering geleentheid gehad het om te kenne te gee in welke kommissie hulle wil dien (vgl. bep. 25);
 - 11.1.2 by die ring op voordrag van 'n aangewese lid/lede van die vergadering, vooraf deur die voorsitter benoem. Die kommissie bly in diens totdat hulle verslag gedoen het;
 - 11.1.3 by die sinode op voordrag van 'n tydelike kommissie vir kommissies wat bestaan uit die voorsitters van vorige permanente kommissies met nog een lid uit elke ring.
- 11.2 Tydelike kommissies van kerkvergaderinge word, ingeval van 'n kerkraadsvergadering en 'n ringsvergadering, deur die voorsitter benoem en deur die vergadering goedgekeur. Tydelike sinodale kommissies word deur die kommissie van orde aangewys en moet sover moontlik uit die lede van die ooreenstemmende permanente kommissie bestaan. Dosente van die teologiese fakulteit op Stellenbosch moet waar enigsins moontlik as lede van die tydelike kommissies benoem word.

- 11.3 Tydelike kommissies behandel beskrywingspunte en ander sake wat na hulle verwys word en dien die vergadering met aanbevelings.
- 11.4 Tydelike sinodale kommissies kan desverkiekend deur die kommissie van orde opgeroep word om voor die aanvang van die sinode te vergader.
- 11.5 Geen tydelike kommissie behalwe dié wat deur die bepalinge vereis of in spesiale gevalle nodig geoordeel word, word benoem om oor verslae van permanente kommissies verslag te doen nie.
- 11.6 'n Kerkvergadering kan benewens sy lede van enige lidmaat gebruik maak om in 'n kommissie te dien.
- 11.7 Dit is elke kommissie se plig om self die opdragte in 'n notule wat op hom van toepassing is, te vind, uit te voer en daarvoor verslag te doen.

12. Notule

- 12.1 Die skriba, indien nodig met behulp van 'n assistent skriba(s) deur die vergadering verkies (vgl. 7.3), teken aan wat in die vergadering behandel word, en voer die opdragte uit wat aan hom toegewys is.

In die geval van meerdere vergaderinge kan die opdragte uitgevoer word nadat die notule goedgekeur is. In die geval van kerkraadsvergaderinge kan die opdragte uitgevoer word nadat die besluit geneem is.

- 12.2 Die voorstelle en amendemente wat deur lede ingedien word, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem.

Aan die begin van elke sitting van 'n meerdere vergadering word die notule van die vorige sitting aan die vergadering voorgelê en goedgekeur en deur die voorsitter en skriba geteken. By die finale sitting word die notule by die sluiting van die vergadering gelees en goedgekeur (vgl. bep. 25.4).

Reglement 18

Aftreefondse vir die nie-geordende werknemers van die kerk

Reglement 18 verskyn in 'n afsonderlike publikasie – beskikbaar by die saakgelastigde.

Reglement 19

Reglement vir die predikante- en weduweepensioenfonds

Reglement 19 verskyn in 'n afsonderlike publikasie – beskikbaar by die saakgelastigde.

Reglement 20

Reglement vir die skriba van die Ring en van die Ringskommissie

Die pligte van die skriba is die volgende:

1. Die getroue nakoming van wat in artikels 7, 8 en 25 en bepalinge 7, 8, 29, 31, 17:2.2 en ander, aan hom opgedra word;

2. Die hou van 'n notuleboek waarin die notule van vergaderinge van die ring en die ringskommissie aangeteken word met die verklaring by eersgenoemde dat sy kopie 'n outentieke afskrif van die oorspronklike handeling is;
3. Die versending van die statistiese gegewens van die ring onmiddellik na die jaarlikse ringsvergadering aan die samesteller van die Jaarboek;
4. Die versending van die vernaamste besluite van elke ringsvergadering binne 'n maand na afloop daarvan aan alle betrokke kerkrade;
5. Die versending binne twee maande na afloop van die ringsvergadering van die oorspronklike handeling van die vergadering, met al die bylaes wat daarby behoort asook die notules van die ringskommissie aan die argivaris (vgl. regl. 3);
6. Die opstel en insending van die beskrywingspunte van die ring aan die skriba van die sinodale kommissie;
7. Die uitvoering van die bepalinge wat op hom betrekking het i.v.m. die stigting van nuwe gemeentes en die vasstelling .of verandering van grenslyne (vgl. bep. 31.3, regl. 6);
8. Die administrasie van alle fondse van die ring en die voorlegging van 'n geouditeerde staat van die ringsfonds by elke gewone vergadering van die ring; en
9. Die indien van 'n skriftelike verslag van al sy werksaamhede by elke gewone vergadering van die ring.

Reglement 21

Reglement vir die skriba van die Moderamen

- 1. Die pligte van die skriba is die volgende:**
 - 1.1 Die getroue nakoming van wat in artikel 25, bepaling 33.3.2, reglemente 3 en 17:12 en ander ter sake bepalinge en reglemente en wat ook deur die sinode/moderamen aan hom opgedra word.
 - 1.2 Hy besorg die handeling van die sinode/moderamen binne drie maande na afloop van die vergadering aan die argivaris.
 - 1.3 Hy doen verslag van sy werksaamhede aan die moderamen wat op sy beurt weer verslag aan die sinode doen.
- 2. Kantoor en personeel**
 - 2.1 'n Kantoor word aan die skriba van die sinode voorsien, desnoods met finansiële steun van die SFK/SFK-D.
 - 2.2 Alle kantoortoerusting word deur die SFK/SFK-D verskaf en bly die eiendom van die sinode.
 - 2.3 Klerklike hulp in die persoon van 'n voltydse kantoordame word deur die SFK/SFK-D in oorleg met die skriba aangestel en vergoed.
- 3. Hulp aan kerkraad van skriba**

Op aanbeveling van die tydelike kommissie vir fondse besluit die sinode op die bedrag wat uitbetaal word aan die kerkraad van die gemeente waar die skriba van die sinode predikant is, ten einde van hulpkragte gebruik te maak. In die reses word hierdie bedrag - indien nodig - deur die SFK/SFK-D aangepas.

4. Indien die skriba sy amp nie langer behoorlik kan waarneem nie, benoem die moderamen 'n diensdoende predikant om tot by die eersvolgende sinode as skriba waar te neem.

Reglement 22

Reglement vir die Sinodale fondsekommissie (SFK) Dagbestuur van SFK (SFK-D)

(Hierdie reglement is ondergeskik aan en moet saamgelees word met reglement 9 van die algemene sinode)

1. Beheer

- 1.1 Die sinodale fondsekommissie/SFK-D beheer en beskik ooreenkomstig bep. 57 namens die sinode oor die bates van die Nederduitse Gereformeerde kerk in SA, behoudens daardie gevalle waarin die sinode van tyd tot tyd die beheer en beskikkingsbevoegdheid aan enige spesifieke kommissie of instansie opdra in die uitvoering van enige bepaalde taak of ten opsigte van enige inrigting, instituut of tehuis.
- 1.2 In alle gevalle waar die sinode nie die beheer en beskikkingsbevoegdheid oor nie-roerende bates aan 'n bepaalde kommissie opgedra het nie, behoort die SFK-D en die moderamen oorleg te pleeg oor die beheer en beskikking van sodanige eiendom.
- 1.3 In alle gevalle wat volgens die oordeel van die SFK groter kerklike inspraak benodig, tree die SFK op in oorleg met die moderamen.
- 1.4 Die SFK/SFK-D tree in alle sake as Bybelse rentmeesters en in beste belang van die kerk op.

2. Bevoegdhede

Die SFK/SFK-D het die alleenbevoegdheid namens die sinode:

- 2.1 om roerende en onroerende goed te koop en te verkoop, te huur en te verhuur;
- 2.2 om verbande oor onroerende goed en notariële verbande oor roerende goed te verleen en om roerende goed in pand te gee;
- 2.3 om serwitute oor onroerende goed te verleen;
- 2.4 om lenings aan te gaan teen sodanige rentekoers op sodanige terme en teen die verskaffing van sodanige sekuriteite soos tussen die kommissie en die geldskieder ooreengekom word;
- 2.5 om die verpligtinge van derde partye te waarborg;
- 2.6 om geld teen rente of vry van rente uit te leen op sodanige terme soos tussen die kommissie en die geldopnemer ooreengekom word en teen die verskaffing van

- sodanige sekuriteit of sonder die verskaffing van sekuriteit soos die kommissie mag bepaal;
- 2.7 om geld te belê teen sodanige sekuriteit en op sodanige terme soos die kommissie mag goed ag en in die besonder ook in aandele, effekte of regte in groeifondse of maatskappye, hetsy op die effektebeurs genoteer al dan nie en die oordeel oor die veiligheid van die sekuriteit berus uitsluitlik by die kommissie of sy gemagtigdes;
- 2.8 om roerende en onroerende goed te skenk;
- 2.9 om ooreenkomste van enige ander aard wat nie deur die voorgaande gedek word nie te sluit;
- 2.10 om die aanstelling te aanvaar en op te tree as trustee ten opsigte van enige fonds of goed wat vir 'n bepaalde doel of vir enige besondere werksaamheid van die kerk in trust aan die kerk bemaak of geskenk is of wat die kerk andersins toeval.

3. Die saakgelastigde en die kerkkantoor

- 3.1 Die SFK/SFK-D stel die saakgelastigde en die administratiewe personeel in die kerkkantoor aan en is verantwoordelik vir hul diensvoorwaardes.
- 3.2 Die saakgelastigde:
- 3.2.1 is lid en skriba van die SFK/SFK-D, gee uitvoering aan die opdragte en besluite van die kommissie, en bestuur die kerkkantoor,
- 3.2.2 sien toe dat met alle kerklike fondse, goedere en eiendomme gehandel word ooreenkomstig reglemente 8, 9, 22;
- 3.2.3 sien toe dat alle sinodale eiendomme in stand gehou word en verseker is;
- 3.2.4 doen aansoek om die aanstelling van predikante/proponente as huweliksbevestigers (bep. 8.4.3),
- 3.2.5 is verantwoordelik vir die besteding en ontvangs van alle fondse en geld wat in die Kerkkantoor gehanteer word in ooreenstemming met opdrag van bevoegde en gevolmagtigde persone deur hul kommissies daartoe gelas, en wat voldoen aan Die Kerkorde, Bepalings en Reglemente van die Ned Geref Kerk in SA;
- 3.2.6 deponeer alle ontvangte geld sonder versuim in 'n bank soos goedgekeur deur die SFK/SFK-D en dra sorg dat daar te alle tyd 'n genoegsame bedrag in die lopende rekening beskikbaar is voordat fondse vir belegging aangewend word;
- 3.2.7 vereffen die reiskoste van kommissielede en andere wat werk verrig op las van die sinode of ringe, ook ander onvermydelike uitgawes wat uit die sinodale kas vergoed moet word, nadat hy hom van die geldigheid en regmatigheid van die eis of skuld vergewis het;
- 3.2.8 onderneem in opdrag van die SFK/SFK-D die belegging van fondse en die opvraging van beleggings, onderteken namens die kommissie alle dokumente met betrekking daartoe en kom alle pligpleginge in verband daarmee na;
- 3.2.9 maak seker dat hy en die personeel van die kerkkantoor gedek is onder 'n waarborgpolis vir 'n bedrag soos deur die SFK/SFK-D bepaal (vgl. regl. 22.6.5);

- 3.2.10 dra in oorleg met die SFK/SFK-D en die ringe sorg vir die eweredige berekening, toekenning en verdeling van bydraes onder die gemeentes van die Ned Geref Kerk in SA, en sorg vir die invordering van alle eweredige bydraes, sinodale en spesiale kollektes en alle ander verpligte sinodale fondse en erken ontvangs daarvan (vgl. regl. 8:4.4);
- 3.2.10.1 stuur die finale rekening vir eweredige bydraes so vroeg as moontlik in die finansiële jaar aan gemeentes;
- 3.2.10.2 ontvang alle navrae en aanbevelings van ringe en gemeentes ivm toegedeelde bydraes en handel in oorleg met die SFK/SFK-D daarmee na bevind van sake;
- 3.2.11 sorg dat die kerk se boeke en rekeninge jaarliks deur 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur, wat deur die SFK/SFK-D aangestel is, nagegaan en goedgekeur word;
- 3.2.12 mag in kommissies van die sinode en die Algemene Sinode dien, mits die SFK/SFK-D daartoe instem en hyself daartoe bereid is, en
- 3.2.13 voer onderhandelings en onderhoude namens die SFK/SFK-D; gee advies oor finansiële sake aan kommissies en gemeentes, besoek ringe, kerkrade en gemeentes.

4. Tekenmagte

- 4.1 Tensy die kommissie anders besluit, teken die saakgelastigde namens die SFK/SFK-D alle dokumente wat nodig is vir die verkryging of vervreemding van eiendom, goedere en fondse wat in die naam van die Ned Geref Kerk in SA geregistreer is.
- 4.2 Tensy die kommissie anders besluit, teken die saakgelastigde alle stukke wat nodig is vir die kansellasië en die sessie van verbande vir die opheffing van eiendom wat onder verband verbind is en die bevryding van verbandskuldenaars vir die registrasie van gedeeltelike afbetalings van verbandskulde en die vermindering van dekking ten opsigte van toekomstige skulde wat deur 'n verband verseker word, vir die vervanging van 'n verbandskuldenaar deur 'n ander persoon en vir die vervanging van die goed wat as sekuriteit onder 'n verband is.

5. Regsgedinge

- 5.1 Die SFK/SFK-D voer alle regsgedinge, of prosesse van geregtelike aard, namens die sinode en kommissies van die sinode, hetsy as eiser of verweerder, hetsy as applikant of respondent. Daar behoort oorleg gepleeg te word met die SRK.
- 5.2 Behoudens die bepalinge van paragraaf 5.3 en tensy die kommissie anders besluit, teken die saakgelastigde alle stukke wat nodig is om regsgedinge of prosesse van geregtelike aard in te stel of te verdedig. Prosesstukke word aan die saakgelastigde bestel.
- 5.3 Waar die belange van 'n bepaalde sinodale inrigting, instituut of tehuis onder die beheer van enige kommissie deur die sinode benoem, in 'n regsgeding betrokke is, word die regsgeding, met toestemming van die SFK/SFK-D, deur die betrokke kommissie gevoer en die voorsitter van die betrokke kommissie teken alle stukke i.v.m. sodanige gedingvoering met dien verstande dat die SFK/SFK-D in sodanige geding optree totdat die betrokke kommissie die gedingvoering oorgeneem het en met dien verstande verder dat die SFK/SFK-D op enige tydstip kan besluit om self die gedingvoering te onderneem.

- 5.4 Indien die prosesstuk waardeur 'n regsgeeding of proses van geregtelike aard teen die kerk ingestel word, bestel word aan enigiemand anders as die saakgelastigde, word sodanige stuk onmiddellik aan die saakgelastigde besorg.
- 5.5 Wanneer 'n kerkraad/gemeente of 'n ring in 'n regsgeeding betrokke raak word die geding in naam van die kerkraad/gemeente en die ring gevoer en is hulle verantwoordelik vir alle koste daaraan verbonde. Die betrokke kerkvergadering behoort met die SRK/ringsregskommissie oorleg te pleeg.
- 5.6 Ringe en kerkrade kan via hulle ring na aanleiding van regsgedinge by die SFK-D aansoek doen om finansiële ondersteuning deur die kerkverband, mits hulle in die aansoek kan aantoon dat hulle die nodige advies ingewin het en hulle afdoende gehou het by die betrokke kerkorde artikels, bepalinge en reglemente.

6. Administrasie

- 6.1 Vir die administrasie van die verskillende fondse moet elke fonds wat in die sinodale kantore verantwoord word, jaarliks 'n bedrag in die administrasiefonds stort wat bereken word volgens 'n persentasie soos deur die SFK/SFK-D vasgestel op die bedrag wat in die loop van die kerkjaar as ontvangste in die boeke aangeteken is.
- 6.2 Vir buitengewone uitgawes soos bonusse, geskenke, voorskotte en lenings uit enige sinodale fondse moet die toestemming van SFK/SFK-D vooraf deur die kommissies van die sinode verkry word.
- 6.3 In gevalle waar daar onduidelikheid heers of verskille is oor die regsgeldigheid van enige eise of rekeninge, beslis die SFK/SFK-D.
- 6.4 Alle kommissies wat beheer oor sinodale eiendomme het, moet jaarliks tussen 1 Maart en 31 Augustus 'n staat van bates en laste aan die saakgelastigde stuur vir voorlegging aan die SFK/SFK-D.
- 6.5 Vir die behoorlike verantwoording van alle gelde moet minstens die saakgelastigde en soveel ander lede van die personeel as wat die saakgelastigde mag aanbeveel, deur veilige waarborgpolisse gedek word.
- 6.6 Die SFK/SFK-D ontvang jaarliks 'n volledige verslag van die kerk se ouditeure, wat ondersoek doen na alle fondse asook die bestuur daarvan.

7. Vergoeding van personeel

- 7.1 Die SFK/SFK-D is verantwoordelik vir die bepaling van die vergoedingspakkette en diensvoorwaardes van alle werknemers in diens van die Ned Geref Kerk in SA.
- 7.2 Hierdie vergoedingspakkette word vasgestel in oorleg met die sinodale kommissie vir diensverhoudinge, asook met die kommissie onder wie se toesig en opdrag die betrokke werknemers diens doen.
- 7.3 Vergoedingsriglyne word vasgestel in die lig van marktendense asook die beskikbare sinodale fondse.

Reglement 23

Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare

(Sinodale amptenare hierna predikante genoem)

1. Jaarlikse verlof

- 1.1 Kerkrade/kommissies reël en notuleer verlof waarop die predikant, soos ooreengekom, jaarliks geregtig is, met inagneming van die besondere omstandighede van die gemeente en advies wat van tyd tot tyd deur die Algemene Kommissie vir Diensverhoudinge gegee word, ongereelde werksure, werksdruk en gesinsomstandighede word ook in ag geneem. 'n Minimum van 30 dae en 'n maksimum van 42 kalenderdae verlof per jaar kan toegeken word.
- 1.2 Verlof val 'n predikant *pro rata* vanaf bevestiging (diensaanvaarding) toe.²
- 1.3 Verlof kan oorgedra word na 'n volgende jaar, onderhewig aan die bepaling dat:
- 1.3.1 'n predikant in enige stadium slegs 30 dae opgehoopte verlof tot krediet mag hê;
- 1.3.2 'n maksimum van 30 dae opgehoopte verlof³ by diensbeëindiging uitbetaalbaar is. Vir die berekening van die waarde van die verlof geld lewensonderhoud en alle toelaes, met die uitsondering van behuisingsvoordele.⁴

2. Siekteverlof

- 2.1 Kerkrade/kommissies kan aan predikante siekteverlof met volle lewensonderhoud en toelaes toestaan:
- 2.2.1 120 dae siekteverlof word in siklusse van 3 jaar toegestaan.
- 2.2.2 In die geval van oorskryding van toegekende siekteverlof binne 'n siklus van drie jaar, kan 'n werknemer kies om enige vakansieverlof tot sy/haar beskikking aan te wend vir siekteverlof. Indien geen toegekende siekteverlof of vakansieverlof meer vir 'n werknemer beskikbaar is nie en die werknemer steeds deur swak gesondheid verhinder word om sy/haar werksaamhede doeltreffend te verrig, kan so 'n werknemer aansoek doen vir verdere siekteverlof en in die geval waar so 'n aansoek goedgekeur word neem die werkgever 'n besluit oor vergoeding vir daardie tydperk.
- 2.2.3 In die geval van 'n werknemer wat aansoek doen om verdere siekteverlof soos hierbo bedoel, kan die werkgever, benewens deur te oorweeg om die aansoek vir verdere siekteverlof goed te keur of af te keur, ook oorweeg om 'n gepaste alternatiewe reëling te tref.
- 2.2.4 By 'n aansoek om siekteverlof vir meer as 3 dae kan die werkgever aandrang op 'n verslag van 'n geregistreerde mediese praktisyn in sodanige bewoording wat die werkgever in staat stel om:

2 Dit beteken dat 'n predikant na een jaar diens reeds 12 dae verlof moes geneem het, sodat daar nie meer as 30 dae opgehoop word nie.

3 Sien die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997, hoofstuk 3, artikel 20. In ander state geld die wetgewing wat daar van toepassing is

4 Opgehoopte verlof is ongebruikte verlof van die vorige jaar of jare. Ander regsgeldige verlof is die *pro rata*-deel van die huidige jaar se verlof wat nog nie gebruik is nie. Albei is uitbetaalbaar by diensbeëindiging.

- * te bepaal dat die applikant nie in 'n geskikte toestand van gesondheid verkeer om sy/haar pligte te verrig nie; en
- * te bepaal of die tydperk van verlof waarvoor aansoek gedoen word, vir die herstel van sy/haar gesondheid nodig is.

2.2.5 Die werkgewer sal die reg hê om 'n mediese sertifikaat deur 'n geneesheer, op koste van die werkgewer te verkry, voordat siekteverlof goedgekeur word, indien hy van mening is dat die omstandighede dit regverdig.

2.2.6 Indien die siekteverlof 120 dae oorskry, word die advies van die ringskommissie ingewin met die oog op die voortgang van die evangeliebediening in die gemeente.

3. Langverlof

3.1 Predikante is bo en behalwe verlof, met goedkeuring van die kerkraad/kommissie, geregtig op langverlof onderhewig aan die volgende voorwaardes:

3.1.1 Ná verloop van drie jaar in dieselfde werkkring is 'n predikant geregtig op 30 dae langverlof.

3.1.2 Langverlof word daarná bereken op die basis van 10 dae per jaar diens.

3.1.3 'n Predikant mag in enige stadium slegs 90 dae langverlof tot krediet hê.

3.1.4 Langverlof kan nie van een gemeente/werkkring na 'n ander oorgedra word nie.

3.1.5 Langverlof kan slegs in periodes van 30 dae of langer geneem word, tensy met die kerkraad/kommissie anders gereël word.

3.1.6 Die waarde van die helfte van uitstaande regsgeldige langverlof (lewensonderhoud en toelaes) is met die goedkeuring van die kerkraad/kommissie, slegs by diensbeëindiging uitbetaalbaar.

4. Studieverlof

4.1 Studieverlof is 'n vergunning en werkgewers en predikante moet in die lig van plaaslike omstandighede ooreenkom oor studieverlof.

4.2 Indien die studietydperk langer as ses maande duur, is 'n predikant verplig om demissie by die werkgewer aan te vra.

4.3 Die predikant tref self reëlings met die algemene regs-kommissie met betrekking tot behoud van bevoegdheid indien van toepassing.

4.4 Predikante is verplig om eers opgehoopte verlof te gebruik voordat hulle kan aanspraak maak op studieverlof. 'n Werknemer kan aansoek doen om 'n terugskrywing op verlof, vir verlof wat hy/sy vir toepaslike studiedoeleindes gebruik het, mits in 'n kursus(se) wat vooraf deur die werkgewer goedgekeur is, geslaag is.

4.5 Wanneer die werkgewer 'n predikant verplig om opleiding te ondergaan (bv. VTO) of om 'n kursus/predikantekonferensie by te woon, geld dit nie as studieverlof of gewone verlof nie.

5. Kraamverlof

5.1 'n Vrou in die amp as predikant is geregtig op minstens 4 opeenvolgende maande kraamverlof. So 'n predikant kan met kraamverlof begin vanaf 4 weke voor die verwagte datum van geboorte, tensy anders ooreengekom.

5.2 Die predikant ontvang gedurende kraamverlof volle lewensonderhoud en toelaes, minus die bedrag wat sy uit die werkloosheidsversekeringsfonds kan verkry.

6. Openbare Vakansiedae

'n Predikant is geregtig op openbare vakansiedae. Indien die predikant 'n diensverpligting het, kom die predikant en werkgever ooreen op 'n gepaste reëling.

7. Verlof vir Gesinsverantwoordelikheid

'n Predikant is, met die oog op gesinsverantwoordelikhede, geregtig op 3 dae menslikheidsverlof per jaar, wat nie oploopbaar is nie.

Aanvullende notas by die verlofreglement:

1. Die volgende woorde in Art 1.1, “'n Minimum van 30 dae en 'n maksimum van 42 kalenderdae verlof per jaar kan toegeken word”, gee aanleiding tot baie uiteenlopende interpretasies. Volgens die notule van die algemene sinode van 2002 word 'n keuse gegee tussen óf 30 kalenderdae óf 42 kalenderdae. Die sinode beveel 42 kalenderdae verlof per jaar aan.
2. Verlof is 'n reg van elke predikant, maar die tyd waarop dié verlof geneem kan word, is 'n voorreg. Dié tyd waarop die verlof geneem kan word, word met die kerkraad/kommissie vir diensverhoudinge/sinodale kommissie onderhandel.
3. Verlof moet so deur die betrokke kerkraad/kerkverband in wie se diens die predikant staan bestuur word dat 'n predikant nie meer as 30 dae verlof en 90 dae langverlof na die volgende jaar oordra nie. Wanneer die predikant aan die einde van 'n boekjaar meer as die bepaalde dae verlof tot sy/haar krediet het, kan die kerkraad/kerkverband 'n predikant verplig om sy/haar verlof te neem.
4. Die wet op basiese diensvoorwaardes bepaal dat verlof nie uitbetaal word nie behalwe by diensbeeëindiging (vergelyk hoofstyk 3, Art 11, van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en die Verlofreglement 23).
5. Aangesien 'n predikant meer verlof kry as wat die wet vereis (21 dae), is hy/sy nie geregtig op 'n ekstra dag vakansie indien 'n openbare vakansiedag in sy/haar tydperk van verlof val nie.
6. Predikante is in vergelyking met ander beroepe bevoorreg om nog op langverlof geregtig te wees. Die Sinode oordeel dat dié reëling vir predikante in die lig van hul beroepsvereistes noodsaaklik is. Dit is belangrik dat elke predikant 'n “sabbatsrus” kan hê waartydens hy/sy hulself fisies, emosioneel en geestelik kan hervul.

Reglement 24

Reglement van die Kommissie vir Vrouelidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland)

1. Naam

Die kommissie vir vrouelidmate (Wes- en Suid-Kaap)

2. Leuse

Verkondig en dien

3. Grondslag

Die Woord van God soos verwoord deur die belydenisskrifte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

4. Verhouding tot kerkvergaderinge

Die kommissie vir vrouelidmate word georganiseer kragtens artikel 55 van Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Artikel 55 sê ondermeer dat dienswerk van gelowiges ter wille van groter krag en doeltreffender funksionering kerklik georganiseer behoort te word.

5. Doelstellings

5.1 Om onder leiding en in opdrag van die kerkvergaderinge vrouelidmate te motiveer om aktief werksaam te wees tot opbou van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.

5.1 Om geleentehede vir vroue te skep om volgens eie aard die Here te dien.

6. Gemeente: Riglyne om vroue se betrokkenheid te organiseer

6.1 Leierskap

Die vrouelidmate van 'n gemeente verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaresse en soveel lede soos nodig om die leiding in die gemeente te neem.

6.2 Werkswyse

6.2.1 Elke gemeente bepaal hul eie werkswyse en kan, in oorleg met die kerkraad, fondse insamel.

6.2.2 Die fondse moet onderwerp word aan goeie rekenkundige rekords en boekhouding, asook ouditering soos ooreengekom met die kerkraad.

6.2.3 Elke gemeente vul 'n eenvoudige jaarverslag in wat deur die kantoor vir vrouelidmate voorsien word en maak drie afskrifte. Een vir die kerkraad, een vir die ringsvoorsitter en een vir die kantoor vir vrouelidmate. Die oorspronklike word vir eie rekords behou.

7. Ring: Kommissie vir vrouelidmate op ringsgebied

7.1 Die leierskap

Die voorsitters (of aangewese verteenwoordiger) van elke gemeente verkies 'n ringsvoorsitter vir die ring. Hulle kies ook 'n onder-voorsitter en soveel lede soos wat hulle nodig vind om die leiding te neem.

'n Ringsvoorsitter bly aan vir vier jaar en kan weer herkies word. Gereelde wisseling word aanbeveel.

7.2 Funksies

Die ringsvoorsitter en leierskap reël jaarliks die ringsbyeenkoms en gee leiding waar nodig in die ring.

8. Sinode: Die sinodale kommissie vir vrouelidmate (SKV)

8.1 Leierskap

8.1.1 Die voorsitter en onder-voorsitter wat deur die afgevaardigdes by die sinodale byeenkoms gekies word.

8.1.2 Die ringsvoorsitters

8.1.3 Predikante in sinodale diens soos deur die uitvoerende komitee bepaal.

8.1.4 Die uitvoerende beampte/koördineerder van die kantoor vir vrouelidmate.

8.1.5 Die aktuaris en nog 'n verteenwoordiger van die sinode.

8.1.6 Die redaktrise van Interaksie

8.2 Konstituering

8.2.1 Die sinodale kommissie vir vrouelidmate konstitueer tydens die sinodale byeenkoms.

8.3 Funksies

8.3.1 Die kommissie vergader verkieslik een keer per jaar.

8.3.2 Reël elke vier jaar 'n sinodale byeenkoms.

8.3.3 Doen verslag aan die sinode.

8.3.4 Hanteer en administreer fondse wat ingevolge die sinodale begroting beskikbaar is.

8.3.5 Benoem twee verteenwoordigers in die algemene kommissie vir vrouelidmate.

8.4 Die uitvoerende komitee (UK)

8.4.1 Samestelling

❖ 'n voorsitter

❖ 'n onder-voorsitter

❖ die uitvoerende beampte/koördineerder van die kantoor

❖ verteenwoordigers van die diensterreine (aangewys tydens die konstituering by die sinodale byeenkoms)

❖ predikante in sinodale diens soos bepaal

❖ die redakteur van Interaksie

8.4.2 Vakatures in die UK word deur die UK aangevul.

8.4.3 Die voorsitter, onder-voorsitter en uitvoerende beampte/ koördineerder vorm die dagbestuur om spoedeisende sake te hanteer.

8.4.4 Funksies

8.4.4.1 Die UK voer die opdragte van die vrouelidmate uit.

- 8.4.4.2 Handel gedurende die jaar namens die vrouelidmate en doen verslag tydens die jaarvergadering van die kommissie.
- 8.4.4.3 Berei die agenda, jaarverslag en begroting voor vir die jaarvergadering en vir die sinodale byeenkoms.
- 8.4.4.4 Stel kantoorpersoneel aan volgens die personeelreglement van die sinode.
- 8.4.4.5 Hou kwartaalliks 'n vergadering, indien nodig.
- 8.5 Finansies
- 8.5.1 Die verantwoordelikhede van die kommissie, die administratiewe en ander uitgawes word deur die vrywillige bydraes van die vrouelidmate van die gemeentes gedra. 'n Behoorlike begroting word vir die doel opgestel. Behoorlike boekhouding en ouditering in oorleg met die saakglastigde word gedoen.
- 8.6 Die sinodale byeenkoms van vrouelidmate
- 8.6.1 Die sinodale byeenkoms word elke vier jaar gehou in die jaar waarin die sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy gewone sitting het.
- 8.6.2 Verblyfkooste van gemeentelike afgevaardigdes word deur elke gemeente gedra.
- 8.6.3 Die sinodale byeenkoms word soos volg saamgestel:
 - 8.6.3.1 die huidige SKV, en
 - 8.6.3.2 twee stemgeregtigde afgevaardigdes uit elke gemeente.

9. Wysiging van die reglement

Die wysiging van hierdie reglement geskied deur die sinode op voordrag van en in oorleg met die kommissie vir vrouelidmate.

Reglement 25

Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van prediante en proponente

Verskyn in die Kerkorde 2007 (Regl. 3) en (<http://www.ngkerk.org.za/documents/Kerkorde2007.pdf>).

Reglement 26

Reglement vir die Sinodale Kommissie vir Gemeetebediening (SKG)

(Verskyn op die webwerf van die sinode (www.ngkerk.org.za/wesensuidkaap))

VORM 1

(Voorkant)

**Nederduitse Gereformeerde Kerk
Dooplidmaatsertifikaat (Doopseel)**

Die ondergetekende, predikant/skriba van die Ned Geref Gemeente verklaar dat die sakrament van die heilige doop, soos aangeteken in die dooplidmaatregister van die gemeente bedien is op aan gebore

VADER:

MOEDER:

Uitgereik te vandag

PREDIKANT /SKRIBA

(Keersy)

By die bediening van die doop het die ouers op die volgende vrae geantwoord.

Eerstens, bely u dat, hoewel ons kinders as sondeurs in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus aan God behoort en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?

Tweedens, bely u dat die leer van die Ou en Nuwe Testament wat ook in die artikels van die Christelike geloof vervat is, en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?

Derdens, beloof u om hierdie kind, van wie u vader en moeder (of voog) is, in die leer na die beste van u vermoë te onderrig en te laat onderrig?

VORM 2

**Nederduitse Gereformeerde Kerk
Verkorte Dooplidmaatsertifikaat (Doopseel)**

Die ondergetekende, predikant /skriba van die Ned Geref Gemeente verklaar hiermee dat dit uit die dooplidmaatregister van die gemeente blyk dat die sakrament van die heilige doop aan die kind gebore bedien is op Uitgereik te vandag

PREDIKANT /SKRIBA

VORM 3

**Nederduitse Gereformeerde Kerk
Attestaat**

Ons, die ondergetekendes, daartoe gemagtig deur die kerkraad van die Ned Geref Gemeente verklaar dat die volgende belydende lidmaat/lidmate van hierdie gemeente is en getuig dat hy/sy/hulle sover aan ons bekend, gesond in leer en lewenswandel is.

Belydende lidmate: Volle Name

Geboortedatum

- 1
- 2
- 3
- 4

Genoemde lidmate word vergesel van die volgende:

Dooplidmate: Volle Name

Doopdatum

Geboortedatum

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6

Die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente word hiermee versoek om genoemde belydende lidmaat/lidmate as sodanig te erken, onder sy opsig te neem en tot die gebruik van die sakramente toe te laat, en om aan die dooplidmate die nodige herderlike sorg te gee.

Adres van lidmaat/lidmate

Kommissie van die kerkraad

Datum

VORM 4

Nederduitse Gereformeerde Kerk Reisattestaat/Transit Attestation

Hiermee word verklaar dat/This is to certify that

1.
2.
3.

belydende lidmaat(e) is van die Nederduitse Gereformeerde Kerk,

is/are professing member(s) of the Dutch Reformed Church

Gemeente,

parish.....

en dat hy/sy/hulle gesond is in leer en lewe.

and that he/she/they is/are sound in profession of doctrine and in conduct.

Waar hy/sy/hulle op verskeie plekke op reis is, of vir korter of langer tyd op verskeie plekke sal vertoef, word hy/sy/hulle aan die sorg en toesig van die betrokke kerkraad(e) van die gemeente(s) van Gereformeerde of Evangeliese Protestantse belydenis opgedra en aanbeveel vir toegang tot die sakramente.

Whereas it is his/her/their intention to be en route to or to sojourn at several places for shorter or longer periods, he/she/they is/are committed to the care and pastoral supervision of the Congregation(s) concerned or (Churches) of Reformed or Evangelical Protestant Denominations and recommended for the privilege of participation in the sacraments.

Hy/sy/hulle word vergesel van die volgende dooplidmate. He/she/they is/are accompanied by the following unconfirmed/baptised members.

1.
2.
3.
4.

Maak asseblief die nodige aantekeninge hieronder. \ Please provide the relevant annotations hereunder.

GEGEE TE/GIVEN ATop/on

Namens die Kerkraad/On behalf of the Church Council:

VOORSITTER/SKRIBA/CHAIRMAN/SCRIBE

Gemeente/ Congregation	Kerkverband/ Denomination	Datum van aanmelding / Date of present- ment	Handtekening van predikant / Signature of Minister	Datum van vertrek/ Date of Departure	Handtekening van predikant / Signature of Minister	Opmerkings/ Remarks
---------------------------	------------------------------	---	--	---	--	------------------------

VORM 5

Nederduitse Gereformeerde Kerk
Bewys van Lidmaatskap

Die ondergetekende, daartoe gemagtig deur die kerkraad van die Ned Geref Gemeente verklaar dat die volgende persoon/persone lidmaat/lidmate van hierdie gemeente is.

Belydende lidmate
Volle Name en Geboortedatum

1
2
3
4
5

	Dooplidmate Volle Name	Geboorte- datum	Doop- datum
1
2
3
4
5
6

Die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk word hiermee versoek om genoemde belydende lidmate as sodanig te erken en onder sy opsig te neem, en om aan die dooplidmate die nodige herderlike sorg te gee. Die omstandighede van die lidmaat/lidmate word per begeleidende skrywe uiteengesit. (Skrap indien nie van toepassing nie.)

Adres van lidmaat/lidmate
.....
.....

Namens kerkraad:
.....

Hoedanigheid: Datum:

VORM 6

Nederduitse Gereformeerde Kerk

Verklaring vir ondertekening deur lidmate van ander kerkgenootskappe

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat ek die leer soos in die Ou en Nuwe Testament en in die belydenisskrifte van die Ned Geref Kerk vervat is, onderskryf en verstaan dat ek deur God tot diens in die gemeente en wêreld geroep word. Ek beloof om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die belydenis van die leer tot die einde van my lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp. Ek bely dat Jesus Christus my verlosser is en dat ek Hom liefhet. Ek aanvaar ook dat medegelowiges die verantwoordelikheid het om my te help om op die regte pad te bly.

Predikant

Gemeente

Datum

Handtekening

VORM 7

**Nederduitse Gereformeerde Kerk
Verklaring insake lidmaatskap
(Word gegee aan mense wat bedank het uit die Ned Geref Kerk)**

Ondergetekende predikant/skriba van die Ned Geref Gemeente
Verklaar hiermee dat
tot oplidmaat/lidmate van hierdie gemeente was.

Hulle kinders

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6

is gedoop in die Ned Geref Kerk.

Gegee te op

Geteken
Predikant/Skriba

VORM 8

**Nederduitse Gereformeerde Kerk
Geloofsbrief**

vir ring en sinode^{*}

Die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente het op sy vergadering van tot sy afgevaardigdes na die aanstaande vergadering van die wat gehou sal word op en volgende dae te aangewys die broers en susters : (Volle name en adresse)

Primarius: Predikant(e)

Sekundus: Ouderling(e)/Diaken(s)

1

2

3

4

5

Ouderling(e)/Diaken(s)

Ouderling(e)/Diaken(s)

1

2

* Vgl. Bep 30.1 en 33.1.

3

.....
.....

4

.....
.....

5

.....
.....

Hierdie broers en susters het opdrag om by die genoemde vergadering die kerkraad in alles te verteenwoordig en aan die beraadslaginge en besluite oor alle sake wat wettig ter tafel kom, namens die kerkraad deel te neem, in onderworpenheid aan die Woord van God, die belydenis en kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Met toebidding van Gods rykste seën op die werksaamhede van die vergadering.

Geteken Voor sitter

Datum

..... Skriba

VORM 9

Legitimasi-verklaring, Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Ek, die ondergetekende,....., oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die Drie Formuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weêrlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die kerk te weer;
4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;
5. dat ek my aan die orde van die Ned Geref Kerk sal hou;
6. dat ek, om beroep te word, volgens Die Kerkorde en besluite van die Ned Geref Kerk sal optree;
7. dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God;
8. dat ek myself verbind tot voortgesette teologiese opleiding.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Geteken teop hierdiedag
van

Geteken in my teenwoordigheid:

.....
(Namens die Algemene Regskommissie)

VORM 10

**Nederduitse Gereformeerde Kerk
Akte van Legitimاسie**

Aangesien

voldoen het aan al die vereistes vir toelating tot die diens van die Woord soos neergelê deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, van goeie getuienis is en die voorgeskrewe ampsbeloftes plegtig afgelê en onderteken het, word hy/sy hiermee toegelaat as bedienaar van die Woord.

..... Voorsitter

..... Skriba

VORM 11

Nederduitse Gereformeerde Kerk Beroepsbrief vir predikante

Diensaanbod en/of Diensooreenkoms

(Daar moet onderskei word tussen die beroepsbrief as diensaanbod wat na die beroep aan die beroepe predikant gestuur word, en die diensooreenkoms wat na aanleiding van die diensaanbod opgestel word. Die diensooreenkoms kan 'n verdere dokument wees, of die beroepsbrief sou as diensooreenkoms aanvaar kon word. (Vgl. Art. 7) Wat hier volg is riglyne vir die opstel van 'n beroepsbrief. Waar verskillende moontlikhede aangedui word moet die kerkraad telkens een van die moontlikhede kies vir die diensaanbod, met dien verstande dat daar oor die moontlikhede beding kan word.)

Beroepsbrief

Beroep uitgebring deur die Nederduitse Gereformeerde Gemeente:

(Naam en adres van
gemeente).....
en gerig aan:

(Naam en adres van beroepene)
.....

1. AANHEF

Genade, barmhartigheid en vrede vir u van God die Vader en van die Here Jesus Christus! Die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente het die genoeë om u in kennis te stel dat u by 'n vergadering gehou op tot herder en predikant van die gemeente beroep is, sodat u hier alles kan kom doen wat van 'n herder en predikant volgens die Woord van God, Die Kerkorde, en ander bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verwag kan word.

2. DIENSAANBOD

Dit is vir die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente 'n voorreg en vreugde om die pos van predikant in die gemeente vir u aan te bied, terwyl ons terselfdertyd ook biddend die vertroue uitspreek dat u hierdie beroep (diensaanbod) gunstig sal oorweeg.

3. ONDERNEMING DEUR DIE GEMEENTE

Die kerkraad onderneem namens die gemeente dat aan u die nodige agting en liefde bewys sal word, en lojale samewerking en ondersteuning verleen sal word, sodat u in die vervulling van u taak aangemoedig kan word en ook daarin vreugde kan ervaar.

4. PLIGTE VAN DIE PREDIKANT

Die amp of bediening van die bedienaar van die Woord is gerig op die woordbediening in sy verskillende gestaltes en omvat die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van Die Kerkorde, en soos onderteken in die Legitimasie-verklaring (Vorm 9). Hierbenewens word die spesifieke pligte wat van

u vermag word in 'n afsonderlike posbeskrywing vervat wat hierby aangeheg is, en wat van tyd tot tyd op 'n redelike wyse tussen die partye ooreengekom kan word sodat aan die vereistes van die gemeente voldoen sal word. *(Die posbeskrywing behoort ook die vereiste te bevat dat die predikant gereeld 'n VTO-kursus (voortgesette teologiese opleiding) op koste van die kerkraad moet bywoon (sien o.a besluit 45))*

5. DIENSVORDELE

Die kerkraad onderneem om met betrekking tot u lewensonderhoud uitvoering te gee aan die bepalinge van art. 13 en bep. 12 en 13 van Die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente (2003). Die vergoeding is vir alle werk te alle tye. Die volgende is in hierdie opsig van belang:

5.1 Lewensonderhoud

(Hier kan die kerkraad kies tussen punt (a), of punt (b) saam met die drie onderafdelings.)

- (a) U totale vergoedingspakket beloop R..... per jaar. Hierdie pakket sal jaarliks met inagneming van die aanbevole skale van die Algemene Kommissie vir Fondse aangepas word. Die pakket kan na u behoefte binne die raamwerk van en onderworpe aan tersaaklike wetgewing en sinodale besluite gestruktureer word.

Of (b)

- (b 1) U totale salarispakket beloop R..... per jaar (R..... per maand). Hierdie pakket sal jaarliks met inagneming van die aanbevole skale van die Algemene Kommissie vir Fondse aangepas word. Die pakket kan na u behoefte binne die raamwerk van en onderworpe aan tersaaklike wetgewing en sinodale besluite gestruktureer word.
- (b 2) Die volle diensbonus, naamlik 'n dertiende tjeek (salaris sonder toelaes) word betaal.
- (b 3) 'n Reistoelaag in ooreenstemming met die aanbeveling van die Algemene Sinode.

5.2 Behuising

(Hier kan die kerkraad kies tussen [c] of (d))

- (c) Die kerkraad voorsien gratis behuising aan die predikant, waarby water en ligte ingesluit is, en is verantwoordelik vir alle redelike instandhoudingskoste wat die geboue, dienste en tuin insluit. Die behuisingsvoordeel word addisioneel tot die pakket geag.

of (d)

- (d) Die kerkraad voorsien 'n huistoelaag wat soos volg saamgestel word:
(dui aan hoe saamgestel)

5.3 Telefoon

'n Telefoon vir amptelike gebruik word u aangebied met die reëling dat uself verantwoordelikheid neem vir alle privaat oproepe.

5.4 Pensioen en Medies

Die staande besluite van die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland is van toepassing met betrekking tot u deelname aan die pensioenfonds, mediese skema of enige ander versekeringskema.

5.5 Afdae en afnaweke

U is daarop geregtig om u tyd so te reël dat u een af-dag per week en een af-naweek per kwartaal van u normale pligte verskoon word.

5.6 Verlof

U is geregtig op verlof soos bepaal in Die Kerkorde, Bepalinge en Regelemente (2003), Reglement 23.

(Indien die kerkraad dit so verkies kan 'n besondere en spesifieke besluit met betrekking tot lewensonderhoud paragraaf 5 geheel-en-al of gedeeltelik vervang)

6. WERKSURE

Vanweë die aard van u pos is vaste diensure nie moontlik nie. 'n Minimum van 45 werksure per week word egter op 'n skiktyd - grondslag veronderstel. Die werksure moet dus so gereël word dat alle pligte van die pos nagekom word en by die gemeente se roetines inpas.

7. BETROKKENHEID BY KERKVERBAND

Aangesien die gemeente deel van die kerkverband is, word aanvaar dat u ook werk vir die kerkverband sal doen indien dit van u verwag word.

8. PRIVAATWERK

Terwyl u in diens van die kerkraad is, mag u geen privaat en/of ander werk verrig of addisionele inkomste van enige aard verdien nie, sonder vooraf goedkeuring van die kerkraad.

9. DISSIPLINE

U sal onderworpe wees aan die dissiplinêre en griewe prosedure soos vervat in Die Kerkorde, Bepalinge en Regelemente, asook die personeelbeleid van die gemeente.

10. DIENSBEËINDIGING

Diensbeëindiging anders as deur die aanvaarding van 'n beroep, word gereël deur artikels 11, 12 en 14 van Die Kerkorde en met in agneming van die spesifieke besluite van die Algemene Sinode oor 65 jaar as verpligte aftree-ouderdom.

11. FINALISERING VAN OOREENKOMS

Indien u hierdie aanbod positief oorweeg, is die kerkraad bereid om deur middel van onderhandeling 'n diensooreenkoms ingevolge hierdie aanbod met u te finaliseer voordat u die beroep/benoeming aanvaar. Finale reëlings oor die datum van bevestiging/diensaanvaarding sal getref word tydens hierdie onderhandelinge.

(Ooreengekome voorwaardes kan vervat word in 'n nuwe finale dokument of as bylaag hiertoe bygevoeg word. Minstens die datum van diensaanvaarding moet aanvullend tot hierdie diensaanbod aangeteken en onderteken word.)

12. WYSIGINGS

Enige wysiging of verandering aan enige diensooreenkoms sal alleen geldig wees as beide partye na onderhandeling skriftelik daartoe instem en sodanige wysiginge of veranderinge deur beide partye onderteken is.

13. VERKLARING DEUR KERKRAAD

Met die ondertekening van hierdie aanbod of ander ooreenkoms wat hieruit voortvloei, verklaar die Nederduitse Gereformeerde Gemeente as werkgewer dat ons ons neerlê by die artikels en bepalinge van Die Kerkorde en besluite

van die Algemene Sinode, sowel as die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland soos van tyd tot tyd gewysig, asook toepaslike wetgewing en die personeelbeleid van die kerkraad.

Geteken te op hierdiedag
van

.....
VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD

Getuies:

.....
.....

14. VERKLARING DEUR BEROEPENE/BENOEMDE

14.1 Ek neem kennis van die diensaanbod van die
Nederduitse Gereformeerde Gemeente en

(Merk wat van toepassing is)

aanvaar hiermee die diensaanbod soos in hierdie beroepsbrief uiteengesit en versoek hiermee dat ek graag verdere onderhandelinge wil voer met die oog op die finalisering van 'n diensooreenkoms.

14.2 Ek verklaar ook hiermee dat daar geen hangende of dreigende tughandeling teen my is nie en bevestig by hernuwing dat ek getrou sal bly aan die legitimasieverklaring wat ek onderteken het en wat ek aanvaar as kode vir optrede deur 'n predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

14.3 Met die ondertekening van hierdie aanbod of ander ooreenkoms wat hieruit voortvloei verklaar ek dat ek as werknemer my neerlê by die artikels en bepalinge van Die Kerkorde en besluite van die Algemene Sinode sowel as die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland soos van tyd tot tyd gewysig, asook toepaslike wetgewing en personeelbeleid van die kerkraad.

Geteken te..... op hierdie dag
van

.....
BEROEPENE

Getuies:

1

2

15. DATUM VAN DIENSAANVAARDING

Die predikant, (*Naam*), is vanaf die datum van demissie uit sy/haar vorige werkkring, naamlik op (*datum*)* in 'n permanente hoedanigheid predikant van die gemeente (*Naam*) en word as sodanig bevestig op (*datum*)

(Bogenoemde geld t.o.v. 'n dienende predikant wat 'n beroep aanvaar het. In ander gevalle waar 'n beroep aanvaar is, begin die verantwoordelikheid vanaf die datum van ordening of bevestiging. (Bep 8.7.1))*

Geteken namens die kerkraad te

op hierdie dag van

.....
VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD

Getuies:

.....

.....

Geteken deur die predikant te

op hierdie dag van

.....
PREDIKANT

Getuies:

.....

.....

VORM 12

**Nederduitse Gereformeerde Kerk
Akte van Bevestiging**

Aangesien die broer/suster op
..... in ooreenstemming met al die bepalinge
deur met oplegging van hande bevestig is tot
herder en predikant van die gemeentebinne die
ressort van die Ring van word hiermee
verklaar dat die genoemde broer/suster die bevoegdheid beklee van 'n bedienaar van die Woord in die
Nederduitse Gereformeerde Kerk, en dat hy/sy deel in al die voorregte en verpligtinge aan die amp
verbonde.

Die sinode bid die bevestigde die rykste seën van God toe in die uitoefening van hierdie heilige en
heerlike amp ooreenkomstig Die Kerkorde en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Gegee teop

.....Aktuarius van die sinode

VORM 13

Nederduitse Gereformeerde Kerk Beroepsbrief vir dosente (deur US bekostig) aan die Teologiese Kweekskool

Beroep uitgebring deur die

DIE KURATORIUM VAN DIE KWEEKSKOOL TE STELLENBOSCH VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID AFRIKA

(Hierna genoem die kuratorium)

Geleë te: STELLENBOSCH

En gerig aan:

Woonagtig te: STELLENBOSCH

Geagte broer/suster

Die kuratorium het die genoë om u mee te deel dat u op deur die kieskollege tot dosent aan die kweekskool by die Fakulteit van Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch beroep is. Dit is ons opregte bede dat u gelei sal word om die beroep aan te neem en deur leer en wandel alles te doen wat ooreenstem met die beginsels van die Woord van God en die kerklike bepalinge. In besonder sal u verantwoordelik wees vir teologiese onderrig en navorsing soos deur die Fakulteit van Teologie van die Universiteit van Stellenbosch van u verwag word.

Die kuratorium beloof om aan u die liefde en medewerking te gee wat 'n dosent van die kerk toekom.

Ingevolge die ooreenkoms tussen die Universiteit van Stellenbosch en die Ned Geref Kerk in SA is die Universiteit van Stellenbosch u werkgewer en u werk word gereël ooreenkomstig die diensooreenkoms wat u met die Universiteit van Stellenbosch het, asook in die lig van die ooreenkoms tussen die Universiteit van Stellenbosch en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA. Ingevolge hierdie beroepsbrief is dit nie die bedoeling dat die kuratorium en/of die kweekskool en/of die Ned Geref Kerk in S.A. u werkgewer word nie en derhalwe word u nie op grond van hierdie beroepsbrief deur laasgenoemde party(e) in diens geneem of by wyse van kompensasie vergoed nie. Die Universiteit van Stellenbosch, as u werkgewer, is volledig verantwoordelik vir u vergoeding en diensvoorwaardes soos uiteengesit in u diensooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch, en u val dus ook onder die dissipline en grieweprosedure van u werkgewer.

As bevestigde dosent van die Ned Geref Kerk het u predikantsbevoegdheid in die Ned Geref Kerk. Die bediening van 'n predikant (bedienaar van die Woord) is gerig op die woordbediening in die verskillende gestaltes soos uiteengesit in artikel 9 van Die Kerkorde, 2002. In u geval is daar minder klem op die plaaslike gemeente en word in besonder van u verwag om:

- teologie op 'n Bybelse en gereformeerde grondslag te beoefen, predikante vir die bediening in die Ned Geref Kerk op te lei op 'n verantwoordelike en teologies-wetenskaplike wyse, en kweekskoolstudente pastoraal te help begelei;
- enige bykomende take wat die kuratorium met die oog op die Ned Geref Kerk opleiding aan u mag opdra, uit te voer.

Op grond van u predikantsbevoegdheid in die Ned Geref Kerk geskied die kerklike opsig en tug oor u volgens die kerklike bepalinge.

U bly 'n bevestigde dosent van die Ned Geref Kerk in SA totdat die band tussen u en die kweekskool op 'n normale kerklike wyse losgemaak word, of u ophou om dosent by die Universiteit van Stellenbosch te wees vir watter rede ook al, of as u u predikantsbevoegdheid in die Ned Geref Kerk verloor.

Enige wysiging of verandering aan hierdie beroepsbrief as ooreenkoms sal alleen geldig wees as beide partye na onderhandeling skriftelik daartoe instem en sodanige wysiginge of veranderinge deur beide partye geteken is.

VERKLARING DEUR DIE KURATORIUM

Met die ondertekening van hierdie beroepsbrief as ooreenkoms verklaar die kuratorium dat ons ons neerlê by die artikels en bepalinge van Die Kerkorde en besluite van die Algemene Sinode, sowel as die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland soos van tyd tot tyd gewysig.

Geteken te op hierdie
dag van

.....
**VOORSITTER VAN DIE
KURATORIUM**

Getuies:

1.
2.

VERKLARING DEUR BEROEPENE

Ek aanvaar hiermee die ooreenkoms met die Kuratorium soos in hierdie beroepsbrief uiteengesit.

Ek verklaar ook hiermee dat daar geen hangende of dreigende tughandeling teen my is nie, en bevestig by hernuwing dat ek getrou sal bly aan die legitimasiEVERKLARING wat ek onderteken het en wat ek aanvaar as kode vir optrede deur 'n predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ek verklaar verder dat ek my neerlê by die artikels en bepalinge van Die Kerkorde en besluite van die Algemene Sinode sowel as die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland soos van tyd tot tyd gewysig, asook toepaslike besluite van die kuratorium.

Geteken te op hierdie dag
van

.....
BEROEPENE

Getuies:

1.
2.

VORM 14
Nederduitse Gereformeerde Kerk
Akte van Demissie

Die kerkraad van die Ned Geref Gemeentehet die stukke in verband met die beroep van die broer/susterna die gemeente gesien, en getuig hiermee in waarheid dat genoemde hom/haar gedurende die verblyf in ons midde onberispelik in leer en wandel op 'n wyse wat 'n evangeliedienaar waardig is, gedra het. Op sy/haar versoek ontslaan die kerkraad hom/haar hiermee eervol van alle betrekking, tot die kerkraad en die gemeente alhier, en oorhandig hierdie akte van demissie wat ook dien as attestaat, en bid daarby van harte dat hy/sy in die nuwe werkkring met die meeste vrug mag arbei en steeds die rykste seën van die Here mag geniet.

Die broer/suster word vergesel deur sy/haar huweliksmaat en die volgende belydende lidmate en die volgende dooplidmate

Gegee opdeur die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente.....en geldig vanaf

ONDERTEKEN DEUR:

.....
VOORSITTER

.....
SKRIBA

VORM 15
Nederduitse Gereformeerde Kerk
Akte van Demissie by Emeritaat

Die kerkraad van die NG Gemeente ontslaan
..... hiermee uit sy diens as predikant van die gemeente nadat die
vereiste stukke met betrekking tot sy emeritaat in orde bevind is en die Ring van
daarvan kennis geneem het. Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus kom al die lof toe. Die
Here het die gemeente, die gemeenskap en die kerk in die breë geseë met al die seëninge wat Hy aan
..... gegee het. Die genade van ons Here Jesus Christus sal by hom/haar
wees.

Gegee namens die gemeente van

Plek:

Datum:

Voorsitter:

Skriba:

(Hierdie vorm word deur die betrokke kommissie van die sinode aangepas en gebruik by die
uitdienstreding van sinodale amptenare in diens van die betrokke kommissie.)

VORM 16
Nederduitse Gereformeerde Kerk
Afstigtingsvorm

Aangesien deur ons, ondergetekendes, 'n versoekbrief gerig is aan die Ring van vir die stigting van 'n nuwe gemeente vir die wyke; en aangesien volgens die Bepalinge en Reglemente van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika van ons 'n waarborg vereis word aangaande die salaris en woning van die predikant van bedoelde nuwe gemeente: so getuig ons met hierdie akte dat ons, ondergetekendes, gedurende ons verblyf in hierdie gemeente ons verantwoordelik stel vir die bedrag agter ons naam ten behoeve van die traktement van die predikant, asook vir 'n vrye woning.

Aldus verrig en geteken op die datum hieronder vermeld.

DATUM:

HANDTEKENING VAN GEMEENTELID:

ADRES:

.....

BEDRAG:

BESLUIE EN AANBEVELINGS

Ter wille van die kontinuïteit deel ons hier, in sommige gevalle, ook vroeëre besluite mee. Dit word egter verstaan dat kerklike amptenare hulle moet hou aan die laaste besluite deur die sinode oor die een of ander saak geneem. In soverre vroeëre besluite deur latere besluite of andersins nie in geheel opgehef is nie, of maar gedeeltelik opgehef is, bly hulle van krag.

1 Die AEB (Die Afrika-Evangeliese Bond)

Die AEB loën belangrike leerstukke van die Ned Geref Kerk, waaronder die uitverkiesing, die erfsonde, die genadeverbond, die wedergeboorte as 'n gebeurtenis wat die bekering voorafgaan en die volharding van die heiliges. Dié beweging huldig verder sienswyses wat nie met die leer van die Ned Geref Kerk ooreenstem nie, waaronder die perfeksionisme en die "second blessing". Om dié redes is dit duidelik dat lidmate wat hierdie beweging aktief steun en sy beskouinge onderskryf, hulle skuldig maak aan tugwaardige handeling (opsomming van die besluit van die Algemene Sinode, Handeling 1970, p150-155).

2 Aflegging van geloofsbelydenis deur verstandelikgestremde kinders

2.1 Kategese van verstandelikgestremdes

Die hantering van die verstandelikgestremde kind verg besondere kundigheid. Die persoon wat die gestremde begelei sal dus die vertroue van die kind of jongmens moet wen en 'n goeie verhouding opbou. Langs die weg en met behulp van die nodige hulpmiddels sal die leerstof oorgedra moet word.

2.2 Die ondersoek

Wanneer die gestremde kind/jongmens gereedheid toon om deur die kerkraad ondersoek te word, sal dit met groot omsigtigheid gedoen moet word en sal die kategeet liefsvol teenwoordig moet wees. Dit is belangrik dat bekendes teenwoordig sal wees om die katkisant veilig te laat voel.

2.3 Die wyse van belydenisaflegging

Die liturgiese orde kan aansluit by die orde van 'n gewone oggenddiens. Dit is baie belangrik dat daar ryklik gebruik gemaak word van sang.

Verkieslik moet hierdie belydenisaflegging nie saamval met dié van die "gewone" groep in die gemeente nie.

Dit is verkieslik dat van die samevatting van die wet gebruik gemaak word i.p.v. die tien gebooie. Dit kan geïllustreer word deur die twee hande oop te maak sodat die 10 vingers die 10 gebooie verteenwoordig. Maak die hande toe dan is die wet saamgevat in twee - dit is wet van die liefde.

Die geloofsbelydenis behoort hardop deur die gemeente gesê te word, sodat hierdie katkisante daaraan kan deelneem.

2.4 Wanneer die liturg die betrokke katkisante oproep moet hy liefsvol onder die kansel staan sodat hy naby die groepie kan wees. Die meer intieme atmosfeer sal hulle op hulle gemak stel.

2.5 Eenvoudige belydenis

Wanneer hierdie katkisanter belydenis van hulle geloof aflê moet die liturg die katkisant voorgaan en hy moet, as dit moontlik is, hardop agterna sê: (dit sal goed wees as die liturg die katkisant aanraak en b.v. sê: "Piet, kom sê nou mooi agter my aan". Die veronderstelling is dat die belydenis vooraf baie keer met die katkisant deurgegaan is).

Ek glo dat die Bybel die Woord van God is.

Ek glo dat God, die Vader, alles gemaak het.

Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

Ek glo dat God my liefhet.

Ek glo dat die Here Jesus vir my sonde aan die kruis gesterf het.

Ek glo dat die Here Jesus opgestaan het uit die graf, en opgevaar het na die hemel.

Ek glo dat Hy eendag weer sal kom om my te kom haal.

Ek glo dat die Heilige Gees gekom het om in my te woon. Ek het die Here Jesus Christus lief.

Hierna kan die gemeente die jong lidmate toesing en die liturg kan hulle met 'n handdruk gelukwens.

- 2.6 Aangesien baie min van hulle in staat is om te kan lees, moet oorweging geskenk word aan 'n ander aandeking soos bv 'n hangertjie in die vorm van 'n kruis vir die dogters en 'n dasspeld of 'n lapelknopie, ook in die vorm van 'n kruis vir die seuns (Algemene Sinode, 1986, Handeling, p.618).

3. Afrikaanse Protestantse Kerk

3.1 Lidmaatskap

- 3.1.1 Wanneer lidmate uit ons kerk bedank om na die Afrikaanse Protestantse Kerk oor te gaan, word aan hulle 'n gewone vorm oorhandig wat verklaar dat hul lidmaatskap in ons kerk beëindig word.

- 3.1.2 Daar is geen outomatiese verval van lidmaatskap nie. Lidmate moet pertinent bedank om hul lidmaatskap te beëindig. Die prosedure wat vir die hantering van hierdie bedanking gevolg moet word, is soos deur die verskillende sinodes se bepalinge neergelê.

- 3.1.3 Indien 'n lidmaat nie pertinent bedank nie, maar wel die uitbreiding van die Afrikaanse Protestantse Kerk daadwerklik bevorder, maak hy hom skuldig aan skeurmakery en is aldus tugwaardig.

- 3.1.4 Onder huidige omstandighede en tot tyd en wyl ander gegewens na vore kom, word met lidmate wat terugkom uit die Afrikaanse Protestantse Kerk gehandel volgens die besluite omtrent die tweede groep van erkenning van kerke (besl. ASK 10/3/87) n.l. "dat bewyse van lidmaatskap nie aanvaar word nie voordat 'n gesprek met die applikant gevoer is oor punte van verskil en voordat die kerkraad oortuig is dat die applikant oor die nodige kennis beskik van en instemming betuig met die leer van die Ned Geref Kerk."

3.2 Bevoegdheid van predikante

Hier geld as algemene reël die een wat neergelê is in punt 8.1.3 van die reglement vir die bevoegdheid van predikante, dat wanneer 'n predikant hom/haar in woord en daad met die Afrikaanse Protestantse Kerk vereenselwig, hy/sy sy/haar bevoegdheid as evangeliedienaar in ons kerk verbeur. Indien 'n emerituspredikant by die nuwe kerk betrokke raak, verbeur hy/sy sy/haar bevoegdheid as evangeliedienaar, maar sy/haar pensioen word in die lig van die reglement van die betrokke pensioenfonds hanteer.

3.3 Optrede in die Ned Geref Kerk deur predikante van die Afrikaanse Protestantse Kerk

Alhoewel die diskresie om onder artikel 48.3.3 van die Kerkorde bevoegde predikante van kerke met 'n gereformeerde belydenis uit te nooi om 'n erediens in ons kerk te lei, prinsipieel by die kerkraad berus, oordeel die algemene sinodale kommissie dat in die huidige praktiese omstandighede evangeliedienaars van die Afrikaanse Protestantse Kerk nie as bevoeg (art. 48.3.3) beskou word om die evangelie met seën in die Ned Geref Kerk te verkondig nie, en derhalwe nie deur kerkrade genooi moet word nie. Dit sluit in die bediening van die sakramente en alle liturgiese handeling.

3.4 Optrede van predikante in die Ned Geref Kerk

Net soos lidmate (3.1.3 bo), is predikante van ons kerk wat nie na die Afrikaanse Protestantse Kerk oorgaan nie, maar die Afrikaanse Protestantse Kerk propageer, tugwaardig. Wanneer 'n predikant uitgenooi word om amptelik in daardie kerk te preek moet hy/sy streng volgens artikel 10 van die Kerkorde handel (ASK 1990).

4. Aftree-ouderdom van predikante

Die Algemene Sinode besluit:

- 4.1 Die aftree-ouderdom van alle predikante van gemeentes, predikante in sinodale diens en aan inrigtings verbonde, word op 65 jaar gestel.
- 4.2 'n Predikant wat die ouderdom van 65 jaar bereik, mag vir hoogstens ses maande na bereiking van sy/haar 65ste verjaarsdag en met toestemming van die betrokke kerkvergadering/kommissie in sy diens aanbly.
- 4.3 Vir predikante soos in 1 hierbo genoem, wat op die oomblik 65 jaar of ouer is, word die volgende tussentydse reëling getref: Hulle word verplig om vanaf 1 November 1986 binne een jaar af te tree.
- 4.4 Die verpligte aftrede van predikante soos in punte 1 tot 3 hierbo bepaal, is ondergeskik aan die beperking soos in punt 5 hierna bepaal.
- 4.5 Die sinodes moet toesien dat die bepalinge van die beroepsbrief by bogenoemde besluite aangepas word. Waar beroepsbriewe vir predikante wat tans in die bediening is 'n hoër aftree-ouderdom by hulle beroep en aanvaarding daarvan bepaal het, moet die bindende kontraktuele ooreenkoms wat daarmee ontstaan het, eerbiedig word. Dit staan 'n kerkvergadering/kommissie egter vry om met sulke predikante wat 65 jaar of ouer is, in

gesprek te tree en tot 'n vergelyk met mekaar te kom wat deur albei partye skriftelik aanvaar moet word (Algemene Sinode, 1986, Handeling, p.713).

- 4.6 Die sinode spreek die begeerte uit dat vroeër aftrede van predikante wat dit kan bekostig, maar deelyds aanbly nie die moontlike beroeping van 'n proponent vir die vakature sal verhinder nie. Gemeentes word aangemoedig om ook tydens vakatures vir aflosdiens van proponente gebruik te maak (sinode, 1995).

5. **Attestate – weiering om in te dien**

Kragtens bepaling is 'n lidmaat wat uit 'n gemeente vertrek het lidmaat van die gemeente waar hy hom metterwoon gevestig het. Waar niemand lid van die Ned Geref Kerk in SA kan wees sonder om aan 'n plaaslike gemeente te behoort nie, staan weiering om sy/haar attestaat in te lewer gelyk aan afskeiding van die kerk (XXXII, 1953, p. 116).

6. **Bediening van dooplidmate in skoolkoshuise**

- 6.1 Ouers, tuisgemeentes van koshuiskinders, sowel as die gemeentes waarin die koshuis val, moet steeds gesamentlik, met wedersydse oorlegpleging en ooreenkomste, die verantwoordelikheid teenoor elke kind aanvaar vir:

- * volledige en ononderbroke kategeese
- * gereelde woordbediening
- * doeltreffende pastorale versorging
- * heelhartige kerklike meeewing, en
- * effektiewe kerklike toesig.

- 6.2 Koshuiskinders wat gereeld naweke huis toe gaan, word gereken tot dooplidmate van die gemeente waar hul ouers woon. Dit geld ook vir kategeese en statistiese doeleindes.

- 6.3 Koshuiskinders wat net sekere naweke per kwartaal of selde huis toe gaan, skakel volledig in by die gemeente binne wie se grense die koshuis geleë is.

- 6.4 Dooplidmate in skoolkoshuise word vir statistiese doeleindes gereken tot die gemeente waar hul ouers woon, behalwe in die geval van die volgende uitsonderings:

gekommitteerde kinders

kinders in pleegsorg

kinders vanuit die buiteland.

Hulle word gereken tot dooplidmate van die koshuisgemeente.

- 6.5 Onderlinge ooreenkomste moet op inisiatief van die ouers en die kerkraad van die tuisgemeente met die kerkraad van die gemeente binne wie se grense die koshuis geleë is, getref word ten einde die beste pastorale versorging en toesig te verseker (Algemene Sinode 1990).

7. Bepalinge en reglemente - inwerkingtreding

Die nuwe bepalinge en reglemente tree in werking sodra dit gepubliseer word. Hiervan is uitgesonderd die besluite oor administrasie, of die bepalinge waarvoor die sinode mag besluit dat dit onmiddellik in werking gestel word (sinode van 1979).

8. Beroepbaarheid en die Belhar-belydenis

Die Algemene Sinode besluit dat predikante en proponente van die familie van die Ned Geref Kerk wat die Belhar-belydenis onderteken het, opnuut moet verklaar dat die Drie Formuliere van Eenheid as die enigste belydenisgrondslag van die Ned Geref Kerk aanvaar word (art. 1) alvorens hulle in 'n gemeente van die Ned Geref Kerk bevestig kan word (Algemene Sinode 1990).

9. Beroep tydens dieselfde vakature

Geen predikant wat 'n beroep bedank het, mag weer tydens dieselfde vakature na die gemeente beroep word nie (Algemene Sinode, 1966, Handeling, pp. 73, 506).

10. Beroepstelsel – misbruike

10.1 Die Algemene Sinode oordeel dat daar talle misbruike rondom die "advertering" van vakatures van predikantsposte en die samestelling van groslyste in die huidige beroepstelsel ontstaan het.

10.2 Die Algemene Sinode wys beroepende vergaderinge, ringe en sinodes daarop dat die vergunning wat die Algemene Sinode in 1990 gemaak het ten opsigte van bekendstelling van vakatures en 'n alternatiewe wyse van samestelling van groslyste slegs die volgende behels:

10.3 Die kerkraad kan die vakature in die Kerkbode bekendstel met 'n aanduiding van die besondere vereistes wat ten opsigte van die vakature gestel word. Predikante en proponente kan dan op die bekendstelling reageer deur hulle name tesame met 'n **curriculum vitae** aan die kerkraad voor te lê.

10.4 Kerkrade het die reg om predikante te versoek om hulle **curriculum vitae** met die oog op beroeping te voorsien. (Handeling 1998, bl. 406, 1.3.2)

11. Besluite oor sake nie in agenda

Om te voorkom dat besluite deur sinodes geneem word oor sake wat nie in die agenda verskyn nie (amendemente uitgesluit) en waar daar geen geleentheid bestaan om so 'n voorstel te oorweeg nie, word besluit dat in die toekoms sulke voorstelle eers aan die moderatuur voorgelê word en dat ten minste 'n dag sal verloop tussen die kennisgewing van so 'n voorstel en die behandeling daarvan deur die sinode (sinode van 1975, Handeling, p143).

12. Besluiteregister - opneem van besluite

12.1 Elke sinodale kommissie besorg die besluite van die Algemene Sinode en sinodes van die Ned Geref Kerk in SA wat hulle in die besluiteregister van die bepalinge en reglemente opgeneem wil hê, voor die sluitingsdag van die sinode op skrif aan die aktuaris.

12.2 Die permanente regs kommissie maak uit hierdie besluite 'n keuse wat van algemene belang vir die kerk geag word, en neem dit op in die besluiteregister van die bepalinge en reglemente (sinode van 1979).

13. Besluit - revisie en uitvoering

Die sinode verklaar dat 'n besluit, al is revisie daarvan gevra, uitgevoer kan word (XXII, 1909, p.34. vgl. regl. 17:9).

14. Brits-Israelse Beweging

Die Algemene Sinode roep lidmate op om die dwaalleer van die Blanke Israelisme met die gesonde leer van die Skrif te weerlê en om volhardend te getuig dat die soendood van ons Here Jesus Christus genoegsaam is vir die redding van gelowiges "uit elke stam en taal en volk en nasie" (Openb. 5:9) (Algemene Sinode 1990).

15. Christelike godsdiens - hier gevestig

Dit word aan die predikante opgedra om op die Sondag op of na 6 April, as synde die dag waarop hierdie kolonie in die jaar 1652 aangelê en die Christelike godsdiens bygevolg hier ingevoer is, die gemeente ten minste in sy gebede en danksegginge die groot en heilsame gebeurtenis van die kerkhervorming te laat herdenk (II, 1826, p.48).

NB - In die rapport aan die goewerneur staan, i.p.v. die woorde "van die kerkhervorming" die woorde "van daardie dag (d.w.s. 6 April 1652) vir die Hervormde Kerk" (vgl. *Theal's Records* xxviii, p.316).

16. Doop - bystaan by doopbediening

16.1 Lidmate van kerke van Gereformeerde belydenis kan, met die toestemming van hulle eie kerkraad en na die dooponderhoud, toegelaat word om saam met hulle eggenote, wat lidmate van 'n gemeente van die Ned Geref Kerk is, by te staan by die doopbediening van hulle kinders en op die vrae te antwoord.

16.2 Lidmate van ander christelike kerke en sektes, asook mense wat Christus bely maar nie formeel aan 'n kerk behoort nie, kan, na die dooponderhoud, toegelaat word om saam met hulle eggenote, wat lidmate van 'n gemeente van die Ned Geref Kerk is, by te staan by die doopbediening van hulle kinders sonder dat vrae aan hom/haar gevra word en hy/sy daarop moet antwoord (Algemene Sinode, 1986, Handeling, p.604).

17. Doop - en kinders van ouers van wie die huwelik nie kerklik ingeseën is nie

Die sinode verwag van lidmate van die kerk dat hul huwelik kerklik bevestig word. En in geval van persone van wie die huwelik alleen burgerlik bevestig is, oefen die betrokke kerkrade alle sedelike dwang uit om sulke huwelike ook kerklik ingeseën te kry.

18. Doop - erkenning van die doop van apostelgroepe

(vgl. ook besluit 25:3.3.2.2)

Die kerk kan onder meer vanweë die volgende redes nie die doop deur hierdie groepe aanvaar nie:

18.1 Die inhoud van die doop word oa bepaal deur die siening en erkenning van die persoon en werk van God Drie-enig. By die apostelgroepe word God nie erken as die drie-enige God van die Bybel nie.

- 18.2 Die doop as teken en seël van die verlossing in Christus en van die nuwe verbond, word misken omdat Christus se verlossing verdring word deur 'n leer en 'n praktyk van selfverlossing.
- 18.3 Die posisie van Christus as Here en hoof van sy kerk word verdring deur die aansprake en sentraalstelling van die sogenaamde apostelamp.
- 18.4 Die Bybel as die Woord van God, die enigste grond van ons geloof, word ondergeskik gestel aan die lewende woord van die sogenaamde apostel (Algemene Sinode, 1986, Handeling. p.540).

19. Doop – oordoop/herdoop

- 19.1 Die Algemene Sinode herbevestig die Gereformeerde geloofsoortuiging oor die genadeverbond en oor die doop wat in die vorm van die grootdoop (as sendingdoop) mense buite die kerk wat tot geloof kom, in die genadeverbond inlyf, en in die vorm van die kinderdoop kinders van gelowige ouers in dieselfde verbond inlyf.
- 19.2 Die Algemene Sinode is oortuig dat die herdoop van lidmate die eenmalige betekenis van die doop geweld aandoen. In beginsel moet dit egter as **'n dwaling binne die Christenskap** gesien word en daarom pastoraal gehanteer word.
- 19.3 Hierdie eiendomlike pastoraat sluit 'n algemene en 'n persoonlike faset in:
 - 19.3.1 as algemene pastoraat moet die betekenis van die genadeverbond en die doop in albei sy vorme as teken en seël van die verbond op alle beskikbare maniere in die kerk in die algemeen, en ook in besonder in elke gemeente, behandel en verduidelik word sodat die probleme wat die herdoop skep, deeglik onder die aandag kan kom.
 - 19.3.2 In die persoonlike pastoraat behoort individuele aandag gegee te word aan alle lidmate wat hulle laat oordoop het en, as voorsorgmaatreël, ook aan lidmate wat besondere vrae in dié verband het.
- 19.4 Oorgedoopte lidmate moet in beginsel behandel word soos alle ander lidmate wat probleme het met een of ander aspek van die leer of praktyk van die kerk. Enersyds moet hulle met hartlikheid behandel word as mense wat deel is van die gemeente, en moet daar baie noukeurig ingegaan word op elkeen se spesifieke probleme en omstandighede. Daar moet ten alle koste vermy word om met stereotipes te werk en voorafuitgewerkte antwoorde te bied wat nie regtig die probleme van die spesifieke lidmaat hanteer nie. Andersyds moet hierdie lidmate egter onder die besef gebring word dat die kerk nie hulle optrede goedkeur nie en sy/haar bes sal doen om hulle tot beter insigte te bring.
- 19.5 In die persoonlike pastoraat aan oorgedooptes moet in gedagte gehou word dat hulle meestal hul oordoop as 'n positiewe ervaring beleef het, en dit gewoonlik direk met die wil van God (veral met die leiding van die Gees) in verband bring. In sulke gevalle sal dit waarskynlik nie pas om te probeer om hulle binne 'n kwessie van weke of maande tot beter insigte te probeer bring nie. Dit sou eerder gepas wees om oor 'n tydperk heen hul vertrouwe te probeer behou of terug te wen sodat hulle geleidelik gelei kan word tot 'n beter insig in die verbond en die doop – wat heel waarskynlik ook beteken 'n beter insig in die evangelie as sodanig. Intussen moet kerkrade nie vergeet dat baie ander gemeentelede waarskynlik net so 'n behoefte het aan 'n beter insig in die evangelie as geheel.

- 19.6 Indien dit tydens enige fase van die persoonlike pastoraat duidelik word dat die oorgedoopte, en trouens enige ander lidmaat, oortuigings het wat die wese van die evangelie aantast, behoort verder met die kerklike tug teen so iemand opgetree te word, wat uiteindelik ook op die uiterste stap van afsnyding kan uitloop.
- 19.7 Die Algemene Sinode besluit dat daar teenoor ampsdraers wat in hierdie opsig dwaal, strenger opgetree moet word as teenoor gemeentelêde en dat hulle voorlopig in die amp gestuit word totdat die saak ondersoek en opgelos is.
- 19.8 Die Algemene Sinode besluit dat 10.5.6 sodanig verstaan word dat persone wat hulle laat oordoop soos trouens enige ander lidmaat wel aan verdere kerklike tug onderworpe is, alhoewel nie sondermeer omdat hulle hulle laat oordoop het nie. (Algemene Sinode, 1998. Handeling p.417 en 469-470).

20. Doop van kinders in pleegsorg

Die Algemene Sinode besluit dat kinders in pleegsorg gedoop kan word en lê die volgende riglyne neer:

- 20.1 Die finale besluite berus by die betrokke kerkraad wat in alle gevalle moet waak teen die misbruik van die sakramente.
- 20.2 Waar die doop van 'n kindjie gewoonlik die resultaat is van die besluite van 'n ouer/s en 'n kerkraad, kom in die geval van 'n pleegkind ook ander instansies wat die pleegplasing bestuur, ter sprake. Daar kan eers tot die doop oorgegaan word nadat die kerkraad deur samesprekinge met pleegouers en die pleegsorginstansie homself daarvan vergewis het dat die betrokke pleegplasing na alle waarskynlikheid van 'n langtermyn aard is (Algemene Sinode 1994).

(Vir ander gevalle i.v.m. doop vgl. Die Kerkorde 2002, funksionele besluite 14.2 en 14.3)

21. Doop - weiering deur predikant

'n Predikant wat beswaar maak teen die toediening van die sakramente aan ongesensureerde lidmate van die kerk, handel teen die instelling en gewoontes van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika (V, 1837, p.139).

'n Predikant kan nie die predikants- en herdersamp in 'n gemeente in ons volksplanting waarneem solank hy nie bereid of geneë is om die sakramente aan onbesproke of ongesensureerde lidmate te bedien en dus ooreenkomstig die reglemente van die sinode in Suid-Afrika, en die gewoonte en instelling hier bestaande, te handel nie (V, 1837, p.138).

Na aanleiding van 'n geval waar die doop geweier is aan die kind van 'n lidmaat wat geen gebruik gemaak het van die openbare erediens nie, is besluit: "Die weiering van die doop van die kind van 'n lidmaat wat nie werklik onder sensuur gestel is nie, is 'n informele daad wat die vergadering nie kan goedkeur nie" (VIII, 1852, p.19).

In 'n ander geval het 'n lidmaat wie se kerklike voorregte hom drie maande lank deur die kerkraad ontsê is omdat hy/sy, ten spyte van herhaalde vermanings, nie gebruik gemaak het van die openbare godsdiensoefeninge nie, 'n klag ingedien dat die doop aan sy/haar kind geweier is. Hierop het die sinode geoordeel dat hy/sy hom/haar aan die predikant en kerkraad moes onderwerp (X, 1863, p.151).

22. Egskeiding en hertrou

- 22.1 Die huwelik word erken as 'n godgegewe instelling wat in sy wese onontbindbaar is, en daar bestaan nie werklik gronde vir egskeiding nie.
- 22.2 Alles moontlik moet in werking gestel word om 'n gesonde huweliks- en gesinslewe te bevorder.
- 22.3 In die lig van die Skrif behoort egskeiding nie onder Christene plaas te vind nie. Vir Christene is die uitgangspunt en enigste begaanbare weg nie egskeiding nie, maar huweliksherstel waarby alle weë, hulp, middele en raad ernstig, biddend en volhardend benut moet word in die geloof dat God se genade in Christus inderdaad sterker as die sonde is en ons geroep word tot versoening.
- 22.4 Indien volhardende en biddende herstellpogings, met die aanwending van alle beskikbare hulp, uiteindelik nie slaag nie en die gebrokenheid van die huwelik so ingrypend is dat 'n egskeiding nie voorkom kan word nie, moet dit ons tot diepe verootmoediging en skuldbelydenis bring in die wete dat selfs onder hierdie omstandighede dit nooit as God se wil vir die huwelik beskryf kan word nie, en daarom as 'n ramp beleef moet word.
- 22.5 Indien egskeiding dan tog op hierdie wyse onafwendbaar word, moet intensiewe pastorale begeleiding deur die kerk aangebied word, sodat egte berou betoon en vergifnis beleef kan word. Indien pastorale begeleiding nie tot berou lei nie, moet oorgegaan word tot toepassing van die tug.
- 22.6 Hertrou na egskeiding met iemand anders as die oorspronklike huweliksmaat, sou eties gesproke en in die lig van die bestaande skrifgetuienis moeilik as 'n algemene praktyk aanvaar kan word, en daarom moet so 'n stap met baie ernstige en verantwoordelike geloofsafhanklikheid voor God oorweeg word, omdat huweliksherstel ook na die egskeiding 'n prinsipiële moontlikheid moet bly.
- 22.7 Die sinode doen 'n ernstige beroep op sy ampsdraers om die slagoffers van elke huweliksontbinding met begrip en deernis pastoraal te begelei in die strewe na 'n sinvolle en gelukkige nuwe lewe, hetsy op hulle eie of in 'n moontlike volgende huwelik (Algemene Sinode, 1986, Handeling, p.605).

23. Egskeiding - hertoelating van geskeide predikant tot die bediening

Waar 'n persoon wat 'n predikant was en geskei is aansoek om hertoelating tot die bediening doen, word die volgende riglyne deur die betrokke instansies in ag geneem:

- 23.1 In elke geval moet met die grootste omsigtigheid te werk gegaan word en toegesien word dat die besluite van kerkvergaderinge m.b.t. egskeiding en hertrou behoorlik nagekom is.
- 23.2 Hierna kan hertoelating oorweeg word indien die betrokke persoon geskei is omdat sy vorige vrou (haar vorige man) owerspel gepleeg het en dit bo redelike twyfel bewys is dat hy(sy) die onskuldige party is.
- 23.3 Ander gevalle kan alleen oorweeg word waar geen huweliksontrou by die man(vrou) was of waar daar geen ergerlike omstandighede was nie.
- 23.4 Waar dit van toepassing is, geld die vereiste dat daar duidelike getuienis van hartgrondige berou en bekering is, dat die kerklike tug tot sy reg gekom het en dat die ampsherstel van die geskeidene sonder skade vir die kerk gedoen kan word. In hierdie opsig word veral

oorweginge soos tydsverloop, rugbaarheid, algemene ontevredenheid en die getuienis van die kerk in 'n tyd van toenemende egskeidings in aanmerking geneem.

23.5 Ander gevalle van herstel na afsetting op grond van ergerlike sondes word gedek deur artikel 66.3.3 van die Kerkorde (Algemene Sinode, 1974).

24. Ekumene

(Sien die Kerkorde 2002 art. 70 en besluit by art. 70)

25. Die Nederduitse Gereformeerde kerk en ander christelike kerke en groepe

25.1 Bepaling van die verhouding tot ander kerke en groepe

25.1.1 Die Woord van God is die primêre maatstaf en basis by die bepaling van die Ned Geref Kerk se houding teenoor en verhouding tot ander kerke en godsdienstige groepe.

25.1.2 Hoe 'n kerk die Bybel verstaan, die hoofsaak van die boodskap van die Bybel interpreteer en dit op die lewe toepas, staan uitgedruk in die kerk se belydenisskrif(te).

25.1.3 Die belydenisgrondslag wat die Ned Geref Kerk onderskryf en waaraan hy hom gebonde ag, is:

25.1.3.1 Die drie ekumeniese belydenisse, nl. die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius, wat die Ned Geref Kerk met die meeste ander christelike kerke deel.

25.1.3.2 Die drie Formuliere van Eenheid, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat die Ned Geref Kerk met 'n aantal gereformeerde kerke deel en wat die eiendomlike van die Ned Geref Kerk is.

25.1.4 Die Ned Geref Kerk se belydenisgrondslag is ondergeskik aan die Bybel en moet steeds daaraan getoets word.

25.1.5 Dit is nie voldoende dat 'n belydenis op papier staan of dat iemand dit op 'n stadium in die verlede onderskryf het nie. Daar moet ook gevra word of 'n bepaalde kerk en sy lidmate hulle daardeur gebonde ag en of die belydenis in 'n godvrugtige lewe konkreet word.

25.1.6 Die gesamentlike kriteria vir bepaling van die Ned Geref Kerk se houding teenoor en verhouding tot ander kerke en groepe is dus die wil van God Drie-enig soos in die Bybel weergegee, en weerspieël in

- die belydenis
- die Kerkorde
- die erediens
- die christelike lewenswandel, diens en getuienis.

(Sien agenda van die Algemene Sinode 1994 bl. 66 punt 14.2.1 tot 14.2.5 vir 'n bespreking van dié kriteria.)

25.2 Groeperinge van die Christendom

25.2.1 Om kerke en Christelike groepe in te deel, is moeilik omdat sekeres in meer as een

kategorie pas en ander nêrens. Verder moet daar rekening gehou word met die feit dat kerke nie staties is nie, maar gedurig besig is om te verander en dat sekere kerke gekenmerk word deur 'n patroon van wyduiteenlopende modaliteite wat onder een struktuur gehuisves word. Oor die aard en graad van die Ned Geref Kerk se verhouding tot onderstaande kerke word deur die Algemene Sinode beslis (vgl. ook 3.1.2, 3.1.4, 3.2 en 3.3).

25.2.2 Hier word uitgegaan van die groot groepering van die Christendom soos dit in die geskiedenis ontvou het, nl.

25.2.2.1 **Gereformeerde kerke**

Waaronder die Ned Geref Kerkfamilie, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Presbiteriaanse Kerke, die Church of England in Southern Africa en die Congregational Church.

25.2.2.2 ***Ander Protestantse kerke***

Waaronder die Lutherse kerke, die Church of the Province of South Africa (die Anglikaanse Kerk), die Methodist Church, die Baptiste Kerke (in onderskeiding van die Hatfield Christian Church/Centre) en die Evangelies Gereformeerde Kerk.

25.2.2.3 ***Pinkster en Charismatiese kerke***

Die pinkstergroepe, bv. die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, die Volle Evangelie Kerk, die Pinkster Protestantse Kerk en die Assemblies of God. Charismatiese groepe, bv. die Hatfield Christian Church/Centre en Rhema. Ander, bv. die Kerk van die Nasarener en die Sewende Dag Adventiste.⁵

25.2.2.4 ***Nie-Reformatoriese Kerke***

Waaronder die Rooms Katolieke Kerk en die Oosters Ortodokse Kerke.

25.2.2.5 ***Afrika Onafhanklike Kerke***

25.2.2.6 ***Ander groepe***

Waaronder die Jehovasgetuies, die Christian Science, die Church of Jesus Christ of the Latter Day Saints (die Mormone) en die Apostelkerke (die Ou Apostel Kerk, die Nuwe Apostel Kerk, die Apostel Eenheid, die Twaalf Apostels, ensovoorts).

25.3 **Praktiese toepassing van die kriteria**

25.3.1 ***Samewerking met ander christelike kerke***

25.3.1.1 Die Ned Geref Kerk sal alles doen om op 'n verantwoordelike wyse, sonder prysgawe van die eie standpunt, met ander Christelike kerke saam te stry vir die behoud van die christelike lewensbeginsels.

25.3.1.2 Die graad en wyse van samewerking sal in elke geval bepaal word deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkorde, erediens en siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk (vgl. besluit 25.1.6).

25.3.1.3 Ekumene moet deur alle kerkvergaderinge beoefen word te wete die Algemene Sinode,

⁵ Hierdie twee kerke word vir praktiese redes hier geplaas.

sinodes, ringe en kerkrade. Dit is nodig om te beklemtoon dat plaaslike ekumene op die agenda van elke kerkraad moet bly.

25.3.1.4 Die Algemene Sinode bepaal die beleid oor die aard en graad van ekumeniese verhoudinge (vgl. die Kerkorde art. 68 en die ekumeniese beleid, Algemene Sinode 1990, bl. 546 tot 549).

25.3.2 ***Verlening van kerklike voorregte sonder oordrag van lidmaatskap***

25.3.2.1 *Die doop*

25.3.2.1.1 Die doop word aan kinders van lidmate van kerke uit die eerste vier groeperinge, wat nie die verbondsdoop verwerp nie, bedien, mits hulle skriftelike verlof daartoe van die betrokke kerkraad of instansie van die kerk waaraan hulle behoort, ontvang het.

25.3.2.1.2 Lidmate van kerke uit die eerste vier groeperinge wat nie die verbondsdoop verwerp nie, kan, met toestemming van hulle eie kerkraad en na die dooponderhoud, toegelaat word om saam met hulle eggenoot/eggenote, wat lidmaat van die Ned Geref Kerk is, by te staan by die doopbediening van hulle kinders en ook op die vrae te antwoord.

25.3.2.1.3 Lidmate van kerke wat die verbondsdoop verwerp, persone uit groepering 5 en 6, asook mense wat Christus bely, maar nie formeel aan 'n kerk behoort nie, kan na die dooponderhoud toegelaat word om saam met hulle eggenoot/eggenote, wat lidmaat van die Ned Geref Kerk is, by te staan by die doopbediening van hulle kinders sonder dat die vrae aan hulle gestel word en hulle daarop moet antwoord.

25.3.2.1.4 Die kerkraad van 'n NG gemeente kan aan lidmate toestemming verleen om hulle kinders in 'n gemeente van 'n kerk uit die eerste twee groeperinge (vgl. 2.2.1 en 2.2.2) te laat doop.

25.3.2.2 *Die Nagmaal*

25.3.2.2.1 In gemeentes van die Ned Geref Kerk mag besoekers die nagmaal gebruik op voorwaarde dat hulle toegang en vrymoedigheid daartoe in hulle eie gemeentes het.

25.3.2.2.2 Die volgende sou as moontlike voorbeeld kon dien van 'n uitnodiging tot deelname aan die nagmaal:

Aangesien die kerk van Christus meer omvattend is as slegs hierdie gemeente word elkeen van u wat u persoonlike verlossing in Jesus Christus gevind het, in u eie gemeente toegang tot die nagmaal en vrymoedigheid daartoe het en wat u kan vereenselwig met die leer oor die nagmaal, soos dit in die formulier aan u voorgehou is, uitgenooi om aan hierdie nagmaalsfees deel te neem. Wie egter die genadewerk van God minag en tog deelneem, eet en drink 'n oordeel oor hulle self'.

25.3.2.2.3 In ekumeniese verhoudinge op sowel gemeentelike as sinodale vlak, word wedersydse toeganklikheid al dan nie van die betrokke kerke bespreek en dienooreenkomstige gedragswyses bepaal.

25.3.2.2.4 Lidmate van 'n NG gemeente kan op besoek in 'n ander kerk nagmaal gebruik, indien daardie kerk dit toelaat. Lidmate behoort dus voortdurend ingelig te word oor die sin van die nagmaal en die implikasies wat dit het vir die wyse waarop 'n mens as nagmaalsgas in ander gemeentes en kerke optree. Hierdie inligting kan verskaf word deur die prediking, die inkleding van die liturgie en die kategese.

25.3.3 ***Oorkoms na 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente***

25.3.3.1 *Algemeen*

25.3.3.1.1 Geloof in die God van die heilige Skrif soos dit in die Formuliere van Eenheid tot uitdrukking kom, is die enigste voorwaarde om aan 'n NG gemeente as gemeente van Christus te behoort.

25.3.3.1.2 Lidmaatskap van alle NG gemeentes is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar.

25.3.3.1.3 Die opneem van lidmate uit ander kerke is in beginsel en praktyk 'n gemeentelike aangeleentheid wat onder die toesig van die kerkraad en in ooreenstemming met die amptelike ordereëlings plaasvind.

25.3.3.1.4 In elke geval waar iemand uit 'n ander kerk of groep na 'n NG gemeente wil oorkom/terugkom, moet 'n deeglike pastorale gesprek gevoer word oor alle aspekte van die leer en lewe van so iemand (vgl. hier ook 1.6) en oor die beweegredes vir die aansoek.

25.3.3.1.5 Tydens hierdie pastorale gesprek moet rekening gehou word met die feit dat nie alle lede van 'n bepaalde kerk dieselfde geestelike ingesteldheid en geestelike peil het of dieselfde opvattinge huldig nie.

25.3.3.2 *Aanvaarding van doop*

25.3.3.2.1 Die doop van persone uit ander kerke word aanvaar mits dit

- geskied het in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;
- met water bedien is, en
- bedien is deur 'n persoon wat afgesonder is vir die bediening van die Woord en die sakramente.

25.3.3.2.2 Die doop van persone wat in een van die apostelkerke (waaronder die Ou Apostel Kerk, die Nuwe Apostel Kerk, die Apostel Eenheid en die Twaalf Apostels) gedoop is, word nie aanvaar nie.

25.3.3.3 ***Belydende lidmaatskap***

25.3.3.3.1 In die pastorale gesprek met persone wat uit kerke uit die eerste twee groeperinge van kerke na 'n NG gemeente wil oorkom, word gelet op punte van verskil in leer en lewe sodat die persoon die leer van die Ned Geref Kerk heelhartig kan onderskryf.

25.3.3.3.2 Van persone uit kerke uit groepering 3 en 4 word naas die pastorale gesprek ook gedeeltelike of volledige onderrig met belydenis van geloof voor 'n kommissie van die kerkraad of voor die gemeente vereis.

25.3.3.3.3 Persone uit die vyfde en sesde groeperinge moet 'n deeglike kategese deurloop en openbare belydenis van geloof aflê.

26. Geloftedag: viering van 16 Desember

In die lig van die besluite van die Algemene Sinode van 1990 oor Geloftedag, besluit die sinode dat:

- 26.1 die regte verstaan van die betekenis van Gelofte dag en versoening en vrede in Suid-Afrika met mekaar versoenbaar is;
- 26.2 16 Desember in die toekoms dus ook vanuit hierdie verstaan van die gelofte van 1838 gevier moet word; en
- 26.3 die instansies betrokke by die viering van die dag hierdie standpunt in ag moet neem (Algemene Sinode 1994).

27. Huweliksbevestigers

Die saakgelastigde doen aansoek by die owerheid om die aanstelling van predikante as huweliksbevestigers en behartig alle korrespondensie wat voortvloei uit sulke aansoeke (regl. 19:2.3).

28. Kerk - naam van kerke

Die Algemene Sinode besluit om nie meer die terme "moederkerk" en "dogterkerk" te gebruik nie.

Wanneer na die "moederkerk" verwys word, voortaan van die "Ned Geref Kerk" te praat.

Wanneer na bepaalde "dogterkerke" verwys word, sal hierdie kerke by hulle name genoem word.

Wanneer na die "dogterkerke" as groep verwys word, sal die terme "familie van Ned Geref Kerke" of "Ned Geref Kerk -familie" gebruik word (Algemene Sinode, 1982).

29. Kerklike lidmaatskap

29.1 Die Algemene Sinode bevestig dat dooplidmate en belydende lidmate op grond van die verbond volledig lidmate van die kerk is.

29.2 Die Algemene Sinode handhaaf die praktiese onderskeiding van dooplidmate en belydende lidmate om uitdrukking te gee aan die verskil in verantwoordelikhede rondom lidmaatskap.

29.3 Die Algemene Sinode besluit dat oordrag van lidmaatskap van een gemeente na 'n ander by wyse van attestaat sal geskied. Die attestaat is 'n getuigskrif van die kerkraad oor die lewe en leer van 'n belydende lidmaat tydens sy/haar verblyf in die gemeente. Die naam van 'n lidmaat wat gedoop is, word saam met dié van sy/haar ouer(s) op die attestaat vermeld. Indien dit nie moontlik is nie, word 'n dooppattestaat uitgereik as getuienis dat die lidmaat gedoop is en, indien moontlik, te getuig oor die lewe en leer van die lidmaat.

29.4 Die Algemene Sinode besluit dat die kerkraad die attestaat van die lidmaat in ontvangs neem en die pastorale verantwoordelikheid vir die lidmaat moet aanvaar. As sodanig het die kerkraad toesig oor die lewe en leer van die lidmaat. Die kerkraad moet toesien dat die lidmaat aktief meeleeft in die gemeente deur sy/haar gawes beskikbaar te stel tot opbou van die gemeente en die uitbou van die koninkryk van God in die wêreld.
(Handelinge 1998, p.454, 4)

30. Konsulent - en beroep

Indien 'n beroep op die konsulent uitgebring mag word, en hy staande die vergadering daarvoor bedank, mag die vergadering dadelik tot 'n tweede beroeping oorgaan (XIV, 1880, p. 23).

31. Nagmaal - bediening sonder onderskeid

Op 'n voorstel dat die nagmaal gelyktydig aan alle lidmate sonder onderskeid van kleur of afkoms bedien word, is eenstemmig besluit dat die voorstel as 'n onwrikbare stelreël, op die onfeilbare Woord van God gegrond, behoort aangemerkt te word, en dat bygevolg alle Christengemeentes, en elke Christen in die besonder, verplig is om in ooreenstemming daarmee te dink en te handel (III, 1829, pp. 71-72).

32. Nagmaal

32.1 Bediening van die nagmaal

32.1.1 Dit is die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad om toe te sien dat die nagmaal ordelik en in ooreenstemming met die Skrif geskied.

32.1.2 Die nagmaal word, behalwe by hoë uitsondering, in 'n erediens bedien.

32.1.3 Die kerkraad besluit oor die bediening van die nagmaal in sulke uitsonderlike gevalle.

32.1.4 Die volgende algemene riglyne word deur die kerkraad gehandhaaf in die bediening van die nagmaal buite die erediens:

32.1.4.1 Die kerkraad evalueer die meriete van elke aansoek.

32.1.4.2 Die Woord moet bedien word.

32.1.4.3 Die ware betekenis van die nagmaal word verduidelik, hetsy deur die formulier of andersins, sodat bygeloof uitgeskakel kan word.

32.1.4.4 Minstens een ampsdraer, verkieslik die wyksouderling, woon die nagmaalbediening by. Waar moontlik word gereël dat ander medegelowiges dit ook bywoon sodat die gemeenskapskarakter van die nagmaal bewaar kan bly. (Algemene Sinode 1994)

32.2 Oop of geslote

(Handelinge 1994, bl 434, 27.6)

32.3 Gereelde viering van nagmaal

1. Die Algemene Sinode bevestig 'n vorige besluit dat die volledige Christelike erediens beide Woordbediening en nagmaalviering insluit.
2. Die Algemene Sinode moedig gemeentes weereens aan om nader te beweeg aan die rigting van 'n weeklikse viering van die nagmaal. Die Algemene Sinode doen dit met die oortuiging dat dit die beste Bybelse praktyk is, dat die sakramente maniere is waarop God na ons kom en dat dit ook die woordbediening kan versterk.
3. Die Algemene Sinode is daarvan oortuig dat die meer gereelde viering van die

nagmaal 'n onbereikte ideaal sal bly indien die gemeente nie die geloofversterkende nut daarvan beleef nie. Gemeentes en liturje word aangemoedig om die volgende paar jaar besondere erns te maak met die inkleding van die nagmaal.

4. Die Algemene Sinode aanvaar dat wat betref die hoe van die viering van die nagmaal die gereformeerde tradisie nooit voorskriftelik was nie. Daar is in die Gereformeerde tradisie byvoorbeeld verskillende praktyke rondom die kommunie van die gemeente gangbaar. Die Algemene Sinode handhaaf die beginsel van vryheid, en versoek gemeentes om hulle in hul besluite hieroor te laat lei deur die beginsels van die Skrif en die wens dat die gemeente opgebou en gestig sal word deur die viering van die nagmaal. (Handelinge Algemene Sinode 2002, bl. 537: 2.2.4.2).

32.4 **Nagmaal in kleingroepe**

Aangesien daar by 'n toenemende aantal lidmate 'n behoefte is aan 'n nagmaalsbeleving in kleiner, meer intieme groepe, en daar geen Bybelse beswaar daarteen is nie, besluit die sinode dat nagmaal voortaan ook in kleingroepe in die gemeente bedien mag word onder dieselfde voorwaardes as wat in die gemeentes as geheel geld. (Handelinge Algemene Sinode 2002, bl. 537).

32.5 **Toelating van kinders tot nagmaal**

32.5.1 Die Algemene Sinode besluit dat:

- gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo,
- aan die vereistes van 1 Kor. 11 voldoen, en
- die begeerte het om nagmaal te gebruik, tot die nagmaal toegelaat mag word.

32.5.2. **Praktyk van toelating van kinders by die nagmaal**

Die Algemene Sinode besluit dat ter wille van die goeie orde en eenheid van die kerk die toelating van kinders tot die nagmaal op die volgende wyse geskied:

32.5.2.1 Kerkrade besluit wanneer die gemeente daarvoor gereed is. Die Algemene Sinode besluit om kerkrade te versoek om die gemeentes te begelei en toe te rus, en so tot gereedheid te voer vir toelating van kinders tot die gebruik van nagmaal as 'n gesinsmaal. Hierdie leiding moet op 'n pastorale wyse met groot liefde en toewyding gedoen word.

32.5.2.2 **Ouers se verantwoordelikheid**

Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders voortdurend te begelei en te onderrig in die volle rykdom van die betekenis van die nagmaal, net soos kerkrade die plig het om volwassenes te begelei.

32.5.2.3 Dit is die verantwoordelikheid van elke kerkrade om spesifieke reëlins te tref oor die wyse waarop die toelating plaasvind.

- 32.5.2.4 Die Algemene Sinode beklemtoon dat ouers hulle kinders moet begelei met die oog op die kinders se deelname aan die nagmaal en om die besondere geleentheid te benut om saam met hulle kinders die nagmaal te gebruik.
- 32.5.2.5 Die Algemene Sinode versoek kerkrade om deurlopend aandag te gee aan die toerusting en begeleiding van ouers sodat hulle hulle kinders kan begelei in die deelname aan die nagmaal.
- 32.5.2.6 Die Algemene Sinode besluit:
 - 32.5.2.6.1 By die toelating van kinders tot die nagmaal verval belydenisaflegging as toelatingsvoorwaarde vir die nagmaal.
 - 32.5.2.6.2 Die praktyk van kategese en belydenisaflegging word gehandhaaf in ooreenstemming met die vorige besluite van die Algemene Sinode.
(Handelinge 1998, bl. 432, 4)

32.6 **Kinders aan die nagmaalstafel**

- 32.6.1 Die Algemene Sinode handhaaf sy besluit van 1998 dat gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo, aan die vereistes van 1 Kor. 11 voldoen, en die begeerte het om nagmaal te gebruik, tot die nagmaal toegelaat mag word.
- 32.6.2 Die Algemene Sinode keur die volgende aanbevelings van die ASK (agenda 2002 p. 344) as beginsel-standpunt goed:
 - 32.6.2.1 Kerkrade het 'n deurlopende verantwoordelikheid om doop- en belydende lidmate toe te rus en te begelei vir die Christelike leer en lewe.
 - 32.6.2.2 Kerkrade het daarom ook 'n verantwoordelikheid om die besluit van die Algemene Sinode 1998 oor die toelating van kinders tot die nagmaal uit te voer. In hierdie proses moet daar deurlopende begeleiding van ouers en kinders plaasvind, omdat die ouers so 'n belangrike rol by die kind se sinvolle gebruik van die sakrament speel. Kerkrade kan hiervoor die prediking, kategese, die pastorale werk van predikant, ouderling en diaken en ander vorme van begeleiding, inligting en voorligting gebruik.
 - 32.6.2.3 Met betrekking tot die toelating van dooplidmate tot die nagmaal tref elke kerkraad toepaslike reëlins in die lig van plaaslike omstandighede. Wykskerkraadslede en/of kategete kan ook in die opsig saam met die ouers betrek word. (Handelinge Algemene Sinode 2002, bl. 552: 15/16).

33. **Nagmaalwyn**

- 33.1 Die Algemene Sinode handhaaf die standpunt dat gegiste wyn by die nagmaal bedien word.
- 33.2 Omdat die gebruik van gegiste wyn by die nagmaal gevare vir die gerehabiliteerde alkoholis inhou, kan daar op bepaalde plekke op elke skinkbord - of in bepaalde bekere - druiwesap vir hierdie lidmate beskikbaar gestel word.
- 33.3 In sy pastorale versorging wys die kerk die gerehabiliteerde alkoholis daarop dat hy hom sonder enige verlies van God se genade van die gebruik van wyn by die nagmaal kan onthou (Algemene Sinode 1986, Handelinge, p.602).

34. **Omruiling van standplase**

- 34.1 **Omruiing: Besluite van Algemene Sinode 1994:**
- 34.1.1 Predikante wat weens buitengewone omstandighede daartoe verplig word of wat 'n omruiling van standplaas begeer, kan in oorleg met die betrokke kerkrade reëlings tref vir die omruiling van hulle standplase.
- 34.1.2 Sodanige reëlings moet in 'n geskrewe ooreenkoms deur die betrokke kerkrade goedgekeur word waarna dit vir goedkeuring aan die ring/ringskommissie voorgelê word.
- 34.1.3 Hierdie ooreenkoms tot omruiling moet eers deur die betrokke ringskommissies goedgekeur word voordat uitvoering daaraan gegee mag word.
- 34.1.4 Kennisgewing hiervan word in die amptelike blad van die kerk gegee.
- 34.1.5 Die bepaling ten opsigte van die bevestiging van 'n predikant in 'n gemeente is ook hier van toepassing.
- 34.2 **Omruiing: Besluit van die Algemene Sinode 2002:**
- 34.2.1. Die Ned Geref Kerk aanvaar steeds die beroepstelsel as die normale en gewenste praktyk vir die plasing en wisseling van predikante.
- 34.2.2. In die lig van navorsing (Kerkspieël 6) moet erken word dat die groot oorvoorsiening van predikante en weinig vakatures, veroorsaak het dat die beroepstelsel tans nie die nodige gesonde rotasie van predikante teweeg bring nie. Daar is dus behoefte aan 'n aanvullende meganisme wat gesonde wisseling kan help bevorder.
- 34.2.3. Die Algemene Sinode het reeds die beginsel van standplaasruiling goedgekeur as 'n aanvullende meganisme (vgl. o.a. 1994). Standplaasruiling as 'n aanvullende stelsel kan help om die huidige probleme te hanteer, mits dit as volg gewysig word:
- 34.2.3.1 Die Algemene Sinode benoem 'n kommissie met die bevoegdheid om die omruiling van predikantstandplaas met verskillende sinodale gebiede te inisieer, te onderhandel en te finaliseer. Die Algemene Sinode adviseer sinodes om kommissies binne die sinodale gebiede saam te stel wat standplaasruilings binne die streke kan inisieer, onderhandel en finaliseer. Die algemene kommissie word saamgestel met een verteenwoordiger van elke streeksinode. Die voorsitter van die AKPB tree op as sameroeper.
- 34.2.3.2 Die Algemene Sinode versoek die kommissie om binne die raamwerk van die volgende uitgangspunte riglyne op te stel vir die implementering van die stelsel:
- 34.2.3.2.1 *Roeping:* In die proses van standplaasverwisseling moet die roeping van die predikant en die werk van die Heilige Gees in ag geneem word. Hierdie proses word gesien as een van die maniere waarop die Here predikante na gemeentes kan roep.
- 34.2.3.2.2 *Bona fides:* Bedieningsvernuwing en persoonlike omstandighede dien (onder andere) as bona fide redes vir verwisseling. Die betrokke partye oorweeg die meriete van die saak. Dit gaan om bona fide redes vir verwisseling van standplase. Die proses mag b.v. nie gebruik word om dreigende tughandeling te ontduik nie.
- 34.2.3.2.3 *Ooreenkoms:* Aangesien die predikant en kerkraad in 'n werksverhouding staan wat amptelik by wyse van kerkordebepalings gereguleer word, sal dit in die handelinge rondom verwisseling van standplase verreken moet word. Die regte en voorregte van

albei partye, die kerkraad en die predikant, sal in ag geneem moet word. Dit bied egter wel die geleentheid dat verwisseling by wyse van ooreenkoms gereël kan word (na analogie van art. 7 van die Kerkorde 2007). 'n Proses waarvolgens kerkrade en predikante 'n ooreenkoms tot verwisseling aangaan, waarvoor albei partye eienaarskap aanvaar, moet moontlik gemaak word.

- 34.3.3.2.4 *Verwisseling*: Die kerkverband en sinodale begeleiers dwing nie verwisseling af nie maar skep 'n geleentheid vir die partye tot verwisseling. Dit vervang nie die huidige beroepstelsel nie.
- 34.3.3.2.5 *Die Kerkverband*: Die kerkverband speel in die verband 'n bemiddelende en fasiliterende rol. Hier het ringe, sinodes en die Algemene Sinode elk 'n eie rol te vervul.
- 34.3.3.2.6 *Beroeping*: Die skriftelike ooreenkoms waartoe deelnemende partye kom om van standplaas te verwissel, is 'n geldige beroep en vereis nie 'n aparte beroepshandeling nie. Die ooreenkoms moet voor finale ondertekening vir twee agtereenvolgende Sondae vir approbasie aan die betrokke gemeentes voorgelê word. (Vgl. die analogie in reglement 6: 3.1.3.)
- 34.3.3.2.7 *Multilaterale verwisseling*: In gevalle waar 'n bilaterale passing nie bewerkstellig kan word nie, sou multilaterale passings oorweeg kon word.

34.4 Ter wille van die verdere ondersteuning van die nuwe stelsel versoek die Algemene Sinode die kommissie om ondersoek in te stel na 'n sisteem waarvolgens alle predikante in die reël na 7 jaar in 'n gemeente op 'n standplaasverwisselingslys kom. Die kommissie lewer hieroor verslag met aanbevelings aan die ASK in die interim.

(Handelinge Algemene Sinode 2002, bl. 444: 7.3.1)

35. Outeursreg en sangbundels

Die Algemene Sinode betuig instemming met die besluit van die ASK, nl.:

- 35.1 dat die algemeen-aanvaarde beginsel van tantieme by die gebruik van publikasies ook in die geval van kerklike sangbundels gehandhaaf word omdat dit onder andere die uitgewers geldelik in staat stel om voort te gaan om hierdie diens aan die kerk te lewer;
- 35.2 dat enige gemeente wat 'n seleksie van kerkliedere publiseer, hulle aan moontlike geregtelike vervolging blootstel;
- 35.3 dat gemeentes wat liedere op skerms wil vertoon, aan die volgende voorwaardes moet voldoen:
 - 35.3.1 hulle moet verlof by die uitgewer kry om die betrokke kerklied te mag vertoon op skerms of vertoonapparaat;
 - 35.3.2 gemeentes en ander kerklike gebruikers moet elektroniese pakkette of truprojektor-materiaal, indien beskikbaar, vir die vertoon van liedere by die uitgewer aankoop;
 - 35.3.3 gemeentes en ander kerklike gebruikers moet jaarliks 'n lisensiegeld aan die uitgewer betaal vir die voortgaande vertoonreg van kerkliedere wat self gereproduseer word.

(Handelinge 1998, bl. 403, 2.5.4)

35.4 Die Algemene Sinode versoek:

- 35.4.1 gemeentes om nie onwettige bundels saam te stel uit bestaande bundels van die kerk of uit ander bundels nie; om waar dit wel bestaan, dit nie langer te gebruik nie; om kopie- en outeursregte te eerbiedig;
- 35.4.2 gemeentes om die aangewese weg te volg vir die keuse en gebruik van nuwe of ander liedere en om nie ongekeurde liedere te sing nie.
(Handelinge 1998, bl 433, 6.5)
- 35.5 Die Algemene Sinodesinode bevestig sy besluit dat die nuwe *Liedboek van die Kerk* die amptelike liedbundel van die Ned Geref Kerk is en doen 'n beroep op al die gemeentes om dit met ywer te benut.
- 35.5.1 Die Algemene Sinodesinode moedig gemeentes aan wat liedere elektronies projekteer, om te verseker dat die nodige lisensie(s) uitgeneem is en jaarliks hernu word.
(Handelinge Algemene Sinode 2002, bl. 536: 2.1.1.3 en bl. 573: 8.3).
(Kerkorde 2007, besluit 24)

36. "Outonomie" van kerkrade en kerkverband

- 36.1 Die selfstandigheid van die *ecclesia localis* lê daarin dat hy *ecclesia completa* is.
- 36.2 Hierdie selfstandigheid moet nie gesien word as 'n outonomie in independentistiese sin nie.
- 36.3 Die optrede van die kerkraad word bepaal en beperk deur:
- * die *heilige Skrif*, en
 - * die kerkverband se besluite wat bindend is in soverre dit volgens die *Woord van God* is.
- 36.4 Hierdie besluite van meerdere vergaderings bly van krag totdat die onskriftuurlikheid of onkerkordelikheid daarvan bewys is.

Dit is die korrekte standpunt. Enersyds word hiermee die beginsel gehandhaaf dat Bybelse besware teen besluite van meerdere kerkvergaderings vryelik deur lidmate en mindere kerkvergaderings uitgespreek mag word; andersyds word benadruk dat sodanige besware op 'n kerkordelike wyse aanhangig gemaak en hanteer moet word; en totdat sulke besluite verander is, bly dit van krag. Wie dus nie sulke besluite kan aanvaar nie, moet bewys lewer dat dit strydig is met God se Woord. Hierdie reg en geleentheid kan volgens die Kerkorde geskied by wyse van appél, revisie en beswaarskrif.
- 36.5 Dit is baie duidelik dat geen lidmaat of kerkraad sinodale besluite mag ignoreer of hulleself daarvan distansieer nie.
- 36.6 Die belangrike vraag is dus: Hoe moet gehandel word met beswaardes (lidmate en mindere vergaderings)?
- 36.6.1 Mindere kerkvergaderings het hier 'n geweldige taak. Hier dink ons aan kerkrade t.o.v. lidmate en ringe tov kerkrade en ampsdraers. Verdraagsaamheid was nog altyd 'n metode, maar dan mag dit nie sodanig ontwikkel dat die indruk geskep word dat die betrokke besluite maar geïgnoreer kan word nie. In die geval van 'n wesenlike saak waar die besluit direk op pertinente skrifuitsprake en -beginsels berus en die

verdraagsaamheid gelei het tot wanorde, beroering en disharmonie, is dit moontlik dat tughandelinge ter sprake kan kom.

36.6.2 Hiervan mag uiteindelik nie teruggedeins word nie, maar natuurlik nie voordat sake uitgepraat en deurgebid is nie.

36.6.3 Lidmate het selfs die reg en weg om volgens die "Reglement vir die beslegting van kerklike geskille" (Kerkorde, 1986, p.53) op te tree wanneer hulle beswaard is oor besluite van kerkrade (Algemene Sinode 1986. Interpretasie van die ASK, Maart 1987).

37. Preekbeurte teologiese dosente

Die sinode besluit dat die sinodale besluit van 1863, wat bepaal het dat professore gereelde preekbeurte in die Stellenbosse gemeente moes waarneem om allerlei praktiese redes reeds nie meer na die letter uitvoerbaar is nie en dat die gees van die besluit steeds gedien kan word as die sinode sou besluit dat die gemeentes op Stellenbosch voortaan die dosente so gereeld moontlik nooi om preekbeurte waar te neem (Sinode, 1979).

38. Riglyne vir die beslegting van kerklike geskille

38.1 Ampsdraers en lidmate poog allereers om onderlinge konflik op 'n persoonlike en pastorale wyse op te los.

38.2 'n Kerkvergadering kan, waar konflik onder sy aandag kom, persone benoem om die oplossing daarvan te begelei.

38.3 'n Oplossing word bereik wanneer:

38.3.1 'n alternatief as oplossing vir die probleem gevind is wat vir al die betrokkenes aanvaarbaar is, of

38.3.2 die betrokkenes ooreenkom om ruimte vir mekaar te maak om van mekaar te kan verskil en met mekaar versoen.

38.4 In die hantering van konflik geld onder meer die volgende:

38.4.1 duidelikheid moet verkry word oor die presiese aard en omvang van die konflik;

38.4.2 alle betrokkenes moet volle geleentheid kry om hulle siening van die saak te stel;

38.4.3 die begeleier(s) tree altyd so op dat hy/sy nie by die konflik betrokke raak nie;

38.4.4 alle betrokkenes behoort hulle volle samewerking te gee om 'n oplossing te bereik;

38.4.5 die begeleiers rapporteer aan die kerkvergadering wat hulle benoem het;

38.4.6 'n kerkvergadering kan ook 'n ander kerkvergadering vra om die hantering van die konflik oor te neem.

(Handelinge 1998, bl. 462, 2.10)

39. Rassisme is 'n ernstige sonde wat geen mens of kerk mag verdedig of beoefen nie

Wie dit teoreties verdedig of prakties deur houding en handeling te kenne gee dat een ras, volk of groep volke inherent meerderwaardig en 'n ander ras, volk of groep volke inherent minderwaardig is, maak hom skuldig aan rassisme. Rassisme is 'n sonde wat geneig is om kollektiewe en gestruktureerde vorme aan te neem. Dit behels minagting en selfs haat vir die persoon van 'n medemens en is vir hom 'n struikelblok om sy goddelike bestemming (pligte en regte) menswaardig en verantwoordelik na te strew. Dit behels onderdrukking, verontregting, diskriminasie, botsings en geweld. Derhalwe verwerp die kerk rassisme in alle vorme as strydig met die Woord van God.

Dit beteken:

- * dat gesonde volksliefde wat gerig is op die skepping en bewaring van die eie volkskultuur, duidelik van rassisme onderskei moet word;
- * dat daar tegelykertyd 'n ope oog moet wees vir die gevaar dat volksliefde rassistiese trekke in hom kan opneem en tot 'n sondige verabsolutering van die eie volk en ras kan lei, met die gepaardgaande veragting van en diskriminasie teenoor ander volkere en rasse;
- * dat die kerk daarom alle vorme van rassisme waar dit ook al tot openbaring kom, as sondig moet afwys en bestry;
- * dat die kerk lidmate sal aanmoedig om die nodige respek en waardering te betoon vir die eie van elke volkskultuur; en
- * dat die kerk deur sy verkondiging die regte gesindhede moet skep wat rassistiese beskouinge, gesindhede, opmerkings en optrede sal teenwerk (*Kerk en Samelewing* 1990, paragrawe 110-115).

40. Regspersoonlikheid van die kerk

Dit word verklaar:

- 40.1 dat die kerk al sy inwendige sake ongehinderd kan reël,
- 40.2 dat die beginsel herhaalde male deur die geregshowe neergelê is dat die regbank hom nie mag bemoei met puur geestelike sake nie, en
- 40.3 dat die kerk in die oë van die staat as 'n regspersoonlikheid optree en dus, waar dit veral siviele regte geld, die beskerming van die staat geniet (XXV, pp.18, 140 van die skema).

41. Sakramente aan gevangenes

Die gebruik van die sakramente deur 'n ongesensureerde gevangene sal geskied ooreenkomstig die beginsels wat gehandhaaf word t.o.v. die gebruik van die bondseëls, te wete:

- 41.1 dat die sakramente deur 'n geordende predikant van die gemeente waarvan die gevangene(s) lidmaat of lidmate is, of 'n ander geordende predikant deur die kerkraad daartoe versoek, bedien sal word;
- 41.2 die kerkraad sal besluit dat daar 'n erediens gehou mag word waarin die sakramente bedien kan word binne die betrokke gevangenis nadat die verlov van die gevangenisowerhede daartoe verkry is;
- 41.3 dat die gemeente en kerkraad verteenwoordig sal word deur minstens een ouderling en een diaken sodat dit onder toesig en in teenwoordigheid van die ampte kan en sal geskied;
- 41.4 dat die bediening van die sakramente met die verkondiging van die Woord en die lees van die onderskeie formuliere gepaard sal gaan; en
- 41.5 dat die aantal kere wat die nagmaal aan so 'n gevangene bedien mag word, deur die kerkraad bepaal sal word (riglyne Algemene Sinode, 1982).

42. Salarisskaal van predikante

Die Algemene Sinode:

- 42.1 aanvaar dit as sy beleid en verantwoordelikheid om van tyd tot tyd 'n eenvormige basiese traktementskaal vir predikante by sinodes aan te beveel;
- 42.2 dra dit aan die AKF op om van tyd tot tyd te besin oor alle vergoedingsaspekte en die Algemene Sinode in dié verband te adviseer. Die AKF benoem 'n staande subkommissie om hom in hierdie verband te adviseer. Die AKF stuur sy besluite deur aan beide die skriba en die saakgelastigde van elke sinode;
- 42.3 versoek die sinodes om dit as hulle beleid te aanvaar dat die Algemene Sinode oor 'n eenvormige traktementskaal met 'n bepaalde dag van implementering besluit en dat sinodes daarna ipso facto daarby hou;
- 42.4 verwag dat sinodes, ringe en kerkrade hulle predikante volgens die goedgekeurde skaal sal besoldig en daardeur waak teen ongelyke behandeling;
- 42.5 Die Algemene Sinode gee die volgende riglyne:
 - 42.5.1 by die vasstelling van die bepaalde traktementkerf vir 'n predikant moet vorige ondervinding in kerklike en buitkerklike diens in aanmerking geneem word op die basis van ten minste een kerf vir elke twee jaar ondervinding;
 - 42.5.2 vir 'n predikant wat na voltooiing van die gebruiklike teologiese kursus (ses jaar akademiese vordering na matriek) voltyds met gevorderde teologiese of aanverwante studie voortgegaan het, erkenning verleen sal word vir die tydperk van onderbreking tot 'n tydperk van hoogstens twee jaar;
 - 42.5.3 vir proponente wat in diens tree, erkenning gegee word teen een kerf per jaar vir elke jaar verpligte militêre diens wat verrig word, ongeag wanneer hierdie militêre diens gedoen is - voor of na voltooiing van die teologiese studies;
 - 42.5.4 vir alle predikante 'n bonus betaal behoort te word gelyk aan die traktement van een maand;
 - 42.5.5 vir alle predikante die eerste diensjaar sal strek vanaf die datum van bevestiging tot aan die einde van die boekjaar in die volgende kalenderjaar, en
 - 42.5.6 beroepsbriewe behoort slegs te verwys na "volgens die skaal van die Algemene Sinode" en konsulente behoort mee te werk by die vasstelling van die toepaslike kerf (Algemene Sinode, 1982).

43. Simboliese gebare deur proponente

Die Algemene Sinode besluit dat proponente die simboliese gebare by die seëngroet en seën, wat gepaard gaan met die Woordbediening in liturgie en prediking, kan uitvoer.

44. Tentmakerbediening

44.1 Bestaande poste

- 44.1.1 Indien 'n gemeente nie finansieel in staat is om 'n bestaande predikantspos langer ten volle te dra nie, mag daar met inagneming van artikel 7.6 en die besluite by die Kerkorde artikel 12 (bedryfsvereistes) tot 'n tentmakerbediening oorgegaan word.

44.2 Nuwe poste

44.2.1 Indien 'n gemeente 'n behoefte het aan 'n verdere predikantspos in die gemeente, maar nie in staat is om 'n volle predikantspos te dra nie, mag daar tot die beroeping van 'n predikant vir tentmakerbediening oorgegaan word.

44.3 Prosedure vir implementering

- 44.3.1 Indien 'n kerkraad 'n bestaande gevulde pos na 'n tentmakerbediening wil omskep, beding die kerkraad 'n gewysigde diensooreenkoms met die betrokke predikant. 'n Verteenwoordiger van die ring is in adviserende hoedanigheid deel van hierdie onderhandelinge.
- 44.3.2 Indien 'n kerkraad oorgaan tot die omskepping van 'n bestaande vakante pos na tentmakerbediening of die skepping van 'n nuwe pos vir tentmakerbediening, vervat die kerkraad die vereistes, voorwaardes en diensvoordele verbonde aan die pos in 'n konsepooreenkoms. 'n Verteenwoordiger van die ring adviseer die kerkraad hierin.
- 44.3.3 Die kerkraad bring 'n beroep in ooreenstemming met die voorgeskrewe kerklike bepalinge en by wyse van 'n groslys uit. Die kerkraad sien toe dat die vereistes van die plegtige legitimasiEVERKLARING nagekom word en dat daar geen ooreenkoms of afspraak is nie. By oorweging en aanvaarding van die beroep, word uitvoering gegee aan die Kerkorde artikel 7.4 tot 7.6.

44.4 Sake wat die aandag van die kerkraad moet geniet by die implementering van tentmakerbediening

- 44.4.1 'n Tentmakerspos moet die karakter van 'n gewone predikantspos vertoon. 'n Tentmaker is 'n gemeentepredikant wat deelyds, soos ooreengekom, die ampspligte van artikel 9 van die Kerkorde onder lidmate van die gemeente of onder ander persone binne die gemeentegrense vervul.⁶
- 44.4.2 Die kerkraad moet te alle tye daarteen waak dat 'n tentmakerspos geskep en/of misbruik word bloot vir die verkryging/behoud van predikants-bevoegdheid of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry.
- 44.4.3 Tentmakersposte mag nie meer wees as die voltydse predikantsposte van die gemeente nie, tensy die gemeente slegs 'n tentmakerspos het.⁷
- 44.4.4 By die oorweging van 'n tentmakerspos, bepaal die kerkraad of dit nie eerder 'n pos vir pastorale hulp moet wees nie.⁸
- 44.4.5 Die kerkraad lewer voor die implementering van tentmakerbediening waarborg van genoegsame finansiële voorsiening vir die gemeente se kontraktuele deel van die tentmaker se lewensonderhoud. As 'n bedienaar van die Woord binne of buite die gemeente ondersteuners moet werf om in die gemeente se kontraktuele bydrae tot

6 Die begrip 'deelyds' verwys na die bediening van 'n predikant wat in 'n bepaalde gemeente bevestig is en wat volgens diensooreenkoms vir 'n vasgestelde gedeelte van sy tyd slegs 'n gedeelte van sy lewensonderhoud van die gemeente ontvang.

7 Die begrip 'heelyds' verwys na die bediening van 'n predikant wat in 'n bepaalde gemeente bevestig is en wat volgens dienskontrak sy volle lewensonderhoud van die gemeente ontvang.

8 'n Pos vir pastorale hulp, byvoorbeeld proponent of emeritus, moet nie be-skou word as 'n tydelike predikantspos nie, maar as 'n pos vir 'n kontrakwerker met 'n vooraf vasgestelde dienstermyn. Sodanige werkkragte word nie beroep en in die gemeente bevestig nie.

sy/haar lewensonderhoud te voorsien, kan dit nie as tentmakerbediening geag word nie (sien die Kerkorde artikel 13).

44.4.6 Tentmakerbediening staan met die werksaamhede van die gemeente in direkte verband. Dit mag nie gebruik word as dekmantel om 'n eie bediening of gevestigde praktyk of afsonderlike werksaamheid buite gemeenteverband te vestig of voort te sit nie.

44.4.7 Die tentmaker beoefen sy bediening deurentyd ooreenkomstig artikel 10 van die Kerkorde.

44.4.8 Die kerkraad sien toe dat 'n tentmaker se pensioenvoorsiening in orde is.

44.4.8.1 Indien 'n tentmaker ook in diens van 'n ander werkgewer staan, kan hy/sy met vooraf toestemming van die trustees van die sinodale pensioenfonds ten volle by die ander werkgewer se wetlik-goedgekeurde pensioenskema, groeplewensdekking en/of mediese fonds inskakel.

44.4.8.2 Indien 'n tentmaker nie in diens van 'n ander werkgewer staan nie, of in diens staan van 'n ander werkgewer wat nie oor 'n wetlik-goedgekeurde pensioenskema, groeplewensdekking en/of mediese fonds beskik nie, moet die tentmaker by die betrokke sinodale pensioenfonds, groeplewensdekking en/of mediese fonds inskakel. Die pensioenaandeel en/of lidmaatskap van die groepversekerings- en/of mediese fonds word deur die kerkraad gadministreer.

44.4.9 **Die wyse van diensbeëindiging**

Soos enige voltydse predikant in kerkdien word 'n tentmaker se verbintenis met 'n gemeente kontraktueel vasgestel tot op die datum waarop hy/sy 'n beroep na 'n ander gemeente/werkkring aanvaar (demissie) of totdat hy/sy die vasgestelde aftree-ouderdom bereik (emeritaat). Ander wyses van diensbeëindiging, soos van toepassing op 'n predikant wat ten volle deur 'n gemeente versorg word, is ook op 'n tentmaker van toepassing.

44.4.10 **Dienskontrakte met die ander werkgewer(s)**

By die aangaan van 'n diensooreenkoms met 'n tentmaker, bepaal die kerkraad sy voorwaarde(s) vir die tentmaker se diens aan die ander werkgewer(s). Die aangaan van alle toekomstige diensooreenkomste met ander werkgewers, moet vooraf deur die kerkraad goedgekeur word.

44.5 **Afvaardiging na meerdere vergaderings**

Kerkrade behoort nie onderskeid te maak tussen 'n tentmaker en 'n ander predikant wanneer die afvaardiging van 'n gemeente na meerdere vergaderings aangewys word nie, tensy verpligtinge deur die ander werkgewer opgelê, dit verhinder.

45. **Voortgesette toerusting en bedieningsopleiding vir predikante**

45.1 Die sinode herhaal sy beroep op kerkrade om op hulle koste aan hulle predikante die nodige studieverlof vir die bywoning van indiensopleidingsgeleenthede te verleen (Algemene Sinode 1978, 1982).

45.2 Die sinode moedig kerkrade aan om jaarliks R1000 per predikant te begroot vir voortgesette bedieningsopleiding (Sinode 2007).

46. Vrymesselary

- 46.1 Die Algemene Sinode vervang die besluite van 1962 en 1982 oor Vrymesselary en die kerklike tug met die volgende:
 - 46.1.1 Die Algemene Sinode herbevestig sy sterk afwysing van daardie beginsels van Vrymesselary wat onbybels is.
 - 46.1.2 Die Algemene Sinode versoek kerkrade om op 'n simpatieke wyse vrymesselaars daarop te wys dat die kerk nie anders kan nie as om te sê dat die beginsels van die vrymesselary onversoenbaar is met die beginsels van die evangelie. Daarom word op hulle 'n ernstige beroep gedoen om in die lig van hulle gewete hulleself af te vra of hul lidmaatskap van dié organisasie met hul lidmaatskap van die kerk en bekleding van die ampte versoen kan word.
- 46.2 Dit is die verantwoordelikheid van die kerkraad om die Bybelse vereistes vir die ampte konsekwent toe te pas (Algemene Sinode 1990).

WOORDVERKLARINGS*

1 BESKRYWINGSPUNT

'n Beskrywingspunt is 'n voorstel wat vooraf ingestuur is deur iemand daartoe gemagtig (vgl. regl. 17:8.4.1.8). Die indiener van 'n beskrywingspunt het spreekreg by die betrokke vergadering.

2 DISPENSASIE EN SUSPENSIE

Dispensasie is die tydelike vrystelling of kondonasie deur die sinode, en in een geval deur die ring van 'n sekere bepaling (bep. 15.1).

Suspensie is die opheffing deur die sinode van 'n sekere bepaling (b.v. die tydelike opheffing van 'n sinodale kollekte).

Suspensie sowel as dispensasie kan nie verleen word in sake wat die konstitusie, leer of tug raak nie, maar alleen in sake van administratiewe aard (bep. 35.3).

3 GESLOTE STEMWYSE

'n Geslote stemwyse is 'n wyse van doen waar die persoon wat die stem uitbring nie geïdentifiseer kan word nie.

4 KOMMISSIE

'n Kommissie is 'n groep kerkraadslede en/of lidmate deur die kerkraad met 'n bepaalde taak belas.

- 'n Permanente kommissie het 'n voordurende opdrag waarvoor gereeld verslag aan die kerkraad gelewer moet word.
- 'n Tydelike of ad hoc-kommissie het 'n tydelike opdrag en so 'n kommissie bestaan normaalweg totdat die opdrag afgehandel en aan die kerkraad verslag gedoen is.
- 'n Kommissie se samestelling, sy opdrag en voortbestaan is ten volle afhanklik van die besluite van die betrokke kerkvergadering wat hom in die die lewe roep en sy opdrag en lidmaatskap bepaal.

5 ONBESWAARDE INKOMSTE

Onbeswaarde Inkomste is die *volle* bruto inkomste, behalwe dit wat op versoek van die begunstigdes afgetrek word.

6 'N PUNT VAN ORDE

*

1. Hierdie woordverklarings geld, behalwe as hulle strydig is met die artikels van Die Kerkorde, die bepalinge van die NG Kerk in SA of die artikels van die reglemente van die Algemene Sinode en die NG Kerk in SA.

2. In 'n geval van moontlike teenstrydighede tussen die artikels, die bepalinge en die reglemente sal Die Kerkorde se artikels deurslaggewend wees, daarna die bepalinge en laastens die artikels van 'n reglement.

'n Punt van orde is bloot 'n persoonlike verduideliking.

7

SEKUNDUS

Sekundus is 'n lid wat optree met al die regte en voorregte van 'n primariuslid wanneer laasgenoemde verhinder word om sy/ haar pligte te vervul.

8

VERSOEKSKRIF

'n Versoekskrif is 'n dokument wat 'n versoek vervat. Dit is nie 'n geformuleerde voorstel nie en die indiener het nie spreekreg nie. 'n kerkvergadering kan na aanleiding van 'n versoekskrif 'n voorstel formuleer.

9

VOLSTREKTE MEERDERHEID

'n Volstreekte meerderheid is meer as die helfte van die stemme van die aanwesige lede.